U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0041149
111167757701220000019

„Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad van Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, nie eerder deur my vir 'n graad aan enige ander Universiteit ingedien is nie."

G. J. Krause
.................................

------------oOo-----------

II.

# DRANKPAGTE GEDURENDE DIE EERSTE HONDERD JAAR VAN DIE BEWIND VAN DIE N.O.I.K. AAN DIE KAAP.

deur

G I D E O N J A C O B U S K R A U S E, B. A.

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad M.A. in die
fakulteit Lettere en Wysbegeerte, aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
Bloemfontein.

1 9 5 5.

41149

-----------oOo-----------

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

T 968.103 Kra

U.O.V.S.—U.O.F.S.
41149
BLOEMFONTEIN

# VOORWOORD.

Hierdie verhandeling beoog 'n benadering van die ontstaan, groei en ontwikkeling van die drankpagstelsel gedurende die eerste honderd jaar van die bewind van die N.O.I.K. aan die Kaap. Die navorsing is uitsluitlik op argivale bronne en dokumentêre studie gegrond. 'n Diepgaande ondersoek het aan die lig gebring dat die drankpagstelsel 'n belangrike aspek van die ekonomiese ontwikkeling van die Kaap uitgemaak het. Die doel van hierdie werk is dus nie alleen om die ontwikkelingsgeskiedenis van die drankpagstelsel gedurende die eerste honderd jaar aan te toon nie, maar ook om daarop te wys dat dié stelsel 'n direkte uitvloeisel van die enge monopolistiese beleid van die Kompanjie was.

Graag wil ek langs hierdie weg diegene bedank wat my in hierdie taak bygestaan het. 'n Besondere woord van dank aan Dr. J.J. Oberholster vir sy simpatieke leiding en uiters waardevolle hulp. My innige dank ook aan my ouers wat deur hulle opofferinge my studie vir my moontlik gemaak het.

G.J. KRAUSE.

Bloemfontein.
Desember 1955.

# INHOUDSOPGAWE.

BLADSY.

VOORWOORD .................................... iii

H O O F S T U K  I.

DIE PAGSTELSEL AS UITVLOEISEL VAN DIE MONOPOLISTIESE BELEID VAN DIE N.O.I.K. ..... 1

H O O F S T U K  I I.

DIE PERIODE VAN BEVOORREGTE HERBERGIERS (1652-1664) ................................ 8

H O O F S T U K  I I I.

DIE PERIODE VAN DRANKLISENSIES (1665-1679) ... 25

H O O F S T U K  I V.

ONTPLOOIING VAN DIE KAAPSE WYNPAG (1680-1698) ................................ 43

H O O F S T U K  V.

STRYD EN BESTENDIGING (DIE WYNPAG VERVOLG 1699-1752) ................................ 72

H O O F S T U K  V I.

DIE BRANDEWYNPAG ................................ 106

Hoofstuk/...

BLADSY.

## HOOFSTUK VII.

DIE KAAPSE MOUTBIERPAG ......................... 117

## HOOFSTUK VIII.

ANDER PAGTE ................................. 138

A. Die „Vaderlandse"- of Ingevoerde-drankpag.

B. Die Stellenbosch- en Drakensteinpag.

C. Die pag van die plaas Rustenburg.

D. Die Rondebosch- en Valsbaaipag.

## HOOFSTUK IX.

DIE OPVEILINGSPROSES ........................ 162

BESLUIT EN SAMEVATTING ...................... 174

BYLAAG ..................................... 175

BIBLIOGRAFIE ............................... 190

----------oOo----------

VI

## INHOUDSMATES.

'n „Pimpeltje" was 'n klein glasie. (8 „Pimpeltjes" = 1 mutsie).

'n „Mutsie" was volgens 'n Duitse Kompanjiesamptenaar „einem gemeinen Trinckglass gleich."

| | | |
|---|---|---|
| 1 pint | = | 4 mutsies (0, 6L). |
| 1 halfaam | = | 64 mengel (76, 8L). |
| 1 aam | = | 1128 mengel (153, 6L). |
| 1 mengel | = | 8 of 10 mutsies. |
| 1 „oxhooft" | = | $1\frac{1}{2}$ aam (230, 4L). |
| 1 vat | = | 100 kanne |
| 1 kan | = | 1 liter. |

----------oOo----------

# H O O F S T U K  I.

## DIE PAGSTELSEL AS UITVLOEISEL VAN DIE MONOPOLISTIESE BELEID VAN DIE N. O. I. K.

Monopolie binne monopolie. Maksimum winste.
Direkte winste.

# HOOFSTUK I.

## DIE PAGSTELSEL AS UITVLOEISEL VAN DIE MONOPOLISTIESE BELEID VAN DIE N.O.I.K.

Vanaf 1652 tot 1795 was die Kaapkolonie aan die regering van 'n suiwer handelsliggaam, die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, onderworpe. Die grondslag van hierdie Kompanjie was monopolisties. Deur die oorspronklike oktrooi is aan hom die monopolie van die Nederlandse handel oos van Kaap en wes van die Straat van Magellaan toegeken. (1) In hierdie geweldig groot gebied het die Kompanjie met onverbiddellikheid sy monopolie gevestig: Hy het alle ander mededingers in die handel met die Ooste uitgesluit; hy het die intergewestelike handel in Oos-Indië uitsluitlik vir hom toegeëien deur die Engelse en Portugese te verdring en verder het hy alle winsgewende binnelandse ekonomiese aktiwiteite in bepaalde geweste gemonopoliseer. Nadat sy monopolie gevestig is, het hy hom ten alle koste en ten alle tye daarop toegelê om hierdie monopolie van die Oos-Indiese handel te handhaaf. So het die Kompanjie nie geduld dat die amptenare in die Ooste met hom, wat die handel betref, meeding nie en is selfs Jan van Riebeeck uit die diens ontslaan. (2)

Selfs/...

---

1. Vgl. Van der Walt, A.J., e.a. - Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 137.
2. Ibid., p. 141.

Selfs teen die einde van die agtiende eeu, toe dit duidelik geword het dat die monopoliestelsel die Kompanjie uiteindelik ten gronde moes bring, het hy nognie daaraan laat torring nie.

Deur die handhawing van die monopolie het die Direkteure van die Kompanjie daarna gestreef om die maksimum winste uit die handel met die Ooste te haal. Hierdie strewe na maksimum winste het hoofsaaklik twee aspekte ingesluit, nl. die verkryging van groot winste sonder veel moeite, of soos een skrywer dit stel, „de grootste mogelike dividenden uit te keren onder het aanvaarden van de kleinst mogelike verantwoordelikheid." (3) Tweedens sou die beginsel van direkte wins gehandhaaf word, d.w.s. geen omweg sou gevolg word waardeur wins uiteindelik gemaak kon word nie. „Maar 'n mens moet onthou dat hulle (aspekte) deur die Kompanjie in werklikheid nie van mekaar geskei is nie en in die nouste samehang met mekaar toegepas is, sodat hulle kumulatief 'n eenheidsbeleid gevorm het." (4)

Om die handel met die Ooste te vergemaklik en om die verliese wat deur die lang seereise gely is, te verminder, het die Kompanjie die Kaap gestig. Omdat die Kaap geen groot handelsmoontlikhede ingehou het nie, moes dit „met de minste costen ten meesten dienste van d' Ed.

Comp^e/...

---

3. Dominicus, F.C. - <u>Het Huiselik en Maatschappelik Leven van de Zuid-Afrikaner</u>, p. 2.

4. Van der Walt, e.a., <u>op. cit.</u>, p. 149.

Compe" bestuur word. (5)

Juis om hierdie rede is die Vryburgers ook later ingestel. Daarmee het die Kompanjie nie kolonisasie in die moderne sin van die woord beoog nie, maar het slegs getrag om die nodige voorrade vir hulle skepe teen die laagste pryse te bekom. Een skrywer merk hieroor treffend op:-

> „Throughout the whole period of the Dutch regime the Cape had been a purely mercantile settlement, in the hands of a monopolist company which looked upon burghers as a necessary evil." (6)

'n Ander persoon het weer gemeen die Koloniste was vir Here XVII

> „niet veel hoger ..... dan menselike machines, die juist soveel brandstof mogen verbruiken als nodig is om aan de' gang te blijven, doch ook niets meer." (7)

Kolonisasie het hulle dus gladnie aangegaan nie. „It was the trade with the East which constituted the main factor, the Cape being merely a means to that end." (8)

Daarom/...

---

5. Mem. en Instructiën der Commissarissen: C700, p. 106.
6. Laidler, P.W. - A Tavern of the Ocean, p. 107.
7. Dominicus, op. cit., pp. 2-3.
8. De Kock, M.H. - Economic Development of South Africa, p. 40.

Daarom moet dit dan ook nie veronderstel word dat die Kompanjie sy monopolie ten bate van die Vryburgers sou verkrag nie. Inteendeel, die Kompanjie het die grootste versigtigheid aan die dag gelê om sy monopolie te beskerm. Eerstens is die Vryburgers aangesê watter produkte hulle moes kweek en terselfdertyd is bepaal dat alles aan die Kompanjie teen vasgestelde pryse verkoop moes word. (9)

Tweedens het die Kompanjie 'n beleid van monopolie binne die groot monopolie gevolg. In gebiede soos die Kaap, Ambon, Banda, Batavia en Ceylon waar die Kompanjie nie slegs handel gedryf het nie, maar terselfdertyd meester van die land was, het die Kompanjie sekere ekonomiese bedrywighede wat min direkte voordele vir hulle ingehou het, en „als de Compagnie zich ontlasten wilde van het leveren van ..... artikelen," (10) aan partikuliere oorgelaat. So byvoorbeeld is in Oos-Indië sowel as aan die Kaap die reg om sekere artikels soos drank, vleis, tabak, sout ens. te verkoop of aan die Kompanjie te lewer, aan plaaslike indiwidue toegesê of soos dit algemeen bekend gestaan het, verpag.

Die/...

9. Vgl. Dagverhaal van Jan van Riebeeck, II, pp. 132-137.
10. Böeseken, A.J. - Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap, p. 104.

Die drankhandel aan die Kaap is 'n uitstekende voorbeeld van hierdie stelsel van monopolie binne 'n monopolie. Aan die begin van die sewentiende eeu het die Kompanjie reeds groot hoeveelhede Rynse en Franse wyne sowel as brandewyn na Batavia verskeep. Die owerhede aldaar moes sorg dra „dat sij deselve voort na den ontfangh publicquelijck aan de meestbiedende souden hebben te verkoopen en te gelde te maeken, sonder die te versenden of tot andere gebruiken te reserveren of diverteren, en daarvan een partinente reeckening herwaarts oversenden." [11] Die pagstelsel wat dan gedurende die bewind van die Kompanjie aan die Kaap so 'n belangrike rol in die finansiële en ekonomiese ontwikkeling gespeel het, het dus sy oorsprong in Oos-Indië gevind.

Aan die Kaap is aanvanklik die voorreg om drank in herberge te verkoop, gratis aan partikuliere toegeken. Daarna is sekere dranksoorte onder verskillende lisensies gegroepeer, waarvoor geen direkte betaling geëis is nie. Weldra het die Kompanjie egter in die toekenning van hierdie konsessies die moontlikheid van direkte winste gesien. Die reg om bepaalde dranksoorte te verkoop is verpag, en die pagte is in die publiek opgeveil. Die pagter het dan die voorreg geniet om bepaalde dranksoorte in kleinhandelhoeveelhede vir 'n vasgestelde tydperk te verkoop (gewoonlik één jaar), sonder dat enige persoon

hom/...

---

11. Stapel, Dr. F.W. - Beschrijvinge van de Oostindische Compagnie, Boek i, Dl. i, p. 644.

hom enigsins hierin kon benadeel. Hierdie pagte (wat trouens alle lewensmiddele ingesluit het), het dan ook gedurende die agtiende eeu die grootste bron van inkomste aan die Kaap geword. Die gedurige wysigings wat aan die pagte aangebring is, was hoofsaaklik daarop gemik om die inkomste nóg groter te maak. Dit is dan ook al wat ten gunste van hierdie stelsel aangevoer kon word, want andersyds het dit 'n monopolie in die hand gewerk wat slegs deur 'n paar persone beheer is. Op hierdie wyse is privaat inisiatief eenvoudig doodgesmoor.

Die gevolg van hierdie stelsel was, soos dit trouens met alle monopolies die geval is, dat die onbevoorregte persoon (onbevoorreg in die sin dat die kleinhandel vir hom gesluit was) sy toevlug tot smokkelhandel moes neem om sy inkomstes te vermeerder, want die normale handelskanale was verstop. Daar was wel die bevoorregte pagters, maar hulle was gewoonlik deur vasgestelde pryse aan die Kompanjie gebind; hulle was eerder agente vir die Kompanjie as privaathandelaars. Die smokkelhandel is verder in die hand gewerk deur die karige salarisse wat die amptenare ontvang het. So praat 'n reisiger van die bedekte vorm van smokkelary wat as „koophandel" bekend gestaan het: „De meeste huisgezinnen aan de Kaap bestaan van den Koophandel, die zij met de Schepelingen drijven ..... " [12] Een van die invloedrykste Kapenaars merk self in 1805 op:

De/...

12. Stavorinus - Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, Boek iv, Dl. ii, p. 141.

„De handel, wij erkennen het, word hier gedreven op de alleronregelmatigste wijse; - er is geen behoorlijk sijsthema van handel - een ieder loert maer op de eene of andere voorkomende omstandigheid, om zoo als men het noemt, een coup te doen." (13)

Nie alleen het die pagstelsel smokkelhandel in die hand gewerk nie, maar 'n ander gevaarlike wanpraktyk oopgestel, nl. dat bevoorregte persone wat terselfdertyd produsente was, die pagte in die hande kon kry en hulle in staat sou wees om die ganse beperkte mark te monopoliseer. Hierdie gevaar het veral onder die bewind van Goewerneur Willem Adriaan van der Stel werklikheid geword.

------------oOo------------

13. Van Rijneveld, W.S. - Schets van de Staat der Kolonie 1805, Z.A. Tijdschrift, No. 1, 1831, p. 380.

# HOOFSTUK II.

## DIE PERIODE VAN

## BEVOORREGTE HERBERGIERS.

(1652-1664)

Eerste herberge. Algemene drankoortredings. Smokkelhandel. Drank moet van Kompanjie gekoop word. Pryse vasgestel.

# HOOFSTUK II.

## DIE PERIODE VAN BEVOORREGTE HERBERGIERS.
## (1652-1664)

In die vroeë dae van seilskepe was die voorsiening van vars water op lang seereise, een van die grootste probleme vir skeepslui. Die water het bederf en siektes van allerlei aard was die onvermydelike gevolg. Onder dié omstandighede het wyn met 'n lae persentasie alkohol 'n uiters belangrike rol as plaasvervanger van water gespeel. In Conrad Knuthman se „Medulla Destillatoria et Medica," wat gewoonlik deur skeepskapteins as mediese handleiding gebruik is, word dan ook 'n besondere hoofstuk aan „Des Weins gute Tugenden," gewy. (1)

Toe die verversingspos aan die Kaap gestig is, is aan Jan van Riebeeck geen formele instruksies i.v.m. die voorsiening van wyn aan die verbygaande skepe gegee nie. Dit is egter bekend dat die Direkteure geïnteresseerd was in die voorsiening van vars wyn aan hulle skepe en dat dit 'n probleem was wat hulle heelwat hoofbrekens besorg het. Ook vir Jan van Riebeeck het dit veel sorg gebaar. Aanvanklik het hy en sy familie en al die amptenare hulle etes in 'n gemeenskaplike vertrek in die Fort genuttig. Hier is ook passerende skeepsoffisiere, skeepslui en koopliede ontvang. Behalwe die drankrantsoene wat aan die amptenare gegee is, was drank alleen aan Van Riebeeck se tafel bedien. Dit was natuurlik ingevoerde wyn en dit het die koste van sy huishouding geweldig verhoog, want afgesien van die drank wat hy aan die amptenare en skeepslui aan

tafel/...

1. Vgl. Leipoldt, C.L. - Three Hundred Years of Cape Wines, p. 15.

tafel bedien het, kla Van Riebeeck dat die besoekers alles wat hulle moontlik kon wegdra - borde, servette, doeke ens. geneem het met die verstandhouding dat dit alles die eiendom van die Kompanjie was. In 1654 het Jan van Riebeeck dus by die Here XVII aanbeveel dat 'n herberg opgerig word om sy tafel van die ekstra monde en die uitgawe wat daarmee gepaard gegaan het, te vrywaar. Hy beveel aan dat die herbergier sy voorraad van die Kompanjie se pakhuis en tuin moet ontvang teen sekere vasgestelde pryse; sy tafel sou dan slegs vir skeepsoffisiere, handelaars en boekhouers beskikbaar wees. (2)

Blykbaar het hy geen genoegdoening van die Direkteure gekry nie, want die volgende jaar kla hy weer dat behalwe die skeepskapteins en offisiere, hulle vrouens en kinders hulle by hom aan huis aan verversinge gehelp het,

> „tot grooten aanval van deselven sware oncosten voor d'E: Compe. ende niet weijnigh consumptie in de besten provisie wijn ende mitsgaders geen cleijne onvrijigheijdt ende moeiijelijckheijdt voor't opperhoofft." (3)

Om hom van al hierdie moeilikhede te vrywaar, beveel hy weereens 'n herberg aan

> „een ordinaris ..... omme aldaar elck voor zijn gelt te laten tracteren van een waert die sijn behoeften ten dien eijnde voor gelt uijt 't magasyn soude halen." (4)

Die verdere feit dat matrose dikwels in Holland gekla het oor die „sobre verversinge" wat aan

die/...

2. Vgl. Uitg. Br. 21 Aug. 1654: C493, p. 292.
3. Uitg. Br. 28 April 1655: C493, p. 401.
4. Ibid.

die Kaap bekombaar was, „ ..... voorgevende dat alles meest voor de kajuijt is, sonder datter voor de Matroosen veel van overschiet ..... ," (5) het Here XVII laat besluit „ons hierin wat beter te gerust ende 't voorsz: volck met meerder fondament in ongelijck te stellen." (6)

Nog voordat die besluit van die Direkteure die Kaap bereik het, word daar reeds deur die Politieke Raad geresolveer dat 'n herberg,

> „met den alder eersten bequame gelegentheijt buijten de fortesse te laenten maecken ende een goet persoon te previligeren herbergh te houden om ijder nae sijn gelegentheijt voor haer gelt te tracteren soo wel met eeten ende drincken als behoorlijcke huisvestinghe, ..... " (7)

As gevolg hiervan word in Mei 1656 aan „Anneke de Boerin," die vrou van die baas-tuinier, verlof toegestaan om 'n herberg te hou, veral aangesien, „deselve seer is clagende dat vermits met acht kinderen beladen sit op haer mans costgelt (4 R sijnde) alleen gansch niet sal cunnen met al de kinderen leven," en verder omdat, „menende sij genoeghsaem een vrije vrouwe

te/...

---

5. Ink. Br. 16 Apr. 1658: C 409, p. 1038.
6. Ibid.
7. Res. 1 Mei 1656: C1, p. 168.

te wesen, ..... " (8) Hierdie konsessie is provisioneel aan haar toegestaan, „ter tijt sich ijmant om sulx te doen in vrijdom sal aanbieden." Vir haar voorreg om drank te verkoop sou sy niks betaal nie, dog haar drank sou sy van die Kompanjie se magasyn moes koop,

> „ende subject te blijven soodanighe verdere belastinghen offte impositien ende ordonnantien als metter tijt ten meesten dienste van de Comp[e] sal bevonden worden te vereijschen ten eijnde in tijt ende wyle daer als oocq uijt eenighe ander saecken d'E: Comp[e] haer gevende cost ende maent gelden op reecq[e] alhier mochten vinden, sonder van node te sijn ten dien eijnde meer contanten uijt 't vaderlandt te ontbieden &c[a]." (9)

Die pryse wat sy moes betaal sou soos volg wees: Spaanse en Franse wyn kon teen 30 stuiwers per „Flapcan," plus 10 stuiwers belasting (op elke kan) ingekoop word by die Kompanjie se magasyn en sy kon dit weer teen f1 per pint of f2 per „mingel"

verkoop/...

---

8. Res. 18 Mei 1656: Cl, p. 172. Hendrik Boom, haar man was seker een van die kapitaalkragtigste burgers aan die Kaap gedurende die eerste 10 jaar, want hy het tussen sewentien- en agtienhonderd gulde by sy vrywording besit en het ongelukkig „een seer goet huijs gebout en al sijn welvaren daeraen te cost gehangen." Vgl. Dagvh. III, p. 78 (20 Mei 1657). Twee jaar later het die huis per ongeluk afgebrand. Vgl. Dagvh. III, p. 288 (16 Okt. 1658).

9. Ibid.

verkoop. (10)

In September van dieselfde jaar volg 'n tweede toekenning, toe van Goens aan Jannetjen Boddijs van Doesburgh, sersant Van Harwarden se vrou, „vermits met kinderen belast is ende sich niemand noch tot vrydom heeft begeven," (11) verlof gegee het om 'n herberg te hou. Sy het die voorreg ontvang op dieselfde voorwaardes wat vir Annatje Boom gegeld het, „edoch met wel expresse interdictie dat se niemant van 't forts volcq sullen mogen debaucheren nochte tappen bijsonderlijck op dagen ende tijden wanneer deselve haer werck ende dienst hebben waer te nemen ..... " (12) Op hierdie stadium het sy nog geen geskikte plek gehad waarin sy mense kon huisves en trakteer nie, gevolglik is „buijten aen de noortsijde van 't fort gedeelte van 't oude schapenstal voor eerst ende by provisie soo veel doenlijck op comp$^{s}$ costen is bequaem gemaeckt." (13) Sy sou vanaf November f5 jaarliks huur betaal. (14)

Dit/...

---

10. Ibid. „Mengel: eene vroeger in gebruik zijnde vochtmaat van verschillende grooten; nu nog in Friesl. i.g. in de bet. van kan, liter." Vgl. Kuipers geïllustreerd Woordenboek der Nederlandsche Taal, p. 866, of: „Soms is een mengelen nagenoeg 1 liter, soms meer." Woordenboek der Nederlandsche Taal, Vol. IX, p. 521.

11. Res. 30 Sept. 1656: C1, p. 188.

12. Ibid.

13. Res. 10 Okt. 1657: C1, p. 253, en vgl. Pl. 15/16 Okt. 1657: C680, p. 77.

14. Ibid.

Dit blyk later dat daar heelwat onreëlmatighede in die omgewing van die Fort plaasgevind het, aangesien daar dikwels „heele nachten langh groot geraes ende inordentie houden met dobbelers, spelen, droncken drincken etc." (15) As gevolg van hierdie onreëlmatighede sou slegs die sersant van Harwarden, in die vervolg toegelaat word om binne die Fort en in die onmiddellike omgewing daarvan drank te verkoop, (16) en daarmee het hy die voorreg behou wat aan sy vrou vroeër toegeken is.

Later is die sersant nog verder bevoordeel deurdat Jan van Riebeeck deur Here XVII beveel is om hom in sy onderneming te help en om sowat 50 Roede vanaf die Fort 'n woonhuis te bou. Die Kompanjie moes daarvoor „verstreckt soo wel gagie van de arbeijders als de materialen selffs in reecqueninge brengen, om sulx 't sijner tijt door hem ofte die in sijn plaetse quam, betaelt te worden." (17)

Kort voordat Jan van Harwarden sy vrywording aanvaar het, is hy dood. Sy huis was nognie klaar gebou nie, dog sy vrou het die huis voltooi en dit, soos te verwagte is, gebruik om „een capitale ordinaris herbergh te houden voor hooge en leege officianten," op voorwaarde dat sy haar vir drie jaar lank gebind het om aan die Kaap te bly. (18)

Hoewel/...

---

15. Pl. 15/16 Okt. 1657: Origineel Plb. C680, p. 77 en Kaapse Plb., i, p. 3.
16. Ibid.
17. Rapp. en Instr. der Commissarissen: V.C.36, p. 112 (16 April 1657).
18. Uitg. Br. 26 April 1659: C493, p. 985. 'n „Ordinaris taefel" of „-herbergh" het die reg ingesluit om wyn by die klein maat te verkoop.

Hoewel die voorwaardes waarop die vergunning om herberge te hou wat aan hierdie vrouens toegestaan is, bepaal het dat hulle alleen van die Kompanjie se magasyn drank moes koop, is hulle tog oogluikend toegelaat om van passerende skepe drank te koop. Hulle het baie hoë pryse betaal tw. tussen 20 en 30 Rds., maar desnieteenstaande nog groot winste gemaak - soms selfs tot f30 per anker.(19) Aan die een kant het Jan van Riebeeck hulle nie kwalik geneem dat hulle sulke groot winste gemaak het nie, want, so redeneer hy, hoë pryse vir sterk drank kon dronkenskap teenwerk. Aan die ander kant het hy beswaar gemaak teen die feit dat groot somme geld die land uitgegaan het aangesien so baie drank van besoekende skepe gekoop is en sodoende die geldvoorrade uitgeput geraak het. Offisieel word daar gekla dat „gelt hier van de Caep telckens wert wegh gesleep ende d'Edele Compagnie ingevolge al genootsaeckt soude blijven dese plaetse alle jaren met werkelijcke sommen te provideren."(20)

Vyftien maande nadat van Goens die toekenning aan dié twee vrouens gemaak het, versoek die Kompanjie se „opper-chirurgijn," Jan Vetteman, om in vrydom gestel te word, en bo en behalwe al die voorregte waarom hy vra, versoek hy o.a. „dat ick sal mogen de vrije tapneringe doen ende daer beneffens vrije taeffel houden voor alle hooge ende laege staetspersonen, niemant uijtgesondert, ... " vir 'n proeftydperk van drie jaar

en/...

---

19. Vgl. Res. 9 Des. 1656: Kaapse Plb., i, p. 22
20. Res.: Cl, p.p. 113-114.

en daarna om vir twaalf jaar verbind te word. (21) Hy het sy vrydom ontvang, asook die voorreg om 'n herberg te hou, dog hy moes al sy benodighede by die Kompanjie teen kontant koop. (22)

Reeds gedurende die eerste tien jaar het die Vryburgers 'n belangrike rol in die wynhandel van die Kompanjie gespeel. Die voorreg om drank by die klein maat te verkoop, is soos reeds aangetoon in die vorm van die toekenning van 'n herberg te hou gemaak aan geprivilígeerde persone; hierdie bevoorregte herbergiers was die voorlopers van die latere uitsluitlik gelisenseerde en nog altyd bevoorregte vryburgers, wat uiteindelik ontwikkel het tot die drankpagstelsel waardeur geen besondere persone bevoorreg is nie.

Kort na die instelling van die eerste Vryburgers, het die drankhandel 'n verdere ontwikkeling ondergaan toe Christiaan Jansen van Hoesum en Pieter Cornelisz van Langesont se aansoeke om vrye burgerskap goedgekeur is. Ten gevolge van die feit dat daar 'n gebrek aan trekosse was, is aan hulle die reg verleen om wildskutte te word. Hulle het dié monopolie behou, dog kon nie genoeg hierdeur verdien nie. Hoewel een van die bepalings van Van Goens met die instelling van die Vryburgers was dat hulle nie toegelaat sou word om drank op hulle eie gronde te verkoop nie, (23) is die toegif tog aan bogenoemde twee gemaak om „een tapjen ..... (te) stellen," op voorwaarde dat hulle die benodigde drank van die Kompanjie sou koop. (24)

Die/...

21. Res. 17 Des. 1657: Cl., pp. 271-272, en vgl. Dagvh., ii, pp. 301-303.

22. Ibid.

23. Dagvh. 21 Feb. 1657: Dl. ii, p. 136.

24. Vgl. Res.: 30 Junie 1657.

Die vernaamste besoekers aan die kroeë was die matrose, soldate en die Kompanjiesamptenare. Drankmisbruik by hierdie mense het geen geringe probleme vir die Kompanjie opgelewer nie.

Wat die matrose betref, merk een skrywer op:

> „How these jolly fellows ever found their way back to their ships remains a mystery: even when the kettledrums were sounded throughout the valley as a signal to go aboard, many of them decided "om nog eens gestooft te worden," and they repaired again to the nearest tavern leaving devastation and desolation in their wake." (25)

Vanaf die begin van die agtiende eeu het 'n regulasie bestaan dat die kaptein van 'n skip 48 uur voordat monsterrol geneem is, 'n kanon moes laat afvuur as teken dat die skip oor twee dae sou vertrek. Enige matroos wat agtergebly het, sou deur die laksman se handlangers in kettings geslaan word, 6 maande lank na Robbineiland verban word om harde arbeid uit te dien en terselfdertyd sou hy 3 maande se salaris verbeur.(26)

Plaas dat die matrose na hulle klein kwartiere in die skepe teruggekeer het, het hulle in die tapperye gebly en daar gedrink totdat hulle bedwelmd was. Daar was geen sprake van die voorkoming hiervan nie; die verlies wat die Kompanjie gely het a.g.v. losbandigheid en verkwisting deur die

matrose/...

---

25. De Kock, V. - Those in Bondage, p. 88.
26. Res. 5 Sept. 1719: C13 en V.C.6: Dagvh. 7 Jan. 1671.

matrose en amptenare was nooit te vergelyk met die profyte wat gemaak is deur die verkope van drank nie - die effek hiervan is nooit in aanmerking geneem nie. Die enigste poging wat op hierdie stadium aangewend is om die situasie te verbeter, was toe daar in Augustus 1658 besluit is om die ou gebruik nl. om brandewyn te gee aan diegene wat op wag gestaan het, weer te herstel, sodat hierdie persone minder geneë sou wees om hulle „kostgeld" in die tapperye te spandeer. (27)

Ten opsigte van drankoortredings en misbruik het die aksent telkens op die ontheiliging van Sondae geval. So vind ons dat

> " ..... tot groot leetwesen vernemen (die Politicke Raad), dat haer vele niet ontsien selffs op Sondagen, soo wel als andere tijden seer schandelijck te verloopen met droncken drincken ende debaucheren mitsgaders alsoo den dach des Heeren godtlooselijck te onthheijligen." (28)

In die vervolg sou geen tapper toegelaat word om drank gedurende godsdiensoefening te verkoop nie - die boete teen oortreders sou 3 Reale beloop. (29)

In 1665 volg daar weer 'n verbod teen Sabbatskennis (en hiermee is plakkaat 10 Julie 1651 weer herhaal), om te verseker dat alle persone by die Fort teenwoordig moes wees om dit te beskerm, indien

vyande/...

---

27. Vgl. Laidler, <u>op. cit</u>., p. 28.
28. <u>Pl</u>. 10 Julie 1657: <u>Orig. Plb</u>. C680, p. 70.
29. <u>Ibid</u>. Hierdie plakkaat is weer op 18 Des. 1661, 26 Junie 1666 en weereens op 1 Julie 1670 hernu.

vyande 'n aanval op die Kaap sou maak. (30)

'n Ander misbruik was die gewoonte om klere as betaalmiddel vir drank te gebruik. Daar word gekla hoe

> „gans leelijck den gemenen man alhier haer goet (op reeckening crijgende tot cledinge ende nodige verschoninge) voor halff gelt, jae veel minder aff te troggelen ende coopen gelijck sulx noch onderdaeghs gebleecken is en 't welck niet alleene een vuijle woecker zij: nemmer oock is streckende om den gemene volcke gansch en gaer uijt te suijpen en altijts soo naeckt ende bloot te houden dat de selve nimmermeer voor de coude een cleet aen't lijff souden crijgen offte behouden, ..... " (31)

Iemand anders het dit ook baie treffend uitgedruk:

> „Many of these men were cruel enough to take the clothing off the back of a poor man at one half its value, in payment for liquor, leaving him naked as well as drunken." (32)

Alle persone is vervolgens verbied om klere as betaalmiddel vir drank te ontvang. Persone wat betrap word, sou nie alleen die klere verbeur nie, maar kon hulle ook 'n boete van 10 Reale op die hals haal. (33)

Dronkenskap/...

---

30. Pl. 15/16 Jan. 1665: Kaapse Plb., i, p.p. 84-85. Volgens die Dagregister is hierdie plakkaat op 17 Jan. uitgevaardig.
31. Pl. 18 Des. 1661: Orig. Plb. C680, p. 177.
32. Laidler, op. cit., p. 28.
33. Vgl. Pl. 1 Jan. 1657: Kaapse Plb., i, p. 23 en is weer op 20 Julie van dieselfde jaar hernu.

Dronkenskap en losbandigheid van die matrose, amptenare en ingesetenes het die outoriteite veel sorg verskaf en het in so 'n mate toegeneem dat die amptenare telkens deur wetgewing buitensporighede aan bande moes lê. 'n Voorsorgmaatreël wat tappers moes neem om gevegte en onluste te voorkom, was om op alle messe van gaste beslag te lê. (34) Indien enige persoon gewond sou word, moes die herbergier of een van die gaste binne 'n uur na die geveg die saak by die fiskaal rapporteer, en indien hy in gebreke gebly het om sy plig na te kom, sou hy met 40 Reale beboet word. Wanneer 'n moord gepleeg is, moes die moordenaar so gou moontlik „in apparentie" gehou word, sodat hy aan die owerhede uitgelewer kon word. By versaking hiervan sou die boete 200 Reale beloop. (35)

Geen amptenaar sou toegelaat word om 'n groter skuld as 6 stuiwers by enige plek aan te gaan nie, veral „tot preventie en voorcominge van debouche." (36)

Na „besette wag" (dit is 9.30 nm.) sou geen tapper toegelaat word om drank te verkoop nie. 'n Kompanjiesdienaar of soldaat wat na 9 uur saans sonder toestemming van sy owerheid of offisier in 'n herberg of iewers anders tuisgegaan het, sou met 6

Reale/...

---

34. Vgl. Pl. 10 Julie 1657: Orig. Plb. C680, p. 70.
35. Pl. 18 Des. 1661: Orig. Plb. C680, p.p. 176-177.
36. Ibid., p. 177 en is weer op 26 Julie 1666 en 1 Julie 1670 herhaal.

Reale beboet word en 50 houe slae ontvang. (37)

Van Riebeeck se vrees dat drankhandel besonder aantreklik vir baie persone sou wees, was heeltemal 'n korrekte siening. Die inkomste wat die Kompanjie uit die belasting van drankverkope van die herbergiers verkry het, was groot, maar die Kompanjie het dit moeilik gevind om sy handelsbelange in dié opsig te beskerm. Ten spyte van dreigemente van swaar strawwe het die dranksmokkelhandel gefloreer. In Augustus 1654 is reeds voorsorgmaatreëls getref om te voorkom dat drank en brandewyn van skepe na die land gesmokkel word, en hierna moes daar telkens weer voorsorgmaatreëls hernu of nuwes uitgevaardig word. (38)

Die herbergiers het gevoel dat hulle profyte beperk is deur lastige restriksies. Daar was slegs een uitweg om die inkomste aan te vul, en dit was om te smokkel. Hulle het goedkoper drank van die matrose gekoop en op dié wyse groter winste gemaak. Geheime kelders is aangehou waarin drank wat by die Soutriviermond aan wal gebring is, versteek is. Groot hoeveelhede drank het weer uit die Kompanjie se magasyne verdwyn en en om dit te voorkom is skeepsladinge drank na die aankoms van skepe direk na die herberge vervoer. (39)

Die/...

37. Ibid., p. 176.

38. Vgl. Pl. 22 Aug. 1654: Orig. Plb. C680, p. 49 - die eerste van sy soort, waar 'n verbod geplaas is op smokkelary, „waar bij groote schacherije ende uijtsuijperije soude konnen worden gepleecht." Vgl. verder Pl. 18 Sept. 1656: Orig. Plb. C680, p. 56 en Pl. 1 Jan. 1657: Orig. Plb. C680, p.p. 61-62.

39. Laidler, op. cit., p. 37.

Die owerhede was ten volle bewus van die groot smokkelhandel wat vanaf die strand van die Soutrivier plaasgevind het, gevolglik het hulle 'n „uijtkijck" daar laat bou en twee manne as kuswagters daar gestasioneer. (40) Hierdie persone het o.a. op 16 Junie 1663 vier halfame Bataafse arak (uit 'n totaal van 11), wat aan land gesmokkel is, onderskep by die huis van 'n vooraanstaande burger, Thielman Hendriksz. (41)

Die Politieke Raad het telkens gekla dat die herbergiers nie drank by die Kompanjie se magasyn kom koop het nie, maar direk van vreemde skepe gekoop het. Gevolglik is 'n verbod hierteen uitgevaardig. (42) 'n Vergunning is egter gemaak aan persone wat „bekenden vrienden" wou loseer vir slegs een nag en een maaltyd, om drank te bedien, „mits geen gelaegen settende, noch stercken dranck als bier schenckende ten sij uijt de ..... gepriviligeerde herbergen halen ..... " (43)

Privaat persone was, wat drank betref, nie geheel en al afhanklik van die herbergiers nie; hulle het verlof gehad om vir die huishouding twee of drie mengel brandewyn of vier mengel arak of Spaanse wyn elke maand uit die Kompanjie se magasyn te ontvang. (44)

Met die stranding van die skip „La Marichal," het die Kaapse owerhede vroegtydig teen moontlike

smokkelhandel/...

---

40. Ibid.
41. Ibid.
42. Vgl. Pl. 20 Mrt. 1661: Orig. Plb. C680, p. 167.
43. Ibid.
44. Ibid.

smokkelhandel opgetree. Die Vryburgers het verlof ontvang om van die drank te koop nadat 'n verlofbriefie van die sekretaris van die Politieke Raad ontvang is, en nadat 'n „geregtigheijt" van $\frac{3}{4}$ Reaal op elke mengel aan die Kompanjie betaal is. Boete op enige oortredings in dié verband sou 100 Reale beloop.(45)

Reeds met die eerste vergunning van 'n herberg aan Anneke Boom in Mei 1656, is die drankpryse vasgestel: (46) Spaanse en Franse wyn kon per „Flapcan" teen 30 stuiwers plus 10 stuiwers belasting van die Kompanjie gekoop word. Sy kon weer haar drank teen f1 per pint of f2 per mengel verkoop.

Die feit dat soveel geld uit die Kaap gegaan het deurdat die twee herbergiersters Anneke Boom en die sersant van Harwarden se vrou soveel drank van die vreemde skepe gekoop het, het die owerheid genoop om weereens die drankpryse vas te stel en die koop van drank van vreemde skepe te verbied. (47) Brandewyn kon teen 24 Rds. per anker plus nog 6 Rds. belasting by die Kompanjie gekoop word, mits geen hoër pryse as 8 stuiwers per mutsie gevra is nie, sodat die profyte aan die Kompanjie

> „van rechts-wegen alleen toecomende mogen blijven, tot soulagement haerder swaer dragende lasten aen dese plaetse, ende dat daerby oock middel gevonden worden onse heeren meesters te min gelt 't elckers uijt 't vaderlant behooren herwaerts over te stuijren om de maentlijckse costgelden uijt te reijcken." (48)

Dit/...

45. Pl. 27 Mei 1660: Orig. Plb. C680, p. 149.
46. Res. 18 Mei 1656: Cl, p. 172.
47. Res. 9 Des. 1656: Kaapse Plb. i, p.p. 22-23
48. Ibid.

Dit was veral te wyte aan die feit dat die herbergiers sulke „smaeckelijcke winsten" ingesamel het, dat die drankpryse telke male vasgestel en verander is. Privaat persone het ook die voorreg gehad om drank direk van die Kompanjie te koop, nl. Franse en Spaanse wyn teen 36 stuiwers per kan van 10 mutsies, „zoo wanneer de Compagnie rijckelijck daer van versien sal wesen." Die herbergiers sou egter „om bijsonder redenen voortaen en soo lange tot dat ons nader order dienaengaende uijt et vaderlant toecomen ..... , " vir elke kan wyn en brandewyn 44 stuiwers betaal, en die maksimum prys waarteen hulle hulle wyn weer kon verkoop was 55 stuiwers per kan. Brandewyn kon teen 60 stuiwers per mengel verkoop word. (49) Hierdie feite toon duidelik aan dat die herbergiers nie in alle opsigte bo die amptenare bevoordeel is nie, want hulle moes duurder vir hulle drank as eersgenoemde betaal.

Hierdie pryse is verder vasgestel om te voorkom dat

> „geen nieuw schachenachtigh gemorsch daer mede mochte werden veroorsaeckt gelijck al eenichsints beducht zijn dat sommige der selver alsulcken dranck niet een weijnich winst aen de tappers wel licht mochten overlaten off selffs ten duijrsten uijtsoetelen .... " (50)

Verder sou slegs herbergiers toegelaat word om meer as 4 kanne Spaanse wyn en twee kanne brandewyn per

maand/...

---

49. Pl. 31 Mei 1663: Kaapse Plb. i, p.p. 76-77.
50. Ibid., p.p. 77-78.

maand te koop. Daar sou egter uitsonderings gemaak word in gevalle van „een bruijloffs feest en kindermael of eenigh ander eerlijcke samen comste ..... " (51)

Dit was op direkte bevele van Here XVII wat die Kaapse owerhede gehandel het om hierdie pryse finaal vas te stel. Die Kompanjie sou dan hierdeur 'n groot guns bewys aan „dese arme vrijelieden (waervan de meeste noch soo naeckt en kael bij manier van spreken als wormen zijn) allesints soo veel mogenlijck souden trachten de behulpsame handt te bieden ..... " (52)

-----------oOo-----------

51. <u>Ibid</u>., p. 78.
52. <u>Ibid</u>.

# H O O F S T U K   I I I.

## DIE PERIODE VAN DRANKLISENSIES.

(1665-1679)

Dranklisensies uitgegee. Aantal tapperye beperk. Algemene drankoortredings. Smokkelhandel.

# HOOFSTUK III.

## DIE PERIODE VAN DRANKLISENSIES.
## (1665-1679).

Die belasting wat op drankverkope aan die Kaap gehef is, het by verre na die grootste inkomste aan die owerhede besorg. Toe Kommissaris Johan Tijssens in 1669 aan Jacob Borghorst die vraag stel, „wat overwinsten hier jaerlicx comen voor te vallen en waeruijt deselve haer oorspronck nemen," kon die Kommandeur hierop antwoord dat

> „hier vallen geen sonderlinge winsten, als door 't vercoopen van dranck, andersints sijn 't in generaal oncosten en dierweegen geen winsten te vinden en can desen hoeck sonder deselve niet bestaan." (1)

Dit was dus nie net die Kompanjie wat groot winste uit die drankhandel gemaak het nie, maar ook die drankverkopers. Die Politieke Raad merk selfs op dat onder al die bewoners van die Kaap, daar geen persone was,

> „die meer gemack, beter welvaert en grooter voordeelen behaalen kan,"

as die persone wat in die verlede toegelaat is om drank te verkoop,

> „omdat deselve tot noch toe geen de alderminste laste van eenige impositien ofte billicke erkentenisse daer voor aen den wettigen Heer off Besitter desen plaetse is opgeleijt, noch affgenomen geweest ..... " (2)

Die/...

---

1. Rapporten en Instructien der Commissarissen: V.C. 36, p. 435.
2. Res. 29 Julie 1665: C2, p.p. 86-87.

Die feit dat die soldate behalwe hulle soldye nog boonop „dachlonnen" vir hulle „extraordinarie" arbeid ontvang het, sou die tappers nog verdere winste besorg. (3)

Dié toestand van sake het meegebring dat persone wat ander ambagte beoefen het, en nie 'n bestaan kon maak nie, gedurig die Politieke Raad lastig geval het om te vra

> „hier off daer een Brandewynskroechie op te setten, om alsoo oock te beter aen de dagelijcxe coste te mogen geraken, maer om dat sulcken alte gemeenen neringh, niet dan al gemeene schade, een luij woest leven soude aen te brengen staen, zijn die veele versoekers tot noch toe alle aff-geslagen geworden." (4)

Aansoeke van die kant van burgers om dranktappe op te rig is streng deur die owerhede afgekeur, daar hulle reeds genoeg ondervinding gehad het van „lediggangers, tappers en ontsnappers die maer consumeren en niet aenbrengen helpen." (5)

Sake kon nie so voortgaan nie en 'n beter kontrole wat ook groter inkomste vir die Kompanjie sou lewer, is getref. Eerstens is 'n aksynsbelasting gehef op ingevoerde drank, waarvan daar 'n som van f225 ingesamel is, en bereken was teen £3 per anker brandewyn en f2 op elke anker Spaanse of Franse wyn. (6)

Ook/...

---

3. Ibid., p.88
4. Ibid.
5. Uitg. Br. (1661-67): C494, p.912.
6. Res. 29 Julie 1665: C2, p. 89.

Ook was 'n strenger beheer op smokkelhandel en privaathandel met drank geplaas, wat terselfdertyd ook bereken was om die ontduiking van die aksynsbelasting te fnuik. (7)

Tweedens het die Politieke Raad besluit dat alleen aan die volgende persone dranklisensies uitgereik sal word: Jacob van Rosendael, Hendrick van Suerwaerden, Joris Jansen en Tielman Hendricxz. Hulle priviligie sou vanaf die begin van Augustus 1665 in werking tree, teen „alsulcken matigen accijns aen d'E. Compe. voor haren stercken dranck sullen moeten opbrengen en betalen ..... " - nl. 1 Riksdaalder of f3 (ligte geld) op elke anker brandewyn en 16 swaar dubbeltjies of f2 (ligte geld) op elke anker Spaanse of Franse wyn. Hierdie aksynsbelasting sou betaalbaar wees voordat enige voorrade uit die Kompanjie se magasyn voorsien sou word. Indien enigeen van hierdie persone geweier het om die belasting te betaal, sou hierdie voorreg aan 'n ander persoon gegee word. (8) Dit blyk dus baie duidelik dat hulle nie direk vir hulle voorreg om drank te mag verkoop, betaal het nie.

Jacob Rosendael sou sy priviligie nie langer as ses maande behou nie, want daarna sou dit om die beurt aan een of meer arm landbouers gegee word, „voornamentlijck de gene die getrouwt zijn, nevens haren swaren arbeijt daermede oock een smaeckelijck

winstje/...

---

7. Vgl. Pl. 17 Mrt. 1665: Kaapse Plb. i, p. 86.
8. Res. 29 Julie 1665: C2, p. 89.

winstje genieten mogen ..... " (9)

Rosendael se „besonderen ijwer en vigilantie in 't voortsetten der wijngaert," het die aandag getrek. Gevolglik is in 1670 besluit om aan hom die reg te verleen om sy eie wyn wat hy op die plaas Bosheuvel gepars het, by die groot sowel as klein maat te verkoop. Die pryse waarteen hy sy drank kon verkoop is vasgestel op 36 stuiwers per kan van 10 mutsies. Sy wyn sou vry van aksynsbelasting wees. (10)

Die geskiedenis van sy plaas Bosheuvel is uiters interessant. Die plaas was voor 1665 die eiendom van die Kompanjie. Dit was in die eerste plek Jan van Riebeeck se plaas en is in 1663 aan die Kompanjie verkoop. Die wingerde wat hier aangeplant is, was reeds in 1662 veelbelowend:

> „de wijngaerd buijten aen de Bosheuvel is onlangs geleden op 't nieuwe gespit en gemest; tegenwoordigh sijn wij besigh met de rancken weder op te rechten, ..... " en indien die oes belowend was, sou 'n monster wyn aan die Bewindhebbers gestuur word. (11)

Kommandeur Wagenaar was optimisties oor die vordering van die wynbou op Bosheuvel. Die gunstige toestande daar is nog verder deur Kommissaris de Lairesse bevestig: „zulx niet twijffelend wanneer daer de goede handt steets aangehouwen wort off d' Ed.

'Compie/...

---

9. <u>Ibid</u>.
10. <u>Res</u>. 4 en 5 Mrt. 1670: C2, pp. 388-397.
11. <u>Uitg. Br</u>. 10 Aug. 1662: C494 (1661-67).

'Compie sal daar treffelijck mede gedient cunnen werden." (12)

Die Kompanjie het slegs een keer die voorreg gehad om wyn op sy eie plaas te pars, voordat dit in 1665 aan Rosendael teen fl,600 verkoop is. (13) Hy het hom met besondere ywer toegelê op die aanplant van wingerdstokke, en het proewe gedoen met wynparsery. Geen wonder dus dat die owerhede sy geesdrif gemerk het en hom bo alle ander wynboere bevoorreg het nie.

In Februarie 1671 het Rosendael te kenne gegee dat sy oes nie gereed was om te verkoop nie. Aangesien die drank wat hy daarvan wou pars gedurende die besoek van die retoervloot verkoop moes geword het, versoek hy vervolgens dat die Spaanse wyntap „middelwijle" aan hom toegeken word vir die tydperk wat die retoervloot aan die Kaap vertoef het. Sy versoek is toegestaan. (14)

Drie jaar later is hy nog verder bevoordeel deurdat aan hom verlof toegestaan is om 'n wynwinkel vir die verkoop van sy wyn aan te hou. Aangesien hy so 'n goeie kwaliteit wyn geproduseer het, het hy dié voorreg ontvang teen 'n bedrag van f600 jaarliks. Hier is dus vir die eerste keer vir die voorreg om drank te mag verkoop, betaal. Hy het ook die reg ontvang om Kaapse moutbier te verkoop, op voorwaarde

dat/...

---

12. Rapporten en Instructiën der Commissarissen (1637-1764): V.C.36, p. 179.

13. Spilhaus - The First South Africans, p. 100.

14. Vgl. Res. 4 Feb. 1671: C2, pp. 474-475.

dat wanneer hy al sy eie voorrade wyn verkoop het, hy wyn by die Kompanjie teen 20 Rds. per halfaam kon inkoop.[15]

Hierdie toekenning het 'n gemor van die kant van die ingesetenes in die hand gewerk, en dit is ook te verstane dat die klein gemeenskap wat gesukkel het om kop bo water te hou, onvergenoegd sou wees oor die herhaaldelike bevoorregting van een persoon. 'n Paar herbergiers se vrouens het Mev. Rosendael op so 'n wyse aangeval, dat hulle in die hof beland het.[16]

Hendrick van Suerwaerden, ook een van die eerste vier persone wat in 1665 gepriviligeer is om drank te verkoop, is vyf jaar later weer bevoordeel deurdat hy 'n lisensie gekry het om Mom, Rynse wyn of Hooglandse Franse wyn by besoekende skeepsliede in te koop, en dit dan weer by die klein maat te verkoop.[17] Benewens sy lisensie waarvoor hy f100 moes betaal, sou hy verder verplig wees om die gehefde aksynsbelasting

te/...

---

15. Vgl. Dagregister 28 Nov. 1674: V.C.7, p. 290. Hy het hierdie voorreg tot sy dood in 1676 behou.

16. Spilhaus, op. cit., p. 100.

17. Hierdie priviligie het dieselfde voorwaardes bevat as die lisensie (om drank in sy herberg te verkoop) wat in 1666 aan Wouter Mostaert toegeken is. Vgl. Pl. 10 Aug.: Orig. Plb. C680, p. 213 en Mem. en Instr. 24 Sept. 1666: C700, p. 194. Mostaert se toekenning sal later in dieselfde hoofstuk bespreek word.

te betaal, nl. 5 Rds. op 'n vat Mom of dik bier; 6 Rds. op 'n aam Rynse wyn; 4 Rds. op 'n „Ocxooft" Hooflandse of Rooiwyn. (18)

In Februarie 1671 deel Suerwaerden die Politieke Raad mee dat hy tot op daardie stadium nie van sy voorreg gebruik gemaak het nie. Dit het volgens hom, „geheelijk met zijne conditie niet (connen) accordeerde." Hy versoek vervolgens om van die f100 wat hy vir sy voorreg moes betaal, kwytgeskeld te word, asook om sy priviligie op te gee. In die plek daarvan versoek hy om 'n brandewyn en arak tap te mag aanhou, „ofte, bij refuijs by dien, toegestaen, omme Spaansche wijn by gansche leggers van d'E. Compe in te slaen, en bij de groote mast, sonder gelaegen te setten, wederom te mogen uijtventen." (19)

Suerwaerden is van sy priviligie onthef, op voorwaarde dat hy „den impost daarop gestelt, en sulx pro rato," vanaf die tyd toe dit toegeken is, moes betaal. Sy ander versoeke is nie toegestaan nie. (20)

Intussen is 'n konsessie van 'n ander aard aan Wouter Mostaert, die oudste Burgerraadslid, gemaak. Tot dusver was die vergunnings wat in hierdie periode gemaak is, lisensies om drank te verkoop. Dog in 1666 word aan Mostaert, wat die beste huis vir losies-doeleindes in die omgewing van die fort besit het,

verlof/...

---

18. Pl. 10 Aug. 1666, ibid.
19. Res. 4 Feb. 1671: C2, p.p. 472-473.
20. Ibid., p. 474.

verlof toegestaan om 'n stadsherberg te hou, en dit sou as „Stads Herbergh" bekend staan. In hierdie verlof kry hy die besondere vergunning om nadat hy die aksynsbelasting betaal het, (21) Mom, Franse-, Rynse- en Spaanse wyn te verkoop, wat hy van verbygaande skeepsvolk mag inkoop, „tot geene hoogere prysen als albereijt daer opgestelt zijn ..... " (22)

In Junie 1668 is Mostaert se kontrak hernu. Op sy versoek is die lisensie vir nog 3 jaar teen f100 jaarliks aan hom toegeken. (23)

Hierdie besondere vergunning aan Mostaert is in 1667 ook aan al die ander tappers toegestaan en vir almal sou 'n nuwe aksynsbelasting van toepassing wees.

Dit/...

---

21. Vgl. Pl. 10 Aug. 1666: Orig. Plb.: C680, p. 213 en Mem. en Instr. 24 Sept. 1666: C700, p. 194. Die aksynsbelasting is soos volg vasgestel: Op een vat Mom of dik bier - 5 Rds.; 1 aam Rynse wyn - Rds.; 1 „ocxhooft" Franse wyn - 4 Rds.

22. Ibid. Die pryse is vasgestel op: Mom per kan (van 10 mutsies) @ 8 swaar schellingen; Rynse wyn @ 10 schellinge per kan; Franse wyn @ 22 swaar dubbeltjies per kan. Hierdie pryse sou hom „grote ongelegentheden veroorsaekt" en gevolglik is op sy versoek die pryse verhoog: Mom per kan (van 8 mutsies) @ 19 swaar dubbeltjies; Rynse wyn per kan (8 mutsies) @ 24 swaar dubbeltjies; Rooi- of Franse wyn @ 18 swaar dubbeltjies per kan (van 8 mutsies).

23. Res. 28 Junie 1668: C2, p.p. 243-244.

Dit het beteken dat die bepaling van 17 Maart 1665, waardeur 'n verbod op verkoop van sterk drank aan „particuliere" geplaas is,[24] nou gekanselleer is aangesien die drankhandel tussen skepeling en dranktappers oopgegooi sou word. Vir die ingesetenes sou die verbod egter nog geld.[25]

Hierna het 'n groot onwettige handel in uitheemse drank ontstaan. Toestande het so erg geword dat Here XVII in Oktober 1677 hulle verontwaardiging oor die „schadelijcken particulieren handel" uitgespreek het. Die Kaapse regering het die saak probeer goedpraat en teruggeskrywe dat toestande werklik nie so erg was nie en dat die smokkelhandel goed onder beheer was.[26]

Dit het dikwels gebeur dat besoekers by gebrek aan geld, met drank vir hulle losies aan die Kaap betaal het. Dit sou dus uiters moeilik wees om hierdie gebruik te vernietig. Dog om gehoor te gee aan Here XVII se bevel om 'n oormatige invoer van drank te voorkom, is besluit om vreemde drank „een ijder sulcx onsmaeckelijck te maeken." Hierin het hulle dan ook goed geslaag, want 'n aksynsbelasting van 8 Rds. is op elke kelder (van 15 flesse) brandewyn, 6 Rds. op elke halfaam Rynse wyn, gehef.[27]

Die/...

---

24. Vgl. <u>Pl</u>. 17 Mrt. 1665: <u>Kaapse Plb</u>. i, op. cit.,

25. Vgl. <u>Pl. 8 Mrt. 1667</u>: <u>Orig. Plb.</u>: C680, pp. 225-226. Die nuwe aksynsbelasting sou soos volg wees: Op elke kelder van 15 flesse Rynse brandewyn en elke aam Bataafse arak moes 5 Rds. betaal word.

26. Vgl. <u>Uitg. Br</u>. 18 Mei 1678: C498, p. 906.

27. Vgl. <u>Res</u>. 28 Junie 1668.

Die wynhandel het so aanloklik geword vir die ingesetenes dat hulle sonder verlof openlik begin handel drywe het. Met Kommissaris van den Brouck se besoek, het hy gevind dat die Kaap „merendeels met tappers en herbergiers, soodanig was overcropt, dat bij nae geene vrijeluijden waren te vinden, die den rechte ijver, tot de Culture ende lantbou aenwenden ..... "(28) Volgens die Kommissaris het die groot aantal kantiene wat daar bestaan het, 'n euwel geword. Daar was selfs tapperye so ver as Rondebosch en Wynberg, „where they were a sore temptation to the farmers to spend their substance in dissipation."(29) Hy beperk gevolglik die twintig „meest allegaer ongepriviligeerde tappers" tot nege. Slegs die volgende persone sou gepriviligeer word: W. Mostaert, H. van Suerwaerden, Jacob Rosendael, Tielman Hendricxz, Joris Jansen (almal reeds bekende persone) en Joachim Marquard, Jan Israels, Elbert Diemer en Mathijs Coeman.(30)

Dit het egter later aan die lig gekom dat dié verbod op drankhandel, anders as deur die nege gelisenseerde tappers, stelselmatig verontagsaam is. Privaat persone in samewerking met die gelisenseerde drankverkopers het saam onwettige drankhandel gedrywe.(31)

Binne 'n jaar nadat van den Brouck die tappers beperk het, vind ons 'n herskommeling van die eienaars

en/...

---

28. Pl. 1/9 Mei 1670: Kaapse Plb., i, p. 109.
29. Theal, II, op. cit., p. 179.
30. Res. 5 Mrt. 1670: C2, p. 388.
31. Vgl. Orig. Plb.: C680, p. 282.

en die verskillende tappe wat aan hulle toegeken is. So versoek Jan Verhaegen in Februarie 1671, dat hy die brandewyn tap wat deur die burger Thieleman Hendricx op sy plaas „Uijtwijck" beheer is, aan hom gegee word, aangesien hy die plaas gekoop het. Sy versoek is toegestaan.

Hierna het weer Jan Valkenrijk, die „provisionele assistent," die volgende saak aan die Politieke Raad voorgelê. Sy vrou, die gewese weduwee van Jan Israelsz, was die wettige eienares van die priviligie om brandewyn en arak te tap, wat Van den Brouck aan haar eerste man toegeken het. Hy versoek vervolgens dat sy hiervan vrygestel word, dog dat die priviligie wat Suerwaerden, opgegee het nl. om Mom, Franse en Rynse wyn te mag verkoop, aan hulle toegeken word. Hy was bereid om „jaerlijx daervan te betalen al sodanigen impost als daerop was gestelt." (32)

Op die volgende dag het Suerwaerden weer voor die Politieke Raad verskyn. Hy het versoek dat die brandewyn-tap wat Valckenrijk opgegee het, aan hom gegee word, aangesien dit vakant was. Sy versoek is toegestaan, „te meer, omdat daervoor 't g' authoriseerde getalle der tabernen alhier niet ende wert g' augmenteert, maer eenel(ijk) van den een op den anderen tot accomodatie gechangeert." (33)

Twee/...

---

32. Res. 22 Julie 1671: C2, pp. 519-520.
33. Res. 23 Julie 1671: C2, pp. 521-522.

Twee jaar later word die aantal gelisenseerde tappers tot vier verminder, „as gevolg van die veelvuldige gesuspecteerde sluijkerijen." (34) Die Politieke Raad praat verder van „'t uijtslijten deselver (d.i. drank) aan dese en geene onder den duijm, soodanigh ingeslopen dat byna alle habituanten ter deser plaatse haar daarmede bemoyende, 't oogwit en intentie van d. E. Compagnie om dese op eene andere wys te doen bestaan meer tergivisseren, is bij den gouverneur en Raadt tot abolitie van alsulcke misbruijken met twee borgers op zekere conditien gecontracteert ..... " (35)

Die volgende persone is as enigste lisensiehouers aangewys: Wouter Mostaert, Steven Jansen, Jan Valckenrijk en Willem van Dieden. Hulle het die reg verkry om in die omtrek van Tafelbaai alle soorte wyn, bier, brandewyn, gedistileerde waters, Bataafse arak ens. te verkoop. Geen ander persoon sou toegelaat word om binne hierdie omgewing drank by die klein maat te verkoop nie. Die grootste voorreg wat hulle egter geniet het was die feit dat hulle hulle drank teen enige prys kon verkoop. (36) Hierdie gelisenseerde en nog steeds bevoorregte tappers het 'n winsgewende saak gedryf - geen wonder nie dat hulle die volgende jaar gevra het dat hulle kontrakte hernu word. (37)

Hierdie/...

---

34. Dagregister: 30 Nov. 1673: V.C.6, pp. 924-925.
35. Ibid. Die Dagregister praat van „twee borgers" met hulle „assistenten" wat die oortreders was.
36. Vgl. Pl. 1 Des. 1673: Kaapse Plb., i, p. 124.
37. Vgl. Dagregister, 28 Nov. 1674: V.C.7, p. 290.

Hierdie gepriviligeerde tappers was egter nie die enigste konkurrente op die gebied van die wynhandel nie. Die Kompanjie het self op een stadium die verkoop van drank by die klein maat onderneem, al was die afsetgebied ook maar beperk. Die Kompanjie se onderneming het uit die volgende omstandighede gespruit. In 1665 het die „opper chirurgijn" by die Politieke Raad gekla dat baie van die soldate wat met die bou van die nuwe fort besig was, met „bloedigen affganck offte roode loop gequelt wesende, soo uijtgeteert en verswact, bevonden waren," dat daar reeds vyf of ses persone behandeling in die hospitaal moes ontvang. Hy skrywe hierdie swakheid toe aan die „al te dickwels en te onmatich veel waters op eenmael dagelijcx quamen in 't lijff te slaen," in die „heete weer, onder dien sweetigen arbeijt ..... " Ter bevordering van die gesondheid van die soldate beveel hy aan dat hulle weer volgens die ou gebruik drankrantsoene elke dag moes ontvang, en nie slegs drie keer per week nie.[38]

Die Politieke Raad het wel 'n oortuigende rede gehad waarom hulle die drankrantsoene tot 3 keer per week verminder het. Hierdie „daglonende soldaten," het op Saterdae hulle „daglone" ontvang, en „hun nootdrift hier van in de herbergen wel souden weten te soecken, maer naderhant verstaende, dat sommige gulsigaerts - die gewent zijn dien heeten dranck als water in 't lijff te gieten - eenlijck in die beide taphuijsen" by die Fort. Hier het hulle soveel as

tot/...

38. Res. 12 Des. 1665: C2, pp. 109-110.

tot 10 ankers binne 4 of 5 dae uitgedrink - soveel as wat die Kompanjie vir 'n hele maand vir rantsoene ontvang het. Die gevolg was dat persone „die des maer een weijnich begeerden, en tot haer gesontheijt gaern souden hebben willen nuttigen," soms binne 'n tydperk van twee of drie weke geen druppel drank kon koop nie, want die herberge kon nie voorbly met drank wat die Kompanjie aan hulle uit die magasyne moes voorsien nie. [39]

As oplossing om die soldate „bij goede gesontheijt en op de been te houden," het die Politieke Raad besluit om 'n nuwe stelsel van drankvoorsiening aan soldate, amptenare sowel as burgers in werking te stel. Op die plein van die nuwe Fort sou 'n tent opgeslaan word, waar enige persoon drank teen 16 swaar dubbeltjies of f2 (ligte geld) per mengel (van 8 mutsies) kon koop. [40]

Elke soldaat sou slegs 3 klein bekertjies „off punpeltjes inhoudende elck een vierde parth van een mutsjen" vol brandewyn elke dag ontvang. [41] Hulle sou slegs 1 stuiwer vir elke bekertjie drank betaal, d.w.s. helfte goedkoper as wat die amptenare en vryburgers vir hulle drank betaal het. Hierdie gebruik het blykbaar nie lank bly staan nie en het heelwaarskynlik by die voltooiing van die Fort in 1679 verval.

Die/...

39. Ibid., pp. 111-112.
40. Ibid., p. 112.
41. Ibid.

Die feit dat drank so goedkoop aan die soldate verkoop is, het dronkenskap in die hand gewerk - oortredings was talvol. Die geval van die soldaat Jan Demant was 'n alledaagse en het dikwels by ander persone voorgekom. Hy het hom in die tappery van Steven Jansen aan drank te buite gegaan, en was „door dien heeten dranck (arak) overstolpt zijnde, en sijn dronckenschap was comen te smooren." (42) Die Politieke Raad was onsteld oor die toedrag van sake en merk op dat dit belaglik was om te hoor „dat dese cleijne plaatse soveel moetwillige sonden, nietjegenstaande alle rigourcuss gestatueerde exempelen, onderworpen is." (43)

Gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap het dus 'n nuwe gees geheers. Rou wyn het gevloei in die tapperye, dronkenskap was aan die orde van die dag en was nie gekontrolleer nie. Die Kompanjie het drank by tye aan die lisensiehouers verkoop, die tappers weer op hulle beurt aan die burgers en skeepsvolk. Dit was veral lg. groep wat deur die tappers uitgemergel is. Die matrose is so lank moontlik in die tapperye gehou om soveel geld moontlik uit hulle uit te kry. Gevolglik moes die vertrekkende skepe gewoonlik met die probleem bly sit om al die matrose aan boord te kry. 'n Plakkaat is dus uitgevaardig waarin alle persone verbied is om enige werknemer van die Kompanjie op te hou, „op pene van sulcke straffe als voorzeide persoonen ..... achtervolgens de statuten van India, subject en

onderworpen/...

---

42. Dagregister, 30 Des. 1671: V.C.6, p. 223.
43. Ibid.

onderworpen zijn." (44)

Aan die ander kant was van die burgers weer groot oortreders op die gebied van dranksmokkelhandel. Hulle het groot winste gemaak uit die verkoop van drank aan Hottentotte en veral slawe. So word daar gekla dat die slawe,

> „buijten 't versuijmen van hunne tijt, eijndelijck droncken sijnde, ..... buijten dat soo veel inswelgen, dat daar van als een beest komen te smoren ..... " (45)

Ten spyte van die strenge verbod wat geplaas is op die voorsiening van drank aan slawe, (46) het die onwettige drankhandel voortgegaan. Sowat dertig jaar later volg daar weereens 'n klag teen oormatige drankvoorsiening aan slawe. Die klag het gekom na aanleiding

van/...

---

44. Pl. 3/11 Sept. 1668: Kaapse Plb., i, p. 106. Volgens die Indiese plakkaatboek van 15 Julie 1630 was die boete teen „zetters, tappers, ophouders en admitteerders na 5 uur 's avonds," 10 reale van 8 by eerste oortreding; 20 by tweede en 50 reale by die derde oortreding, „als mede verbeurte van het regt herberge, tapperye, costgangers ofte eenige gelagen te mogen zetten." Vgl. Van der Chijs - Indisch Placcaatboeck, Dl. i, p. 251.

45. Pl. 11/12 Des. 1669: Kaapse Plb., i, p. 108.

46. Vgl. Pl. 11/12 Des. 1669: Kaapse Plb., i, p. 107. 'n Geval word genoem waar een van die Kompanjie se slawe deur „'t menigvuldig innemen (van drank), in minder als een halven dagh, is gesneuvelt, en gestorven ..... "

van die dood van een van die Kompanjie se slawe. Daar is vasgestel dat hy „seer beestagtigh door de brandewijn beschoncken was geweest, oversulx gepresumeert wort, dat denselven in voorsz. dranck is komen te smooren ..... " (47)

Op alle moontlike maniere is voortgegaan om met drank te smokkel. As oplossing is aan die hand gegee dat die dranklisensies verpag moes word aan „de meestbiedende en sodanige vier personen als wij sullen achten daer toe de bequemste te wesen." (48)

Die voorgestelde verpagting of opveiling het op 1 Desember 1673 plaasgevind. 'n Totale bedrag van f4,000 is vir die vier lisensies aangebied deur Wouter Mostaert, Steven Jansen, Jan Valckenrijk en Willem van Dieden - d.w.s. dieselfde persone wat nog steeds daardie priviligië behou het. Hulle sou toegelaat word om alle soorte wyn, sterk biersoorte, brandewyn, gedistilleerde waters, Bataafse arak ens. in die omgewing van Tafelbaai vir die volgende 12 maande te verkoop. (49)

Met hierdie opveiling is nog steeds sommige persone direk bevoordeel, soos dit dan ook duidelik blyk in die besluit van die Politieke Raad om slegs „sodanige

vier/...

---

47. Dagregister, 9 Des. 1699: V.C.5, pp. 757-758.
48. Uitg. Br. 10 Mei 1673: C496, p. 608.
49. Pl. 1 Des. 1673: Kaapse Plb., i, op. cit., p. 124.

vier personen als wij sullen achten daer toe de bequemste te wesen."(50) Die publiek kon dus nie onvoorwaardelik aan so 'n opveiling deelneem nie - die Kompanjie het nog steeds 'n strenge beheer gehou oor die uitgee van die lisensies.(51)

Dit blyk dus duidelik dat die voorreg om dranksoorte te mag verkoop nog steeds aan sekere bevoorregte persone gegee is, alhoewel die lisensies vanaf Desember 1673 in die publiek opgeveil is. Die ingesetenes sou egter hierdeur omgekrap raak omdat hulle van hierdie voorreg verstoke was en weldra sou hulle hulle stemme laat hoor.

---

50. Vgl. Uitg. Br. 10 Mei 1673: C496, p. 608.

51. So het die Kompanjie slegs sekere persone genomineer wat die lisensies by die opveiling kon koop. Vgl. waar in Nov. 1677 die volgende persone genomineer is: J. Valckenrijk en Gerrit Victor onderskeidelik vir Rynse-, Franse wyne en Mom en sterk biersoorte. Vir brandewyn en gedistilleerde waters is W. van Dieden en T. Marquart genomineer, en vir die Kaapse wyntap is ook T. Marquart genomineer. Vgl. Res. 22 April 1679, Kaapse Plb., i, p. 156.

# H O O F S T U K  I V.

## ONTPLOOIING VAN DIE

## KAAPSE WYNPAG.

(1680-1698)

I. (1680-1684) - Ontwikkeling wynbou. Eerste vrye publieke opveiling. Pagvoorwaardes.

II. (1685-1698) - Veranderinge pagvoorwaardes deur H.A. van Rheede. Pryse vasgestel. Oortredings en wetgewing in die verband. Smokkelhandel. Dalings en styging in pagpenninge.

# HOOFSTUK IV.

## ONTPLOOIING VAN DIE KAAPSE WYNPAG.

### 1. DIE WYNPAG (1680-1684).

Met die ontwikkeling van die wynbou en die verhoogde wynproduksie, het die wynhandel meer gekompliseerd geraak. Voordat daar enigsins sprake van Kaapse wynprodukte was, was die Kompanjie van ingevoerde dranksoorte afhanklik. Die dranklisensies wat uitgegee is was dan ook verdeel in die volgende groepe: Franse en Rynse wyne; Spaanse wyne en arak; Brandewyne en gedistilleerde waters. Dog vanaf 1677 het daar 'n duidelike skeiding plaasgevind tussen die ingevoerde dranksoorte en die plaaslik geproduseerde wyne. 'n Herindeling van die verskillende pagte wat in vervolg opgeveil sou word, is gemaak. Eerstens kry ons die Kaapse Koelwyne en dan die Vaderlandse ingevoerde dranksoorte (die Kaapse Brandewynpag sou eers later ingestel word). Voordat die Kaapse wynpag onder bespreking geneem word, is dit dus nodig om eers die ontwikkeling van die wynbou na te spoor.

Omstreeks 1670 het die wynboere as konkurrente met die Kompanjie op die mark begin verskyn. Deur die proefnemings met die wynbou het sommige van die wynboere redelike sukses gehad, sodat Goske in 1673 reeds kon opmerk dat „vermits den wijngaert en 't perssen van de wijnen soo wel succedeert, sijn reeds de meeste deser borgeren daardoor aan 't voortplanten gecomen." (1)

Here/...

---

1. Uitg. Br. 10 Mei 1673: C496, p. 588.

Here XVII het ook op hierdie stadium besef dat die uitbreiding van die wingerdkultuur 'n voldonge feit was. Hulle moedig dan ook die aanplant van wingerde aan en spreek die hoop uit „dat het met den druijff daer wat voortwilde, om de voorsz: andere wijnen (Franse en Rynse) daar door te kunnen excusseren en sulx uw selven te vinden, 't geen men anders van hier moet senden." (2) Hulle stel dit egter dat die koringbou nie verwaarloos moes word nie. (3) Later vind ons 'n beklemtoning hiervan toe die Politieke Raad besluit het dat wanneer 'n morg wingerd geplant word, daarbenewens 6 morge land met koring bebou moes word. (4)

Die periode 1670-1680 was 'n proefperiode vir die Kaapse wynbou, wat danksy die gunstige klimaat en die ywer van die landbouers vooruit gegaan het, sodat in April 1679 reeds 'n totaal van 50 lêers wyn geregistreer kon word. (5)

Alhoewel Batavia die Kaapse wynbou in 1672 met „wij sullen dat werck van hier soveel doenlijk soecken de hant te bieden," (6) aanmoedig, en die wynopbrengs van dieselfde jaar aanmerklik gestyg het, (7) vind ons dat daar 'n paar jaar hierna 'n merkbare teenkanting

teen/...

---

2. Ink. Br. 28 Sept. 1675: C412, p. 884.
3. Ibid.
4. Res. 3 Mei 1680: C4 (1679-81).
5. Uitg. Br. 18 April 1679: C499, p. 116.
6. Ink. Br. 4 Okt. 1672: C411, p. 750.
7. Uitg. Br. 10 Mei 1673: C496, pp. 606-607.

teen die verder uitbouing van die wynbou ontstaan. Kommissaris Verburgh se beleid in 1676 was dat aangesien die Kompanjie genoeg wyn en bier na die Kaap kon invoer, dit nie nodig sou wees om die Vryburgers tot verdere wynbou „te animeren, maar hen liever aan te manen andere nutte handteringe ter hand te trekken." (8)

Die Vryburgers het nou sonder enige verdere aanmoediging hulle wynbou uitgebrei. In 1679 merk Kommissaris Dirk Blom in die Politieke Raadsvergadering op dat 4 lêers wyn teen 80 Rds. per lêer van die wynboere gekoop moes word om na Ceylon gestuur te word, om daar beproef te word. (9) Indien die uitslag gunstig sou wees, het hy die Raad verseker, sou daar 'n goeie afsetgebied vir die Kaapse wyn in die toekoms wees.

Ons kan aanneem dat die wynproduksie tot 1700 genoeg was om die Kaapse mark te voed. Die wynboere het in 1681 reeds tussen 70 en 80 leggers wyn gepars en, „vrij meerder als hier scheijnt te connen vertiert." (10) Die moontlikhede van uitvoer is bespreek, dog die Kaapse owerhede het soiets afgeraai, „als connende alhier noch seer wel sijn coopman vinden en gebenificeert weerden." (11)

Die/...

8. Mem. en Instr. (1657-1685): C700, p. 296.
9. Res. 7 Mei 1679: C4, p. 69.
10. Uitg. Br. 20 Mrt. 1681: C499, p. 776.
11. Uitg. Br. 4 Jun. 1683: C500, p. 378.

Die Kaapse wynpagters moes op hierdie stadium ál hulle wyn, selfs Kaapse wyn, van die Kompanjie koop, dog ons vind dat laasgenoemde telkens nie genoeg voorrade gehad het om aan die pagters te voorsien nie. Dikwels moes hulle hulle dan ook op Here XVII beroep om voorrade vir hulle eie gebruik aan te suiwer. (12)

Onderstaande tabel (13) toon duidelik aan hoedat die wynopbrengste van die wynboere vanaf 1671 gestyg het; die Kaapse wynpagter moes noodgedwonge hierdeur beïnvloed word.

| | | |
|---|---|---|
| 1671 | 100 | halfame |
| 1678 | 31½ | lêers |
| 1679 | 50 | " |
| 1681 | 70-80 | " |
| 1682 | 80 | " |
| 1684 | 89 | " |
| 1685 | 89 | " |

Op hierdie stadium het die Vryburgers weereens begin kla dat hulle verstoke was van die voorreg van „dese smaeckelijcke en profitabele neeringen," nl. bevoorregte pagters, en hulle maak beswaar teen die

feit/...

12. So word in 1683 bv. 6 lêers wyn vir die Kompanjie se eie gebruik uit Nederland bestel. Vgl. Uitg. Br. 4 Junie 1683: C500, p. 378. In 1685 word Here XVII weer herinner dat die Kaap nog langer afhanklik sou bly van hulle vir die aanvulling van voorrade, totdat „onse nieuw geplante wyngaerden onse kelders met ruijmer sap sullen versien." Uitg. Br. 14 Mei 1685: C501, p. 134.

13. Opgestel na aanleiding van opgawes wat deur die Politieke Raad gemaak is.

feit dat die Politieke Raad tot nog toe hulle „aan enige bijsondere lieden jaer op jaer (te) verhuizen." (14) Hulle versoek dus vervolgens dat die pagte in die publiek opgeveil sou word, en hiermee het hulle ook bedoel dat die reg om 'n pag te mag koop, ook oopgestel word aan enigeen. Gevolglik word die verpagting van die Kaapse Koelwyne, arak en brandewyne wat op 7 Desember 1678 sou verval, uitgestel, aangesien die Politieke Raad op die advies van Kommissaris gewag het. (15) In April van die volgende jaar word die saak weer aangeroer met die besoek van Kommissaris Dirk Blom. In oorleg met hom word besluit om die verskillende drankpagte gedurende die volgende jaar op te veil, dog om die reg om 'n bod te maak, slegs aan 6 of 8 persone toe te staan, wat „voor en alleer daartoe sullen worden aangenomen, gehouden sullen sijn aenwijsings te doen van goederen die voor d' uijtgeloofde pachtpenningen respondabel sijn." (16) Net die volgende dag het Blom 'n lys van pagvoorwaardes opgestel, wat toegepas sou word by die opveiling van die Kaapse Koelwyne en die uitheemse dranksoorte.

Die Kaapse Koelwyne is egter nie saam met die uitheemse dranke en brandewyne in April 1679 opgeveil nie, aangesien die pagter Tobias Marquart se konsessie eers in Desember van dieselfde jaar sou verval. Die Kaapse Koelwyne is dus hier vir die eerste

keer/...

---

14. Res. 21 April 1679: C4, p. 39.
15. Ibid., p. 38.
16. Ibid., p. 40.

keer as selfstandige pag geskei, d.w.s. 'n skeiding is duidelik tussen die ingevoerde dranke en die Kaapse produkte gemaak. Daar is besluit om hierdie pag aan die begin van die volgende jaar op te veil.

'n Paar dae na gemelde opveiling het die Politieke Raad opgemerk dat die saak so 'n sukses was, „en gevolglijck de domaines van dese plaats daar door merckelijck sijn g'augmenteert." (17) Gevolglik is besluit om in die vervolg ook die Kaapse bierbrouery, Hottentots-Holland se brouery, die koringmeul, die bak van brood ens. aan die hoogste bieder by openbare veiling te verkoop. (18a)

Met die eerste publieke verpagting van die Kaapse wyn, sê een skrywer, „ ..... Cape wine came into the picture as a source of revenue with which the Company might reckon." (18b) Dit was nie goeie wyn nie, dog die burgers het dit gedrink. Batavia het geweier om dit te ontvang en was geensins tevrede met die monsters wat aan hulle gestuur is nie. (18c) Die aanplant van wingerde het egter steeds toegeneem

en/...

---

17. Res. 27 April 1679: C4, p. 64 en Kaapse Plb., i, p. 156. Die pagte het saam fl,933 1/3 meer as die vorige jaar se totaal opgelewer.

18a. Ibid.

18b. Spilhaus, op. cit., p. 99.

18c. Ibid.

en iets moes gedoen word met die surplus wyn. (18d) Die uitvoermoontlikhede het egter op hierdie stadium slegs op wensdenkery berus, aangesien die gehalte van die wyn gladnie goed was nie, en aangesien dit hierna baie stadig verbeter het. In vergelyking met die graanbou het die wingerdbou met rasse skrede ontwikkel, dog die wynboere het nog steeds nie genoeg moeite gedoen om hulle wyne te verbeter nie, inderdaad, „ ..... they were too poor to expend energy in planting out vineyards which would take several years to mature ..... " (18e)

Die Vryburgers het egter nog steeds gekla dat die publieke opveiling nie veel moontlikhede tot vrye mededinging gebied het nie, (19) en gevolglik is die advies van Kommissaris Abbema ingeroep. Hy het bepaal dat, „tot wegneming alle dolliantie," alle vryburgers in die vervolg die volste reg sou hê om 'n bod te maak, mits die koper twee borge kon stel. (20)

Aangesien die wynpag se vorige pagtermyn verstryk het, sou dit weer in Mei 1680 opgeveil word. Die

Politieke/...

---

18d. In 1685 bereken H.A. van Rheede dan ook die pryse waarteen drank na Indië en Ceylon gestuur kan word. Vgl. Instr. van H.A. van Rheede aan S. van der Stel: C708, pp. 75-77.

18e. Spilhaus, op. cit., p. 99.

19. Res. 8 Mrt. 1680: C4, p. 167. By die opveiling van die Uitheemse bier- en brandewynpagte is tien persone genomineer wat toegelaat sou word om 'n bod te maak. Vgl. Res. 22 April 1679: Kaapse Plb., i, p. 156.

20. Ibid.

Politieke Raad het egter besluit dat indien geen hoër bod as die vorige jaar verkry kon word nie, die Kompanjie die saak in eie hande sou neem en drie of vier persone sou aanstel om tot voordeel van die Kompanjie wyn te verkoop. Verder is bepaal:-

(i) Die pagtermyn sou van 30 April 1680 tot 30 April 1681 duur.

(ii) Die pagter sou gebind wees om jaarliks teen 20 Rds. per halfaam, f3,000 se waarde aan wyn van die pagter op Rustenburg oor te neem en nog 'n verdere 2 lêers teen 16 Rds. per halfaam.

(iii) Vir alle „schoon" wyn wat deur die wynboere gepars is, kon die pagter 1 Rd. op elke halfaam eis (d.w.s. 8 Rds. op elke lêer wyn),* dog wat wyn wat op die plaas Rustenburg gepars is, betref, kon die pagter slegs die 1 Rd. eis wanneer hierdie drank na die Fort gebring is. Hy kon geen aanspraak maak op 1 Rd. op enige Rustenburgse wyn wat elders heen geneem is nie.

(iv) Geen persoon sou toegelaat word om enige wyn uit te voer sonder die verlof van die pagter nie, al sou die aksynsbelasting daarop betaal word.

(v) Die pagter sou toegelaat word om nog drie persone in sy eie area aan te stel om wyn by die groot, sowel as klein maat te verkoop, teen geen hoër prys as teen 30 stuiwers per mengel nie.

(vi) Sy pagpenninge sou hy in vier paaiemente moes betaal; elke kwartaal een kwart van die totaal; geen uitstel sou verleen word nie.

Die/...

* Hierdie heffing van 1 Rd. sou weldra groot moeilikhede teweegbring.

(vii) Die pagter en sy bytappers sou toegelaat word om hulle wyn in die Tafelvallei te verkoop. Geen ander persoon sou toegelaat word om in hierdie omgewing wyn te verkoop nie, of om die pagter in sy nering te hinder nie. (21)

'n Belangrike bybepaling wat nie genoem is nie, en wat in werking gebly het tot 1684, was dat hierdie wynpag eintlik in 'n „binnepag" en 'n „buitepag" verdeel is: „waervan de eenen het regt had, omtrent het Casteel in de Chaij tot aen de Zoute riviere de tapneringh te mogen doen. Den tweeden met den naem van buijtenpagt, was toegelaten die neringh te doen buijten de jurisdictie van den eersten." En verder nog „de binnenpacht hebbende ijder met die vrijheijt om soo veel wijnen in en uijt te slaen als zijn souden konnen magtigh wesen, bedragende de binnenpacht vrij meer in gelde als d' andere." (22)

In julie 1681 het die Kompanjie nog gladnie die jaar se wynvoorrade uit Nederland ontvang nie. Daar is egter besluit dat geen wyn van die besoekende skepe afgehaal sou word nie, behalwe in noodgevalle. Hierdie reëling sou noodwendig die land se inkomste verminder aangesien die wynpagters baie min wyn sou hê

om/...

21. Res. 3 Mei 1680: Kaapse Plb., i, p. 164. In die pagvoorwaardes is nie gemeld dat die Kompanjie behalwe die drank wat hy van die pagter op die plaas Rustenburg sou kry nie, die pagter se voorrade ook deur Franse en Rynse wyn aangevul sou word.

22. Hulshof, Dr. - Journaal van H.A. van Rheede, p. 57.

U.O.V.S.—U.O.F.S.
41149
BLOEMFONTEIN
Biblioteek-Library

om te verkoop. [23] Die Politieke Raad het gevrees dat niemand die volgende jaar die pag sou aanneem nie, gevolglik sou hulle vroegtydig aankondig dat geen wynvoorrade die volgende jaar uit die buiteland verwag kon word nie. [24] Dit is te verwagte dat die twee wynpagters, G. Eems en J. Marquart, aan die einde van 1681 sou kla dat hulle nie hulle pagpenninge kon lewer nie. Hulle is in kennis gestel dat die saak met die besoek van die volgende Kommissaris weer opgehaal sou word. [25] Hierdie twee pagters het egter nog verder gegaan: Hulle het die 1 Rd. wat hulle kon eis op elke halfaam wyn wat na die Kaap gebring is, en wat die Kompanjie van privaat persone gekoop het, geëis. Die Kaapse owerhede het hierop besluit om hulle uit te betaal, dog by die volgende opveiling sou hierdie klousule weggelaat word, waardeur hulle enige aanspraak kon maak op 1 Rd. op elke halfaam wyn wat na die Kaap gebring is. [26]

Die volgende Kommissaris wat die Kaap besoek het was Van Goens, wat in die begin van 1682 aan die Kaap aangekom het. Die pagters se saak is aan hom voorgelê; daar is besluit om die twee pagters f400 afslag toe te ken. Voortaan sou geen pagter weer kon

aanspraak/...

---

23. Vgl. <u>Res</u>. 28 Julie 1681: C5, p. 41.
24. <u>Ibid</u>., p. 42.
25. Vgl. <u>Res</u>. 30 Des. 1681: C5, p. 70.
26. <u>Ibid</u>.

aanspraak maak op so 'n eis nie. (27)

Die wynpag is weer in Desember 1683 opgeveil. Spoedig het daar moeilikheid tussen die twee pagters, Gerrit Victor en Eems ontstaan. Eems het soveel wyn by die wynboere bespreek en hom deur kontrakte daartoe verbind met die gevolg dat die binnepagter geen wyn in die hande kon kry nie. Deur die wedywering tussen die twee pagters om soveel wyn moontlik op te koop, het die pryse tot selfs 65 Rds. per lêer gestyg. (28) As gevolg van die wynpryse wat deur die mededinging van die twee pagters opgejaag is, is die wynhandel in Januarie 1684 gesluit. (29) Die gevaar het egter nou weer ontstaan dat die Kompanjie nie genoeg drank aan die pagters kon voorsien nie, en weldra is die wynhandel tussen die pagters en die wynboere weer oopgestel. (30a) Sake het so kritiek geword dat die hulp van die Kommissaris ingeroep is. Hy het besluit dat die wynpag in die vervolg slegs aan één persoon gegee sou word. (30b) Verder is bepaal dat die pagter sy wyn teen enige prys direk van die boere kon koop, en hiermee is die

bepaling/...

---

27. Res. 7 April 1682: C5, p. 96. By die volgende opveiling 8 maande later, is dit so herhaal. 'n Verdere bepaling: Maksimum verkoopspryse van wyn is op 30 stuiwers per mengel van 8 mutsies vasgestel. Pagpenninge sou in die vervolg in 2 paaiemente betaal moes word. Vgl. Dagregister 30 April 1683: V.C.9, pp. 933-936.

28. Vgl. Pl. 19/20 Jan. 1684: Kaapse Plb., i, pp. 193-194.

29. Vgl. Pl. 19/20 Jan. 1684: Kaapse Plb., i, pp. 193-194.

30a. Vgl. Res. 20 Junie 1684: C5.

30b. Res. 31 Des. 1684: C5, pp. 618-619.

bepaling van 20 Junie dus weer bekragtig. (30c) Ses maande later het van Rheede egter teen hierdie maatreël geprotesteer, want „waer sou d' Ed. Comp. met haer eijge wijn blyven?" (31) In 1686 is dit dus weer bepaal dat die wynboere hulle wyn alleen aan die Kompanjie moes lewer teen vasgestelde pryse. (32)

Ons het reeds kennis gemaak met die feit dat die tappers verbied was om voor of gedurende die kerkdiens op Sondae drank te bedien. In 1678 kla die pagter egter oor hierdie reëling, want, so redeneer hy: die garnisoen werk dwarsdeur die week „en wanneer 't selve op Sondagh voor de middagh (wanneer oock veel luijden ter predicatie gaan gewent sijn een soopje te nuttigen) en bijna den geheelen dagh verboden wiert, deselve heel distituijt blijven van hare neringe en onbequaam om hare sware pachtpenningen jaarlijcx te kunnen opbrengen, alsmede dat hetselve bij haarluijden tijt aan de Caap nooijt meer was gepractiseert geweest, ..... " (33) Aangesien die pagters se saak nie sterk genoeg was nie, en „vermits 't hier nooijt bij voorige tijden geobserveert is, ..... " (34) is

hulle/...

---

30c. Ibid.

31. Theal: Rapport van H.A. van Rheede, p. 31.

32. Ibid. en vgl. Journaal van H.A. van Rheede, op. cit., p. 58 en Rapp. en Instr. der Commissarissen (1657-1764): V.C.36, p. 286.

33. Pl. 1 Feb. 1678: Kaapse Plb., i, p. 150 en vgl. Res. 31 Jan. 1678: C3, pp. 274-276.

34. Ibid.

hulle saak verwerp en is die ou reëling behou.

--------------oOo--------------

## II. DIE KAAPSE WYNPAG (1685-1698).

Gedurende die vorige periode het die Kompanjie herhaalde male rondgetas en telkens veranderinge in die pagvoorwaardes aangebring, nie noodwendig om die wynboere of pagters tegemoet te kom nie, dog hoofsaaklik om die belange van die Kompanjie te beskerm.

Dit was veral te wyte aan die bemoeiinge van één persoon wat die pagstelsel gedurende hierdie periode 'n ander kleur aangeneem het, alhoewel die pagvoorwaardes nie geheel-en-al gewysig is nie. Uit die optrede van hierdie persoon, Kommissaris H.A. van Rheede, spreek dit duidelik dat die belange van die Kompanjie altyd bo die van die buegers gestel moes word. Dit was veral die wynhandel wat sy aandag geniet het, en hier het hy duidelik sy invloed laat geld.

Kommissaris-generaal H.A. van Rheede het op 19 April 1685 aan die Kaap aangekom en het weer op 17 Julie van dieselfde jaar vertrek. (1) Gedurende hierdie kort tydjie het hy 'n deeglike studie van die Kaap met al sy probleme gemaak en reeds vroeg gee hy sy indrukke oor die leefwyse van die ingesetenes. Hy

is/...

1. Böeseken, A.J. - Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap (1657-1700), p. 162.

is daarvan oortuig dat „de vrije luijden omtrent het Casteel nie anders dan op schackerije en sluijkerije leven," en gevolglik nog altyd „voor d' Compagnie tesaemen schadelijck en bovendien noch altijt misnoegt zijn en blijven ..... 'T welck soo het gevalt in huijden door debauche bedorven, is d' E. Compagnie of aen onnutte dienaren of een banquerot vast, waeruijt niet anders volgen kan dan dat alhier tot vrije burgers zullen blijven arme luijden, of met schulden beladen door aenkopen van land en vee dergeenen, die reets vertrocken zijn." (2)

Die Kaap het dus geen goeie indruk op hom gemaak nie. Hy gaan voort om allerhande noukeurige berekeninge te maak, en uiteindelik toon hy aan hoe nadelig die hele wynhandel vir die Kompanjie was - hy beveel aan dat die hele wynhandel - die produksie daarvan sowel as die aanplant van wingerde - in die hande van die Kompanjie gelaat moes word.

Eerstens bereken hy die winste wat die wynpagter jaarliks ingesamel het. (3) Hierdie besonderhede is van besondere waarde aangesien dit vir ons 'n duidelike beeld gee van die winsgewendheid van die wynpag. Met die opveiling van die wynpag op 31 Des. 1683, is die som van f6,300 behaal. (4) Die Kaapse wynpagter

het/...

---

2. Hulshof, Dr. A.: H.A. van Rheede tot Drankenstein, Journaal van zijn verblijf aan de Kaap (Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap), Dl. 62, pp. 126-127.
3. Instruksies aan S. van der Stel deur H.A. van Rheede: C708, pp. 71-72.
4. Ibid., en vgl. Uitg. Br. 30 April 1684: C500, p. 766.

het altesaam 44$\frac{3}{4}$ lêers wyn teen 50 Rds. per lêers by die Kompanjie se pakhuise afgehaal. Die totale kosprys vir die wyn kom dus op (44$\frac{3}{4}$ x 50 Rds.) f6,699 te staan. Die totale onkoste van die pagter is dus (pagpenninge + kpopprys wyn) f12,699. Die verkoopsprys van die wyn was op fl:10 per kan van 10 mutsies vasgestel, d.w.s. (410 kanne per lêer x 44$\frac{3}{4}$) x fl:10 = f27,521:5. Die profyt van die pagter het dus op f14,522:5 te staan gekom.

Behalwe die wyn wat die pagter by die Kompanjie moes koop, (5a) het hy seer sekerlik nog agteraf wyn direk van die wynboere of van passerende skepe gekoop. (5b) H.A. van Rheede stel hierdie hoeveelheid wat hy onwettig ingekoop het op ten minste 20 lêer vas, (6) d.w.s. plus minus nog 'n f9,000 wins is op die „contrabande" goedere gemaak, waarop die totale winste van die wynpagter jaarliks naasteby op soiets soos f23,500 te staan kom. Geen wonder dus dat verskeie persone getrag het om dié monopolie te behou. (7)

Van/...

---

5a. Volgens pl. 20 Jan. 1684 moes die pagter al sy wyne van die Kompanjie koop, nadat die wynboere dit aan die Kompanjie gelewer het. Vgl. pl. 20 Jan. 1684, Kaapse Plb., i, op. cit., p. 193.

5b. Vgl. br. Orig. Placc. Boek (1652-1686) C680, p. 202.

6. Instr. aan S. v.d. Stel: C708, p. 72.

7. Vgl. br. die geval van G. Eems wat vanaf 1681 tot 1686 vyf keer die aannemer van die pag was.

Van Rheede bereken verder dat die wynboere self beter daaraan toe was as die koringboere. Hy bereken dat van 1 morg wingerdstokke, onder goeie of slegte omstandighede tenminste 12-16 lêers wyn gepars kon word. Twaalf lêers wyn kon teen f540 verkoop word, „hoedanig in Christenheijd niet en sal werden gevonden en tegen 't coornland geen gemeenschap heeft." (8) Hy meen dat 'n saailand gedurende goeie of slegte oeste tussen 10 tot 12 mudde per morg kon lewer. Koringpryse was op f10 per mud vasgestel en die koringboer se inkomste per morg kon dus nie hoër as f100 tot f120 gestel word nie, en dan is al sy onkoste nognie eens afgetrek nie. (9) Die produkte van die koringboer het dus sleg vergelyk met dié van die wynboer. Oppervlakkig lyk dit dus asof die wynboer geen rede tot klagtes gehad het nie, dog later toe die wynpryse na 15 Rds. per lêer verminder is, kon die wynboer geen bestaan maak nie.

Die slotsom waartoe die Kommissaris kom, is dat die Kompanjie self die hele wynhandel beginnende by die aanplant van wingerdstokke, die produksie en selfs die distribusie en verkope daarvan, moet onderneem, aangesien die wynopbrengste asook die winste vir die Kompanjie vergroot kon word. Hy stel sy saak so: die pagter van 1684 het gekla dat hy nie genoeg wyn by die Kompanjie kon koop nie; hy sou volgens berekening tenminste 25 tot 30 lêers wyn nog kon

verkoop/...

---

8. Instr. aan S. v.d. Stel: C708, p. 75.
9. Ibid.

verkoop het, as die Kompanjie dit kon voorsien het. Van Rheede besluit dat „oversulx sal men voor den dienst van d' E. Compagnie dit wijnwerck wat naerder moeten insien." (10)

Wat die drankhandel betref, sê hy:

> „Het is kennelijck ..... dat de menschen op de scheepen komende uijt der zee en van een moeijelijke en lange rijse, haer selven alhier eens willen vervarschen en vervrolijken, al zouden zij daertoe den laesten stuijver, jae het hemd van 't lijf aen te kost hangen. Dat dese vrolijkheijt niet en het bestaet in het land, verversingh, vrugten, groenten, wandelingh etcetera, maer in een goeden roes, het hart eens lustigh op te haelen, 't zij dan oock in wat voor een drank het wesen mach." (11)

Hy meen dat indien die Kompanjie 'n prys „nae welgevallen" sou stel, dit 'n „seer considerabelen sleet in die coopmanszaken doen en groote winst (sou) behalen." (12)

Van Rheede redeneer dat as in ag geneem word met watter doel die Kaap gestig is, dit raadsaam sou wees om

> „een vast concept te arresteren om alhier den wynpars voor d' E. Compagnie te grondvesten, en met ernst en kracht onder haer Edele te houden, alle nieuwe

aenplantinge/...

---

10. *Ibid.*, p. 106.
11. *Ibid.*, p. 107.
12. *Ibid.*

aenplantinge aen de particulieren te verbieden, en van de reets geplante wijngaerden den wijn op een redelijken prijs aen te nemen ..... En considirerende den sleet van den wijn op driederhande wijsen, namentlijk datgene men alhier aen de pagter zoude megen geven getaxeert of aen verscheijde luijden om tegen een vasten prijs te mogen uijtslijten, mitsgaders buijten vercoopingh bij particulieren in haer menagie te consumeren geen neringh doende, de wijnrandsoenen aen degenen die nae haer qualiteiten zulx gemeten selver oock aen de schepen, tusschen hier en India voor uijtgaende, en van hier nae 't vaderlandt voor de thuijsvarende, dese Caepse wijn, koel ofte gebroudt te doen verstrecken, ende eijndelijck als coopmanschap deselve van hier nae Batavia en Ceylon over te senden." (13)

Die hele wynhandel, uitvoer sowel as verkope, moes na sy mening deur die Kompanjie oorgeneem word en so die „schaede van het verlies door stilsitten in den handel geleden geheel niet balanceren," (14) in die vervolg tot 'n wins van minstens f102,000 jaarliks wat die wynhandel alleen betref, omskep word. (15) Op daardie stadium was meer as 12 morge grond onder wingerdstokke en hy het bereken dat binne 4 jaar daar 144 lêers wyn geproduseer kon word. (16)

Van Rheede het tot die gevolgtrekking gekom dat indien 'n vryhandel met drank tussen die pagters,

wynboere/...

---

13. *Ibid.*, pp. 109-110.
14. *Ibid.*, p. 107.
15. *Ibid.*, p. 112.
16. *Ibid.*, pp. 40-41.

wynboere en verbygaande skepe plaasgevind het, sou die Kompanjie groot verliese ly, want hierdeur „blijven 's Comp's andere drancken leggen."[17] Derhalwe, neen hy „sal op andere middelen dienen gedaght (werden), ten eijnde dese colonie niet tot schade, maar tot sonlaas en hulpe magh weesen."[18] Nieteenstaande die verbod van Januarie 1684[19] op vrye wynhandel en die opheffing daarvan weer in Junie van dieselfde jaar,[20] het die Politieke Raad op aanbeveling van die Kommissaris, laat besluit om die regte van die Kompanjie te beskerm, en weereens is 'n verbod in Januarie 1686 op vrye wynhandel geplaas - die wynboere moes alle wyn aan die Kompanjie lewer, terwyl die pagters al hulle wyn weer van die Kompanjie moes koop.[21]

Met die veranderinge wat teweeg gebring is, moes die wynpryse natuurlik ook vasgestel word. Vir die twee soorte wyn wat die wynboere lewer, sou die pryse soos volg wees:[22]

1 (a) „Klaare wijn" teen 20 Rds. per legger.
  (b) Druiwe sap van hierdie „getrede" wyn teen 15 Rds.

2 (a) „Geparste klaare" wyn teen 15 Rds.

per/...

---

17. Mem. en Instr.: C700, p. 484 (16 Julie 1685).
18. Ibid.
19. Vgl. Pl. 19/20 Jan. 1684, Kaapse Plb. i, p. 194.
20. Vgl. Pl. 20/21 Junie 1684, Kaapse Plb. i, p. 196.
21. Vgl. Pl. 21/23 Jan. 1684, Kaapse Plb. i, pp. 209-210.
22. Vgl. Res. 21 Jan. 1686, Kaapse Plb. i, p. 209.

per lêer.

2 (b) Sap van „geparste" wyn teen 10 Rds.

Die pryse waarteen die pagters hulle wyn by die Kompanjie kon koop is ook vasgestel of f550 per lêer.[23] In Desember 1693 is die pryse weer verander, toe bepaal is dat wyn van die wynboere teen 30 Rds. per lêer ingekoop sou word en dat die pagters nou minder, nl. 100 Rds. per lêer moes betaal, aangesien hulle beswaarlik 'n bestaan kon maak teen die hoë pryse.[24] Vanaf 1685 tot 1692 toe die hoë pryse waarteen die pagters hulle drank moes inkoop gehandhaaf is, was die gemiddelde pagprys waarteen die Kaapse wynpag aangeneem is f2,559. Dog net na die verandering van pryse, en die vermindering daarvan wat kooppryse vir die pagters betref, is reeds met die volgende opveiling die f10,000 merk oorskry.[25]

Uit bogenoemde syfers blyk dit dus duidelik dat die Kompanjie vir sy eie belange gesorg het, en soveel wins moontlik uit die transaksie getrek het. Selfs nadat die pryse vir oulaas verander is, het die Kompanjie nog 70 Rds. op elke lêer wyn wat hy verkoop het, gemaak.

Met die vasstelling van pryse in 1686 het die wynboere terselfdertyd vrystelling van die 8 Rds. op 'n

lêer/...

---

23. Vgl. Res. 30 Des. 1693: C6, p. 502.
24. Ibid.
25. Vgl. die opveiling van die Kaapse wynpag op 31 Des. 1693 toe 'n bedrag van f10,050 vir die pag aangebied is.

lêer „geregtigheijt" ontvang,[26] (dit was die 1 Rd. wat op elke halfaam wyn gehef is) want dit was onder die „pagtpenningen begreepen."[27] Voordat 'n boer wou begin pars, moes die Fiskaal of 'n ander gemagtigde gaan toesig hou, sodat net dié soorte wyn wat gepars is, nie met water verdun is nie. Slegs een keer is iemand hierna op bedrog betrap. In 1692 is Arnoldus Blank se wyn aan hom terug besorg, toe gevind is dat hy sy wyn met water gemeng het.[28]

Nog 'n belangrike aanbeveling wat H.A. van Rheede gedoen het, was dat ingeval die Kaapse wynpag te groot was vir een persoon om te beheer, dit nie strydig sou wees met die belange van die Kompanjie indien „verscheijde luijden wierden gepermitteerd tapneringh te doen."[29] Hiermee het hy nie bedoel dat die pag self aan meer as een persoon verkoop moes word nie, dog dat „bijtappers" toegelaat word in 'n poging om sy saak te vergemaklik. Sy bedoeling blyk duidelik by die pagvoorwaardes wat hy opgestel het en wat later deur Simon van der Stel net so oorgeneem is.[30] Die voorwaardes was soos volg:-

(i) Die pagter moes behalwe homself nog twee vermoënde borge laat teken wat hulle onvoorwaardelik sou

bind/...

26. Res. 21 Jan. 1686: C5 (1681-86).
27. Instr. aan S. v.d. Stel: C708, p. 68.
28. Dagregister 28 Mrt. 1692: V.C.12, p. 718.
29. Mem. en Instr. C700, p. 487 (16 Julie 1685).
30. Vgl. Pacht Conditiën (1687-1714) C670, pp. 9-12 en Res. 19 Des. 1685: C5, pp. 307-312.

bind (onder „renunciatie van de benefictie ordinis divisionis et excussionis").

(ii) Die pagter moes sonder uitsondering al sy wyn van die Kompanjie koop teen f500 (Kaapse valuasie) per lêer. Hy mag van geen ander persoon wyn gekoop het nie. Hy mag selfs nie eens sy eie wyn verkoop het nie, maar moes dit eers aan die Kompanjie verkoop en kon dit daarna weer terug koop. Enige oortreding in dié verband sou hom sy pag kos teen die volle bedrag wat hy verskuldig was.

(iii) Hy sou geen aanspraak kon maak op die 8 Rds. „impositie" per legger wyn wat deur die wynboere geproduseer is nie. Hierdie bedrag sou na die Kompanjie „als een wettigh prerogatief" gaan.

(iv) Die pagter sou verplig wees om sy pagpenninge in twee paaiemente te betaal; gedeeltelik (helfte) in klinkende munt en die res in ander geldwaardes gelykstaande aan die uitstaande bedrag. Geen uitstel sou gegee word nie.

(v) Behalwe homself sou hy toegelaat word om nog twee persone as „bijtappers" aan te stel om hom met sy saak te help.

(vi) Hy kon sy drank teen 30 stuiwers per mengel (of kan van 10 mutsies) verkoop. By oortreding van hierdie regulasie sou hy met 25 Rds. beboet word.

(vii) Die pagter en sy bytappers kon wyn op enige plek aan die Kaap verkoop. Die limiete was dus onbeperk en geen ander persoon sou toegelaat word om hulle daarin te hinder nie.

(viii) Die pag sou verder op 28 Desember en nie op die 31ste soos gewoonlik, opgeveil word.

Ter/...

Ter beskerming van die pagters en te meer die regte van die Kompanjie is in 1692 by die voorwaardes bygevoeg dat geeneen wyn na die Kaap kon vervoer sonder skriftelike toestemming van die Goewerneur nie. Enige persoon wat betrap is dat hy wyn verkoop aan privaat persone, sou met fl,000 beboet word. (31) Hierby is gevoeg dat die pagter nie sy wyn met „seg" of Spaanse wyn mag gemeng het nie. (32) By oortreding van hierdie reëling sou hy net 20 Rds. beboet word.

Dit is reeds gestel dat die pagter vanaf die begin van 1694 sy wyn teen f300 of 100 Rds. kon inkoop, terwyl hy dit voorheen teen f550 moes koop. Die pryse waarteen hy weer kon verkoop is ook verminder van 30 stuiwers per mengel (van 10 mutsies) na 20 stuiwers per mengel (van 8 mutsies). (33)

Vanaf 1696 moes wyn wat deur die wynboere na die Kompanjie se pakhuise gebring is, deur „gecommitteerdes" goedgekeur word. (34) Dit is vanselfsprekend dat hierdie stelsel ook wanpraktyke in die hand sou werk. As voorbeeld dien hier die geval van die wynboer Abraham de Villiers. Hy het in 'n beëdigde verklaring vertel hoedat hy verlof ontvang het om 3 lêers wyn by die Kompanjie se kelder af te lewer, dog dat dit deur die keldermeester sonder rede afgekeur is. Gedurende die volgende jaar is die voorval weer herhaal en moes hy sy drank die hele pad weer terugneem, „welck mij seer moeijde zijnde wel sesthien mijlen van de Caab

af/...

---

31. Pacht Conditiën: C670, pp. 115-118 (31 Des. 1691).
32. Ibid.
33. Pacht Conditiën: C670, pp. 209-210 (31 Des. 1693).
34. Vgl. Uitg. Br. 1 Aug. 1696: C505, p. 207.

af." [35] Hy verklaar verder dat sy vriende aan hom meegedeel het dat hy eers 'n „prezent gedaan (moest) hebben van een legger ..... ," voordat dit aangeneem sou word. [36]

Die Kompanjie het die monopolie in die groothandel van drank probeer behou, dog telkens het dit gebeur dat geen drank (weens 'n tekort daaraan) nie uit die pakhuise aan die pagters voorsien kon word nie. 'n Afslag van pagpenninge moes gewoonlik sondermeer toegestaan word. Hier kan die gevalle in 1694 waar Godfried Meijnhuijsen, die pagter van Vaderlandse dranke f800 afslag gekry het, Steven Vermeij, die Brandewynpagter, wat f3,000 afslag gekry het, [37a] en Frederik Russouw die wynpagter, wat van sy laaste paaiemente vrygestel is, [37b] tot voorbeeld dien.

In 1694 is weer bygevoeg dat ingeval die Kompanjie nie genoeg drank aan die pagter kon voorsien nie, moes die pagter dadelik die sekretaris daarvan in kennis stel, sodat hy pro rata afslag vir die tyd wat nog oor was, kon kry. Die klousule was ook indirek op smokkelhandel gerig, want nadat die pagter die sekretaris kennis gegee het van die tekort aan wyn, was hy verbied om verder enige wyn te verkoop onder 'n boete van f600. [37c]

Met/...

---

35. Contra Deductie, p. 115.
36. Ibid.
37a. Vgl. Res. 6 Jan. 1694: C6, pp. 509-510.
37b. Vgl. Res. 31 Des. 1694: C6, pp. 517-518.
37c. Pacht Conditiën: C670, p. 243 (31 Des. 1694).

Met die drankhandel het daar dan ook allerhande ongeoorloofde oortredings gepaard gegaan. Telkens moes sekere ou regulasies herhaal word, en soms is nuwes bygevoeg. So volg daar in 1690 'n algemene plakkaat waarin o.a. die volgende regulasies bekend gemaak word: word: (38)

(i) Geen tapper sou toegelaat word om drank voor of gedurende godsdiensoefening te voorsien nie (Boete - 3 Rds.)

(ii) Na „besette wag" (d.i. half-tien) saans mag geen drank verkoop word nie (Boete - 2 Rds. vir eerste oortreding, 4 Rds. vir die 2de en 10 Rds. vir die 3de oortreding).

(iii) Sodra 'n persoon iemand gewond of gedood het, moes hy aangehou word of deur „geschreeuw en misbaar den manslag bekend maken." (39a)

(iv) Geen pagter of herbergier sou toegelaat word om besoekers van die skepe te herberg sonder verlof nie. Die boete by oortreding sou 10 Rds. beloop.

(v) Persone wat na sononder Kompanjiesamptenare met drank voorsien het of geherberg het sonder verlof, sou beboet word met 10 Rds. by die 2de en 50 Rds. by die 3de oortreding. 'n Amptenaar wat na sononder in 'n herberg sonder verlof gevind is, sou met 3 Rds. beboet of „gelaarst" word.

In/...

38. Vgl. Pl. 6 Jan. 1690 soos weergegee in V.C.12, p. 243 (31 Des. 1694).

39a. Ibid., p. 348.

In 1693 is die pagters selfs verbied om krediet aan soldate of matrose te verskaf, aangesien die Kompanjie nie verantwoordelik gehou kon word vir skulde van sy amptenare nie.[39b]

Ten spyte van die herhaalde waarskuwings teen die sluikhandel en die hoë boetes wat daarop gehef is, het sommige ingesetenes

> „tot vilipendie der geseide placcaten, ..... haer niet ontsien ter sluijk ..... wijnen mede te tappen, en uijt te venten, 't welk ..... een saek te zijn, dewelke streckende is, tot merkelijke praejuditje en nadeel voor de Edele Compagnie, ende tot groote schaade van den gepriviligeerde pagter in der tijd ..... " (40)

Die ou boete op hierdie oortreding sou fl,000 soos toegepas op die wynboere, bly, dog daarby sou hy uit die Kaapse distrik moet pagdee na Stellenbosch of Drakenstein,

> „omme aldaer den lantbouw bij der hand te nemen, waertoe hem aldaer een stuk lands sal werden aengeweesen, en dat verder die geene die onvermogend sijn, in cas van contraventie van deese onse placcaten, de voorseide gestatueerde boeten te betalen soolange aan de gemeene werken sal moeten arbeijden, tot dat bereekent kan werden de gezeijde boete tot fl,000: - door haar gedane arbeijd voldaan te zijn." (41)

Daar/...

---

39b. Pl. 24 Julie 1693: Orig. Plb.: c681, p. 186.

40. Pl. 17 April/5 Junie 1696, Kaapse Plb. i, p. 295.

41. Ibid., p. 296.

Daar word verder gekla dat

> „sommige haar niet ontsien, maar durven verstouten in 't geheijm, en bedekt wijnen, en sterke dranken bij avond, ontijden, en anders binnen dese fortesse uijt te venten, en te verkoopen, als ook om onder het groote swarigheeden, en onheijlen, ja selfs muijterye en oproer in tijd en wijle sou den connen ontstaan." (42)

Tot voorkoming hiervan moes alle sersante en korporaals wie op wagbeurt was, noukeurig dophou wat alles binne die Fort gebeur het en enigiets verdags aan die offisier rapporteer. Indien 'n onderoffisier of offisier in gebreke gebly het om soiets aan die Fiskaal te rapporteer, sou „soodanige van qualiteit en gagie (sal werden) gedeporteerd en op f9:- ter maand gesteld." (43) Verder sou die Fiskaal („den geweldige") en sy handlangers („Caffers") die reg hê om ter eniger tyd alle gelisenseerde suikerbierbrouers en tappers se huise te visenteer, „om te sien of zijlieden ook eenige fraude met wijnen of andere dranken te verkoopen, coomen te pleegen ..... " (44)

Sulke beperkings het die lewe vir die wynboere asook die pagters soms moeilik gemaak. Eers met die verligte regulasies van Kommissaris Daniël Heyns in 1699 sou daar enigsins 'n verbetering intree.

Die/...

---

42. Ibid.

43. Ibid.

44. Ibid., p. 297.

Die verpagting van die Kaapse wyne het tot aan die einde van sewentiende eeu geen reëlmatige styging aangetoon nie. Trouens dit het skommelings ondergaan, soos die syfers dan ook aantoon:(45)

| Datum. | Prys in f | Aannemer v. pag. |
|---|---|---|
| 31 Des. 1685 | 1,500 | Jan Dirxe |
| " 1686 | 2,200 | G. Eems |
| " 1687 | 2,400 | Jan D. de Beer |
| " 1688 | 2,125 | G. Victor |
| " 1689 | 2,900 | " |
| " 1690 | 2,150 | C.S. Botma |
| " 1691 | 3,100 | G. Meijnhuijsen |
| " 1692 | 4,100 | " |
| " 1693 | 10,050 | F. Russouw |
| " 1694 | 12,800 | S. Vermeij |
| " 1695 | 14,960 | F. Russouw |
| " 1696 | 13,325 | Jacob Vògel |
| (46) " 1697 | 11,150 | Steven Vermeij |
| " 1698 | 13,875 | " |

Die lae pryse wat vir die Kaapse Wynpag tussen 1685 en 1692 aangebied is, kan slegs toegeskryf word aan H.A. van Rheede se bepalinge i.s. die pryse waarteen die pagters hulle wyn kon inkoop,(47a) nl. teen f550. Nie alleen het dit beteken dat die Kompanjie van 800-1,000% wins gemaak het nie, maar dit het ook smokkelhandel in die hand gewerk, waarin die wynpagters die grootste

oortreders/...

45. Opgestel uit gegewens uit Resolusies, Dagregister en Pagvoorwaardes.

46. Hierdie pag sou slegs tot ult. Aug. duur d.w.s. net vir 8 maande.

47a. Die saak is reeds elders in die hoofstuk bespreek.

oortreders was. Die feit dat sulke lae pryse gehandhaaf is, het die owerhede ontstem, dog hulle het besluit dat dit verstandiger sou wees om enige drastiese veranderinge op die lange baan te skuif.[47b] Hoewel die saak hierna herhaaldelik weer bespreek is,[47c] is geen daadwerklike verandering in die Kaapse wynpag voor eers in 1699 aangebring nie. Die reëlmatige styging van die pagpryse vanaf die begin van 1694 toon aan dat die nuwe prysindeling waarteen die pagter sy drank by die Kompanjie kon inkoop 'n mate van verligting meegebring het.

Van nou af het die wynpag koers gekry en selfs die negejarige oorlog tussen Nederland en Frankryk (1688-97) het feitlik geen uitwerking op die pagstelsel uitgeoefen nie. Simon van der Stel kon self meld dat die verskillende pagte, „onaangesien de hachelijke en bekommerlike tijden die mij thans wegens den sevenden Oorlogh beleven, tot een merkelijke somme gesteigerd waren."[48]

---

47b. Vgl. Res. 20 Des. 1688: C6, p. 266.

47c. Vgl. Res. 27 Des. 1690; 30 Des. 1691; 31 Des. 1692.

48. Uitg. Br.: 16 Julie 1695, C504.

# H O O F S T U K  V.

## STRYD EN BESTENDIGING.

(1699-1752)

(Die Kaapse Wynpag vervolg).

Veranderinge van D. Heijns en andere. Van der Stel-stryd. „Bytap-" kwessie. Generaal-pagstelsel in 1734 weereens ingevoer. Klagtes van pagters. Daling en styging pagpryse. Wynpryse. Smokkelhandel. Wetgewing in dié verband. Oorsig wynpag.

# HOOFSTUK V.

## STRYD EN BESTENDIGING (1699-1752).

## (DIE WYNPAG VERVOLG).

Ingrypende veranderings sou gedurende hierdie periode aan die Kaapse wynpag aangebring word - voorwaardes wat direk in stryd was met die bepalings van die vorige tydperk. Hierdie veranderings is met één doel ingestel: eerstens om die belange van die Kompanjie te beskerm en tweedens om 'n groter inkomste aan die Kompanjie te besorg. Dit was duidelik dat van Rheede se maatreëls herhaaldelik aanleiding tot moeilikhede gegee het. Nie alleen die pagters nie, maar selfs die wynboere het voortdurend gekla.[1] Die pagsom het dan ook vanaf 1684 relatief gedaal. In daardie jaar het dit f9,900 bedra en in 1692 het die prys tot f4,100 gedaal.[2] Hoewel die pagprys in die daaropvolgende jare aanmerklik gestyg het en die Politieke Raad 'n einde wou maak aan die „sinistre en fraudulente doliantie" van die pagters, het Kommissaris Daniël Heijns in 1699 enige verbeteringe in die pagvoorwaardes aangebring om daardeur die Kompanjie se inkomste te verhoog. Hierdie veranderinge het dadelik 'n positiewe styging in die pagpryse teweeggebring en het jaar na

jaar/...

---

1. Vgl. Res. 7 Julie 1692: C6, pp. 427-428 en Res. 30 Des. 1693: C6, p. 500 en Res. 6 Jan. 1694: C6, p. 506.

2. Res. 30 Des. 1693: C6, pp. 501-502.

jaar relatief hoër gestyg. Die nuwe veranderinge het ook in 'n ander opsig 'n goeie uitwerking gehad, want besoekers aan die Kaap kon voortaan „niet alleen meerder accomoditeijt ende beleefdheden genieten, als zijnde nu niet meer aan een plaatse of aan een pachter gebonden," maar kon ook 'n beter gehalte Kaapse wyn koop teen helfte van die vorige prys. (3)

Skeepslui het herhaalde male gekla dat die wynpagter swak dienste gelewer het, en dat dit hoog tyd was dat besoekers aan die Kaap „beeter voor zijn geld mogt getracteert en beleefder ontfangen word." (4) Wanneer ons dit in aanmerking neem dat slegs één persoon so 'n uitgebreide saak soos die wynpag moes behartig, is dit te verstane dat hy 'n gedeelte van sy klandisie moes afskeep en verwaarloos. Plaas dat die pagter goeie wyn en behandeling aangebied het teen die buitensporige pryse wat hy gevra het, het sy dienste en wyn veel te wense oorgelaat. Hoofsaaklik om bogenoemde te voorkom, om die Kompanjie 'n groter inkomste te besorg en om kompetisie in die hand te werk sodat beter dienste gelewer kon word, het Kommissaris D. Heijns in oorleg met W.A. van der Stel besluit om die wynpag

in/...

---

3. Uitg. Br.: C507, p. 68.
4. Uitg. Br. 14 Mrt. 1701: C507, p. 65.

in die vervolg in vier persele (dele) op te veil. (5)

Die Kaapse wynpag is vir die eerste keer onder die nuwe voorwaardes op 11 Maart 1699 opgeveil en sou geld vanaf 1 September tot 31 Augustus van die volgende jaar. Vanaf die volgende jaar sou die jaarlikse opveiling van die pagte op 31 Augustus geskied en nie op 31 Desember, soos voorheen nie. Die pagte was voorheen om geen besondere rede aan die einde van elke jaar opgeveil, dog voortaan sou dit in Augustus plaasvind, omdat die Kaap se finansiële state, „om in de generaale batavise boeken mede ingeleijft te werden, jaarlijks op die laetste dato moeten gesloten werden," (6) en verder,

> „ten einde dezelve naderhand in 't net geschreven en met 't vertrek van de Retour-vloot aan de Heren Bewindhebberen van deze Bloeijende Maatschappij in Holland behoorlijk gezonden zouden konnen worden." (7)

Die belangrikste veranderinge wat aangebring is, is

(i) dat die pag „sal verpaght werden bij vier parcelen," en dit aan „vier bijsondere en meestbiedende persoonen." (8)

Hierdie/...

---

5. Ibid.
6. Uitg. Br. (1696-98) C505, p. 1000.
7. Kolbe, P. - Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, Vol. ii, p. 276.
8. Pacht Conditiën: C670, p. 389 en vgl. Pl. 9 Mrt. 1699, Kaapse Plb. i, p. 310, asook Dagregister 9 Mrt. 1699, V.C.15, pp. 73-76.

(ii) Hierdie pagters moes verklaar dat hulle geen onderlinge kontrak met mekaar aangegaan het nie, dog dat elkeen „voor sig self gepagt te hebben."

(iii) Dit sou die pagters vry staan om hulle wyn in te koop van wie hulle wou, „gelijck oock de goede ingesetenen hare wijnen, van haar landerijen, sullen mogen doen brengen en inslaan sonder contradictie van iemand, wie hij sij." Hier moet opgemerk word dat die Kompanjie sy monopolie in die wynhandel verloor het, dog die vermeerdering in die pagpenninge het hiervoor vergoed.

(iv) Die wynpagters sou die enigste wettige persone wees wat Kaapse wyn by die klein maat, „ofte het setten van gelagen" kon verkoop, teen enige pryse wat hulle goedgedink het. Die ou pryse waarteen hulle hulle drank moes verkoop: 20 stuiwers vir elke mengel van 8 mutsies, is teruggeroep.

(v) 'n Ander nuwe bepaling was dat geen aansoeke om afslag van pagpenninge toegestaan sou word nie.

(vi) Geen persoon sou toegelaat word om so 'n pag aan te neem, alvorens bewys gelewer is dat hy „ter sake van voorgaande pagter niets aan d' Ed. Comp<u>ie</u> ten agteren is." (9)

Die/...

---

9. <u>Pacht Conditiën</u>: C670, p. 310.

Die ou reël dat helfte van die pagpenninge in klinkende munt betaal moes word, sou na 1704 ook nie meer geld nie; hierna sou „goeden gangbaren geld" ontvang word. (10)

Met die opveiling op 11 Maart 1699 is 'n totaal van f23,300 vir die vier persele behaal, 'n som van f9,425 meer as die vorige keer, en met die daaropvolgende opveiling in 1700 styg die prys tot f38,300 vir die vier persele saam. (11)

Die enigste nadeel wat hierdie nuwe reëling meegebring het, was dat die pryse van die ander pagte (Brandewyne en Vaderlandse dranke) relatief gedaal het. (12) Gevolglik moes nuwe skikkinge getref word om die ander pagters tevrede te stel. (13) Dit is ook opmerklik dat tot voor die veranderinge wat deur Heijns aangebring is, die brandewynpag jaarliks meer as die Kaapse wynpag opgelewer het, dog hierna het die wynpag die belangrikste pag gebly. (14)

Die/...

---

10. Vgl. Pacht Conditiën: C670, p. 593 en Dagregister 29 Aug. 1704: V.C.16, p. 610.
11. Vgl. Bylaag.
12. Vgl. hier die bylaag waarin die pagpryse vir elke jaar aangegee word.
13. Vgl. Pl. 25 Aug./17 Sept. 1699, Kaapse Plb. i, p. 313, en vgl. hierby Dagregister 17 Sept. 1700.
14. Vgl. Bylaag.

Die feit dat die wynpag op 31 Augustus 1701 f15,850 minder as die vorige jaar opgelewer het, het W.A. van der Stel gehinder en dadelik aangespoor om nuwe voorwaardes te beproef. Oorweging is geskenk aan die feit of een persoon meer as een perseel kon koop en dat 'n pagter vir elke perseel nog 'n bytapper kon aanstel.[15] Dit is uiteindelik so aangeneem en by die bestaande pagvoorwaardes gevoeg.[16] Van der Stel het egter uit die oog verloor dat die wingerde voor die oes „door verder toevalligheden, soo van sprinkhaanen en calender" verniel is,[17] dat die wynopbrengste van 1025 lêers in 170 tot 970 lêers in 1702 gedaal het.[18] Voordat persone die wynpag sou aanneem is dit vanselfsprekend dat soiets soos 'n swak oes 'n belangrike rol sou speel by die oorweging van hoeveel vir 'n perseel aangebied sou word.[19] Dit is dus onverklaarbaar waarom van der Stel nie by die

laer/...

15. Vgl. Dagregister 30 Aug. 1702, C598, pp. 176-177; Res. 30 Aug. 1702: C7, p. 76 en Pacht Conditiën: C670, pp. 541-543. Die reëling was reeds in 1702 vasgelê; Vgl. Dagregister 30 Aug. 1702, C598, pp. 176-177.
16. Pacht Conditiën: C670, p. 541.
17. Uitg. Br. 20 Mrt. 1702: C507, p. 410.
18. Uitg. Br. 1 April 1703: C507.
19. Dit was werklik die rede waarom so min vir dié pag aangebied is.

laer pagpryse berus het nie, terwyl hy tog bewus moes gewees het van die swak oeste. Blykbaar het sy entoesiasme om groter pagpryse vir Here XVII te toon, sy vergesig verblind. Of hy dit toe reeds in die vooruitsig gestel het, om persoonlike vriende te bevoordeel, is moeilik om vas te stel.

Op 29 Augustus 1705 het Willem Adriaan van der Stel by die sitting van die Politieke Raad, waar sy persoonlike vriend Johannes Phijffer ook teenwoordig was,[20] opnuut die wynpag bespreek. Gedurende die sitting het van der Stel aangetoon, dat met die laaste verpagting op 30 Aug. 1704, f6,750 minder vir die wynpag aangebied is as die vorige keer. Op sy aanbeveling het die Raad besluit dat die Kompanjie die reg sou behou om die pag, nadat dit in vier persele opgeveil is

> „en zoovele niet konnende halen, als men daarvan wel hoopte en tegemoed zagh, als dan andermaal in zijn geheel in den affslagh te leggen, en op dien voet meerder geldende, den bieder voor 't generale pagter te laten blijven, sulx al diegene die vooraff een of meer vierde parten in pagt hebben aangeslaen daarvan zullen wezen ontheft en ontslagen, zonder tradictie of tegen zeggen van ijmand ..... "[21]

Geen/...

---

20. Vgl. Contra Deductie, p. 480. Dit was 'n uiters ongewone verskynsel dat privaat persone die Raadsitting bygewoon het. Dit het slegs gebeur wanneer 'n persoon 'n gewigtige versoek gehad het en in meeste sulke gevalle is sy versoekskrif aan die Politieke Raad voorgelees.

21. Res. 29 Aug. 1705: C7, p. 143. Dominicus merk op dat Fouché „zoekt daar, op het voetspoor van Bogaerts allerlei schelmerijen achter." Vgl. Dominicus - Het Ontslag van W.A. van der Stel, p. 25.

Geen wonder dus dat die ingesetenes op die Maandag, by die voorlees van die voorwaardes wat „vol van kromme en bochtige veranderingen" [22] was begin mor het nie. 'n Verweerder van W.A. van der Stel merk op dat, nouliks het die sekretaris die pagvoorwaardes voorgelees,

> „of 'er ontstont ten eersten een schielicke mompelingh onder sommige personen, de hoofden bij den anderen stekende, en voorts daer op als seditieuse roervincken, niet anders als of daer toe waren opgeruijt, en t'samen hadden gecomplotteert met den anderen, sonder enige minste eerbiedigheijt aen den E. Achtb. Raadt te betonen, of te bewijsen al morrende van de vergaderplaets ..... " (23)

Die wynpag is opgeveil en Johannes Phijffer, persoonlike vriend van die Goewerneur en 'n persoon met 'n uiters twyfelagtige verlede, [24] het die eerste drie persele en Michiel Leij die laaste perseel, aangeneem teen 'n totale bedrag van f36,450. [25]

Hiermee/...

---


22. Contra Deductie, op. cit., p. 12.
23. Korte Deductie, p. 165. (Copia-Extract Notule Pol. Rd. 31 Aug. 1705).
24. Boeseken, A., Kruger, D. en Kieser, A. - Drie Eeue, Vol. i, p. 137.
25. Phijffer het f9,000 vir elkeen van sy persele aangebied, terwyl Leij f9,450 vir syne aangebied het. Vgl. Res. 31 Aug. 1705: C7, pp. 145-146.

Hiermee is 'n styging van f3,800 bo die vorige jaar se prys herhaal: dog hierby het dit nie gebly nie - die pag is weereens in 'n „massa opgehangen zijnde," waardeur Phijffer die „generale" pagter teen 'n bedrag van f39,100 geword het en waardeur Leij, wat reeds drie jaar lank kontrakteur vir die lewering van vars vleis aan die hospitaal en verbygaande skepe was, (26) uitgeskakel is. Later het die Goewerneur sy optrede probeer verklaar deur te sê dat waar die een persoon driekwart van die pag gehad het, daar noodwendig twis sou ontstaan by so 'n onderneming. (27) Van der Stel se verweerder verklaar weereens dat die opstokers gekla het „ ..... om haeren bosen drift tegen hem ..... in het particulier nijt te braecken ..... " selfs waar die „ganschen Raat ..... seer voordeligh en dienstigh voor de Compagnie hadde geoordeelt." (28) Dieselfde persoon gaan verder deur te sê dat die Politieke Raad eenparig besluit het om die prosedure te volg, soos reeds uiteengesit, dog hy meld niks van die feit dat dit op aanbeveling van die Goewerneur geskied het nie (29) en dat hy heelwat invloed by hulle gehad het nie.

Maar/...

---

26. Vgl. Bogaerts, A. - Historische Reizen ..... , p. 48.5.
27. Res. 31 Aug. 1705: C7, p. 149. In 1704 het Phijffer reeds twee van die vier persele gehad en as hier geen twis plaasgevind het nie, hoekom sou daar dan noodwendig onenigheid plaasvind nadat hy nog 'n perseel bygekry het?
28. Korte Deductie, op. cit., p. 39.
29. Vgl. Res. 29 Aug. 1705: C7, pp. 142-143.


17
17

Maar hierby het dit nie gebly nie. W.A. van der Stel het hom self en sy vriende nog verder op die voorgrond gestel, of soos een skrywer dit treffend uitgedruk het: „They represented the Company, and bought in its name and with its money. The meat and wine contractors, again, were their dummies who bought and sold only for their principals."[30] Die toegewing van Heijns, nl. dat die negosie in wyne wat die wynboere betref, vry sou wees, het ook verdwyn toe Van der Stel bepaal het dat binne die omgewing van die hoogste van „de soo genaamde Roode blom, ongeveer een quartier uurs agter desen Casteele gelegen, en Soute revier, tot aan de witte boomen, leggende na de kant van de houtbay en't resort daar omtrent toe te rekenenen," geeneen toegelaat sou word om enige drank te verkoop nie.[31]

Dit is heel logies om te redeneer dat die Goewerneur getrag het om die groots moontlike som geld vir die Kompanjie te bekom. Uit hierdie oogpunt beskou, was sy nuwe stelsel werklik geniaal. Dog sy uiteindelike doel was die bevoorregting van persoonlike vriende en daardeur homself.

Dominicus sê, dat wat Bogaerts en Fouché ookal agter die verpagting self gesoek het, dit in die publick opgeveil is en al die mense wat teenwoordig was

eweveel/...

---

30. Cambridge Modern History, Vol. viii, p. 140.
31. Uitg. Br. 31 Mrt. 1706: C508, p. 965.

eweveel kans gehad het om te pag. Dog dit was juis die feit dat so 'n persoon soos Johannes Phijffer, wat weens bedrog etlike jare lank tot hardepad gevonnis is en nou direk bevoordeel is, wat die burgers omgekrap het. Hy was 'n man wat die vorige jaar twee persele van die wynpag en een van die brandewynpag aangeneem het teen 'n totale bedrag van f18,950 en kon nie eers daardie volle bedrag betaal nie. Hy moes afslag vra vir sy pagpenninge. Ten spyte hiervan het hy gewaag om f39,100 vir die wynpag aan te bied.

Fouché sê: „De beker der Vryburgers was met dit laaste schelmstuk van Van der Stel vol geworden." (32) Hierop verweer Dominicus Van der Stel: „Maar m.i. lijkt het meer op een koppige domheid, op een zoeken naar een aanleiding tot oproer dan op een schelmstuk. De eigenlijke oorzaak was wellicht dat ze het grootere voordeel niet gunden aan de Compagnie." (33) Dit is egter baie duidelik waarom die Vryburgers teen die Goewerneur gekant was: hy het doelbewus sy vriende probeer bevoordeel.

Van der Stel was egter bewus van sy onpopulariteit en in 1706 wend hy 'n laaste poging aan om sekere veranderings aan die wynpag aan te bring. Inskrywings sou vir die Kaapse wynpag ingewag word: Aspirant

kopers/...

---

32. Fouché, L. - Het Dagboek van Adam Tas, p. 202.
33. Dominicus - Het Ontslag van W.A. v.d. Stel, op. cit., p. 24.

kopers moes op die 16e, 17e en 18e Augustus hulle tenders by die „administrateur" Elsevier, se huis inlewer. Die Politieke Raad sou die bedrae wat aangebied is vergelyk om vas te stel of die tenders hoog genoeg was. Indien nie, sou die wynpag weer in vier persele opgeveil word.(34) Oor die algemeen is hierdie reëling geïgnoreer en volgens Van der Stel het die Vryburgers, „die dog na nieuwigheden haaken en in't algemeen vreemde Concepten smeeden" heeltemal van die opveiling weggebly.(35) Die Goewerneur se nuwe reëling het misluk en die wynpag is weer op die gewone voet verpag en hierdie keer het vier persone alkeen een perseel aangeneem.(36)

Nadat Here XVII van die ware toedrag van sake aan die Kaap verneem het, het hulle onmiddellik gelas dat die vier-perseel stelsel van Heijns weer in die vervolg toegepas moes word.(37)

'n/...

---

34. Vgl. Dagregister 27 Julie 1706: V.C.17, pp. 558-559 en Res. 27 Julie 1706: C7, p. 197.

35. Uitg. Br. 15 April 1707: C509, p. 84.

36. Vgl. Res. 30 Aug. 1706: C7, p. 205 en Orig. Plb. C681, pp. 449-451. Slegs f12,400 is aangebied deur die tenders. Vgl. Res. 30 Aug. 1706, C7, p. 206.

37. Ink. Br. 30 Okt. 1706: C429, p. 293 en Dagregister 31 Aug. 1707; C600, p. 355.

'n Saak wat groot moeilikhede hierna uitgelok het, was die bepaling van die klousule dat geen onderlinge kontrak deur die pagters met mekaar aangegaan moes word nie. Met die verpagting op 31 Augustus 1710 het die Politieke Raad vermoed dat die vier pagters vooraf 'n onderlinge ooreenkoms aangegaan het, om sodoende die pag teen betreklik lae pryse in te palm. Twee persone is aangestel om die saak te ondersoek,(38) en uiteindelik is besluit dat die pagters „genoegsaam te kennen geeven, dat zij onderlingh met den anderen in gemeenschap van intrest zijn ..... "(39) Die Politieke Raad wys daarop met die herhaling van so 'n voorval, dat „de E. Compagnie door soodanige collusien in haar wettig regt, hier omtrent niet mag benadeelt werden."(40) Gevolglik word die wynpag weer op 30 September opgeveil, en hierdie keer is f9,960 minder as die vorige keer aangebied.(41) Die Kompanjie kon nie duld dat sulke verliese gely moes word nie, en het kennis gegee dat die bedrag van f9,960 op Goewerneur van Assenburgh se rekening geplaas word.(42)

'n/...

---

38. Res. 2 Sept. 1710: C8, p. 24.
39. Res. C8, p. 132.
40. Res. 31 Aug. 1733: C28, p. 150.
41. Vgl. Pacht Conditiën: C670, p. 795.
42. Vgl. Uitg. Br. 4 April 1713, C510, p. 1075.

'n Ander saak wat die aandag getrek het, was die „bytap-kwessie." Reeds voor W.A. van der Stel se tyd was daar sprake van bytappers. Dit was persone wat deur die pagter self aangestel is om hom met sy saak te help. Gedurende hierdie tydperk sou die aanstelling van bytappers 'n probleem word en prominent op die voorgrond tree. Een van die nuwe voorwaardes wat na die Van der Stel-stryd aangebring is, was dat elke pagter 'n bytap vir sy perseel kon aanstel; hierdie voorwaardes sou egter slegs mondelings gestel word, sodat daar geen skriftelike verandering aan die herinstelling van Heijns se pagvoorwaardes aangebring sou word nie. Daar word selfs melding gemaak van die feit dat indien die pagters dit sou versoek, sou twee bytappers toegestaan word. (43) In September 1723 word hierdie voorreg egter gekanselleer toe die wynpagters 'n versoekskrif aan die Politieke Raad gerig het waarin hulle aansoek gedoen het om een bytapper elk aan te stel. (44) Die Politieke Raad het opgemerk dat by die opveilings die wynpagters

> „zig versekert houdende dat zoodanige menschen als gewoon zijn tot den bij tap gebruijkt, niet zoude durven ondernemen

eenig/...

---

43. Vgl. Dagregister: 30 Aug. 1708: C601, pp. 221-222 en verder Res. dieselfde datum: C7, p. 394.

44. Vgl. Requesten en Nominatiën: C230, p. 379 en Res. Sept. 1723, C18, pp. 241-342.

> eenig bot op 's Comps. wijnpagter te bieden, ten eijnde daardoor niet te verliesen het patrosinium en de gunst van de gem: pagters, omme gelijk bevoorens als hare bijpagters wederom g'emploijeert te werden waar door deselve niet alleen rijkelijk bestaan, maar ook dikwils zoo veel gelde daar mede komen te winnen als den pagter selve, door welke ingebondentheijd de oude pagters zig bevrijd vindende van meede dingers ..... " (45)

Om dus te voorkom dat die wynpag „soo Hoog of Laag aan te staan als het haarlieden goed dunkt" en verder om die pagvoorwaardes te handhaaf, is dit goedgedink om die versoek te weier.[(46)]

Die wynpagters was nie tevrede met die Raad se besluit nie en het dit weer aan hulle gestel dat hulle geweldige verliese hierdeur sou ly,[(47)] dog die Raad het hulle by hulle besluit gehou.[(48)]

Gedurende/...

---

45. Res. 7 Sept. 1723, C18, pp. 338-339.
46. Ibid. Hier dien opgemerk te word dat die vergunning wat in 1708 i.s. die bytap gemaak is, nog steeds 'n ongeskrewe voorwaarde was, gevolglik het die Raad hulle nie verplig gevoel om bytappe toe te staan nie.
47. Requesten, C230, pp. 435-437.
48. Vgl. Res. 5 Okt. 1723: C18, pp. 403-404.

Gedurende die volgende jaar in September het die nuwe pagters die saak weer aangeroer en uiteindelik is die saak in hulle guns uitgewys. 'n Beperking het egter met hierdie toegewing gepaard gegaan: om te voorkom dat die bytappers self groter winste as die pagters gemaak het, kon die pagters elkeen een soldaat uit die Kasteel as 'n bytapper aanstel. (49) Die Politieke Raad spreek verder die hoop uit dat „het selve zoo wel tot ontdecking van alle smockelarijen, als reijsing der pagten in't vervolg zal mogen strecken." (50) Daar het ook werklikwaar 'n geringe styging plaasgevind: vir die 5 jaar voor 1725 (d.w.s. voordat hierdie verandering aangebring is - 1720-1724) was die gemiddelde pagsom f22,690, dog vir die 5 jaar na dié verandering (1725-1729), het die gemiddelde pagprys tot f29,720 gestyg. (51) In 1731 het die Goewerneur dit selfs oorweeg om die pagters elkeen toe te laat om na sy eie keuse soveel bytappers as wat hy wou hê, aan te stel, dog een van die pagters het beswaar gemaak dat smokkelary in die hand gewerk sou word, en hiermee is van die saak afgesien. (52)

Tot dusver het die wynpag geen duidelike styging getoon nie. Die Politieke Raad sou weereens

voorstelle/...

---

49. Res. 5 Sept. 1724: C19, pp. 173-174.
50. Ibid., p. 177.
51. Vgl. bylaag vir pagpryse.
52. Vgl. Res. 31 Aug. 1731: C26, pp. 183-184.

voorstelle aan Here XVII in dié verband maak. (53) Kort hierna het die Here Bewindhebbers die saak gunstig oorweeg om weereens rewolusionêre veranderings in die hele wynpag aan te bring. (54) Die ou stelsel van „generaal-pagter" uit W.A. van der Stel se tyd is weer in 1734 ingestel. Die wynpag sou in die eerste plek weer in 4 persele opgeveil word en daarna in „massa" aangebied word. (55) Indien by laasgenoemde veiling 'n hoër prys aangebied is as by die verdeling saam, sou die „generaal"-pagter die voorreg hê om soveel bytappers aan te stel as wat hy goed geag het. (56) Verder is bepaal dat waar die eerste opveiling (in 4 persele) meer aangebied is as in lg. geval, sou die vier pagters in besit bly van die pag, „dog sij sullen met eenen moeten verdagt sijn, dat door haar voor, of na, het aannemen van de pagten, geen onderlinge accoorde maatschappijen ofte handelingen deesen aangaende sullen mogen gemaakt sijn ..... " (57) In hierdie geval sou die Kompanjie ook die reg voorbehou om geen of wel bytappers toe te staan. (58) Hierdie reëling was

geensins/...

---

53. Vgl. Uitg. Br. 31 Jan. 1732.
54. Vgl. Ink. Br. 8 Sept. 1733.
55. Vgl. Hoofstuk oor Opveilingsproses.
56. Res. 23 Mrt. 1734: C28, pp. 330-333.
57. Ibid., p. 332.
58. Pacht Conditiën: C671, pp. 376-377.

geensins nodig nie aangesien een persoon sonder uitsondering hierna die hele pag aangeneem het.

In die daaropvolgende jaar het die Politieke Raad besluit dat „de pagten bij gebrek van meededingers met gants redelijk tot een Instal geraaken is,"[59] en gevolglik moes alle persone wat belanggestel het om die pag te onderneem, skriftelik 'n tender by die Goewerneur inhandig vir die hele pag of net vir een of meer persele. Indien die hoogste pryse met dié stelsel nie hoog genoeg was na die smaak van die Politieke Raad nie (wat ook deurgaans die geval sonder uitsondering was), sou die pag weer in die publiek opgeveil word, onder die bepalinge van 23 Maart 1734.

Dadelik het die vier gereelde pagters: A. Leever, Jan van der Swijn, C. Boetendagh en Z. Beck 'n klagskrif aan die Politieke Raad gerig waarin hulle hulle vrees uitgespreek het, dat hulle as gevolg van hierdie nuwe reëling heeltemal uitgeskakel kon word, terwyl hulle tog belang daarby gehad het.[61] Hulle gaan selfs sover om te sê dat die vier persone saam f30,000 vir die pag aanbied en indien enigeen nog meer as dit aangebied het, sou hulle gewillig wees om nog f500 by te voeg. Hulle versoek verder dat die Goewerneur voorkeur gee aan die ou pagters by die

oorweging/...

59. Res. 17 Mei 1735: C29, p. 175.
50. Ibid., pp. 174-176.
61. Res. 31 Aug. 1735: C29, pp. 205-209.

oorweging van so 'n saak („de supplianten voor alle anderen te prefereeren"). (62) Die Politieke Raad het hulle egter nie aan die versoek gesteur nie, en het voortgegaan soos hulle besluit het. (63)

Die laaste belangrike verandering wat in die pagvoorwaardes self aangebring is, is in 1743 daargestel. Dit is aan die pagter gestel dat hy „geen andere als goede deugdsame en geensints eenige bedorvene of vervalscht wijnen mogen vercoopen ..... ," en om die saak beter te beheer sou dit die „heer offisier met ende neevens gecomsmitteerde leeden" uit de Politieke Raad, vrystaan om die wynkelders en pakhuise van pagters te visenteer, om vas te stel hoedat met die wyn „gehandelt en geleeft word." (64)

Of hierdie veranderings werklik invloed op die pagpryse uitgeoefen het, kan nie van die pryse afgelei word nie, aangesien die skommelinge van pryse net sowel a.g.v. 'n natuurlike skommelingsproses kon plaasgevind het. Na die opveiling in Augustus 1734 het die nuwe „generaal-pagter"-stelsel geseëvier. Vanaf 1734-1752 het Abraham Leever nie minder as 9 keer en Jan Holst 6 keer die pag ingepalm.

In/...

---

62. Ibid., p. 208. Hulle het verder gestel dat indien daar nog 'n hoër bod as f3,500 gemaak word, die saak hierna weer oopgestel moes word.

63. Ibid., p. 210.

64. Pacht Conditiën: C672, pp. 185-186 en vgl. Res. 23 April 1743: C35, pp. 273-274.

In 1752 het die burgerrade 'n baie interessante versoekskrif aan die Politieke Raad voorgelê.[65] Hulle het gemeen dat dit almal se plig was om ongelukke en veral brand, te verhoed, veral waar die Kerk, slawelogie, koringmagasyn en ander geboue tussen 'n hele paar tapperye gebou was. Hulle meld dat daar vroeër geen tapperye tussen geboue was nie en dat hulle „bovens wind van de gantsche Caab" gestaan het.[66]

Volgens die burgerrade was hierdie tapperye 'n groot gevaar,

> „in welke door de gemeene Man en slaaven van den Drank bestooven zijnde, alle zoorten van buijten spoorigheeden begaan word, met brandende Lonten over straat te loopen, die ook teegens de posten der Deuren te gaan koolen vuurs van d'eene kroeg na de andere te brengen, Mitsgaders met brandende pijpen geduurig soo uijt als in die huijsen en op de straaten te flaniqueeren en eer om te swerven, waaruijt te vreesen is, dat te eeniger tijd door een kleijne vonkje een seer swaare, dangereuse en droevige Brand soude kunnen ontstaan, ..... voornamelijk vermits ..... meer als te wel bekend is, die tapperijen in de droogste tijd boovens winds van de gantsche Caab zijn staande, en eene dier swaare gebouwen met de Z.O. wind in brand raakende daar weijnig helpen en geen blussen aan soude weesen ..... " en daardeur „de gantsche Caab bij na ..... tot totale Ruine der ingeseetenen soude

afbranden/...

65. Requesten: C151, pp. 140-142 en vgl. Res. 4 Julie 1752: C44, pp. 214-220.

66. Res. 4 Julie 1752: C44, p. 215.

> afbranden, ..... waar en boven meede door de schaggerijen die in't hert off midden der Caab staan, alle vroome Ingeseetenen niet alleen seer ontrust, maar ook in perijkel van ongeluk gestelt worden." (67)

Hulle beveel dus aan dat met die volgende opveiling van die drankpagte 'n verbod geplaas sou word op die aanbou van kroeë ten suide van die Heerengragt, rondom die kerk, slawelogie, die Kompanjie se stal ens., maar wel langs die strand onderkant die Suid-Ooste wind. Hulle spreek verder die mening uit dat hulle nie kon insien hoedat so 'n reëling enigsins die drankverkope sou beïnvloed nie, (68) en dat kroegknegte en tappers in die vervolg verantwoordelik gehou moes word vir alle dinge wat brand kon stig. Persone wat op straat met brandende pype, lonte ens. gevind sou word, moes swaar gestraf word.

Die saak het egter verset van die kant van die pagters uitgelok. (69) Hulle meen dat die verskuiwing van die tapperye hulle wynverkope sou benadeel. Hierdie reëling sou „op verre na, ja niet de helft soo veel souden koomen te tendeeren, als thans ..... " (70)

Die/...

---

67. Ibid., pp. 215-217.
68. Ibid., p. 219.
69. Requesten: C151, pp. 151-158 en vgl. Res. 18 Julie 1752: C44, pp. 240-250.
70. Res. 18 Julie 1752: C44, p. 242.

Die herberge en kroeë was in daardie buurte geplaas om almal tot gemak te dien, en met die verskuiwing sou dit nie altyd

> „geleegen valt, om soo verre naar't strand te gaan, omme aldaar in eene waare situatie hun geld te vertieren; thans niet een willende reppen van de veelvuldige ongelucken en buijtenspoorig heeden, die er alsdan souden koomen te gebeuren, soo wanneer voormelde kroegen en tapperijen, als buijten de Caab gebannen sijnde, gevolgelijk daaromtrent en lossen toom souden hebben, daar de scheepelingen en andere Menschen nu in den teugel gehouden worden door de volk rijkheijd hunner buurtens; en soo ook niet te gedencken van de ongemacken en meerdere onkosten, die de Pagters omtrent hunne Pakhuijsen etc. etc. alsdan meer, dan nu souden moeten ondergaan en doen ..... " (71)

Hulle meen verder dat geen persoon verantwoordelik gehou kan word vir persone wat met brandende pype ens. op straat verskyn het nie.

Die Politieke Raad het hierop besluit dat die pagters 'n sterk saak teen die voorgestelde verandering voorgelê het en sake is gelaat soos dit was. (72)

Die verslapping en vermindering van die pagpryse vanaf 1714 tot 1725 kan toegeskryf word aan die vredesverklaring tussen Nederland en Frankryk in April 1713. Daarna het minder skepe die Kaap besoek.

Die/...

71. Ibid., pp. 243-244.
72. Ibid., p. 250.

Die pagters wat in Augustus 1713 in besit van die wynpag gekom het, kon nie hulle volle bedrae betaal nie, aangesien besigheid swak was, „mitsgaders dat met de vreemde hier weijnigh scheepen aancomen." (73) Hierdie toestande het die pagters die volgende jaar laat besluit om minder vir die pag aan te bied en 'n daling van f12,205 op die vorige jaar se pryse is aangetoon; die volgende jaar het die pryse met nog 'n f4,600 gedaal.

Met die kwaai daling van die pagpryse op 31 Augustus 1730 het die Politieke Raad gevrees dat die pagters vooraf 'n onderlinge kontrak met mekaar aangegaan het. (74) By nadere ondersoek blyk dit toe dat dit toegeskryf moes word aan die geringe skeepsbesoeke, „waardoor het grootste gedeelte der daar opbescheijdene scheepelingen doorgaans geen tijd hebben om aan land te koomen, invoegen haare tapperijen hier door geen neering hebbende meestentijen leedig komen te staan." (75)

Die/...

73. Uitg. Br. 30 Mrt. 1715: C511, p. 344. Theal stel die gemiddelde besoeke van skepe jaarliks tussen 1 Jan. 1715 tot 31 Des. 1724 op 87 skepe vas, en van 1 Jan. 1726 tot 31 Des. 1750 op 75. Vgl. Theal History of S.A. before 1795, II, op cit., p. 492 en Vol. III, p. 13.

74. Res. 31 Aug. 1730: C25, pp. 170-172.

75. Res. 5 Sept. 1730: C25, p. 175.

Die geweldige daling van die pryse van die Kaapse wynpag in 1737 is aan dieselfde oorsake toe te skrywe: „het kort verblijff van 's Comp$^{s}$ scheepen hier ter rheede, en de armoede der daarop vaarende scheepelingen." (76)

Toe Here XVII later 'n verklaring gevra het waarom die wynpagpryse na 1743 so laag gedaal het, (77) moes die Politieke Raad weereens antwoord dat dit aan die armoede van die besoekende skeepsluit te wyte was en verder dat die Kompanjie se skepe vanaf 1742 in Valsbaai moes anker gooi a.g.v. die „quaade mousson." (78)

Die wynpryse het ook gedurende hierdie tydperk gewissel hoewel daar aan die begin aanvanklik geen maksimum pryse vasgestel is nie. Vanaf 1701 tot 1724 sou die volgende minimum pryse geld: 16 swaar stuiwers of 20 ligte stuiwers per fles van 16 mutsies. (79)

In/...

---

76. Res. 31 Aug. 1730: C25, p. 175.
77. Met die opveiling op 31 Aug. 1734 onder die nuwe voorwaardes en die styging wat daarmee gepaard gegaan het (reeds bespreek), het dit weer feitlik net so skielik weer gedaal. Vgl. pagpryse.
78. Vgl. Res. C35, p. 307.
79. Vgl. Uitg. Br. 14 Mrt. 1701: C507, p. 65 en Pacht Conditiën: C670, p. 634. In 1706 is 'n Vryburger en sy assistent voor die hof gedaag omdat hulle wyn goedkoper verkoop het, nl. teen 2 schellinge: Vgl. Dagregister 23 Sept. 1706: V.C.17, p. 65.

In Augustus 1724 het die waarnemende fiskaal A. van Kervel dit onder die aandag van die Politieke Raad gebring dat die pagters van die Kaapse wyne mekaar probeer benadeel het, deurdat hulle hulle pryse van 12 tot selfs 8 stuiwers per fles verminder het. Hy het opgemerk dat

> „diergelijke behandelingen met weijnig tot den verval der pagten moesten contribuuren - gemerkt zij zoo doende om malkanderen te benadeelen, en een lage preijs voor de wijn genietende, gevolglijk ook zoo veel pagt als wel anders aan de E. Comp. niet konden opbrengen ..... "
> Hy stel dus „een vasten tax op den verkoop van wijnen" voor. (80)

Vanaf die volgende opveiling van die pag sou die volgende pryse geld: 'n fles (81) wit wyn teen 12 stuiwers en 'n halfaam teen 6 Rds.: 'n fles rooi wyn teen 20 stuiwers en 'n halfaam teen 10 Rds. (82) Hierdie pryse sou tot lank na 1752 gehandhaaf word.

Die dranksmokkelhandel het gedurende hierdie tydperk gefloreer. Ten spyte van die swaar boetes is

gepoog/...

---

80. Res. 1 Aug. 1724: C19, p. 151.
81. Hier is vasgestel dat 'n fles 'n inhoudsmaat van 16 mutsies moes bevat.
82. Vgl. Res. 8 Aug. 1724: C19, p. 156.

gepoog om op elke moontlike wýse die verbod op sluikhandel te ontduik. Die Politieke Raad kon geen blywende oplossing vind vir hierdie oortredings nie - soos dit dan ook duidelik sal blyk uit die gevalle wat herhaaldelik voorgekom het.

Vroeg in 1701 het die vier wynpagters gekla dat persone op hulle gebied oortree het. Die Politieke Raad het besluit dat die inkomste uit die opveiling van die pagte „het eenigste voordeel" was, om die skuld van die Kompanjie gedeeltelik te dek. Die ruïnering van die pagters sou vir hulle 'n groot verlies beteken. Hulle meld die Kaapse ingesetenes „haar dagelijk werk maken, en, om haar luijgaande leven te voldoen, eenlijk daar op toe te leggen, de pagters ..... door haar menigvuldige smockelarije, en het setten van aparte gelagen, in't geheim en uijttappen, en slijten van de wijnen ..... " benadeel. (83) Geen ander persoon as die pagters sou dus toegelaat word om wyn te verkoop, „nogte daardoor de gelicentieerde pagters in't minste nog het meeste benadeelen," (84) tensy 'n verlofbriefie van die sekretaris van die Politieke Raad verkry is. Oortreders sou aan 'n boete van fl,000 onderhewig wees. (85) Maar die pagters self sou nie 'n beperking vryspring nie, want hulle sou ook met dieselfde boete gestraf word indien gevind is dat die een die ander benadeel het deur „gelagen buijten haar ordinaire woonplaatse te setten, ofte buijten haar deur bij grote en kleijne maat te laaten tappen." (86)

Gedurende/...

83. Origineel Plb. (1686-1709) II, C681, pp. 229-334.
84. Uitg. Br. 20 Mrt. 1702: C507, p. 404.
85. Vgl. Res. 22 Mrt. 1701: C7, pp. 59-60.
86. Ibid., p. 58.

Gedurende die bewind van W.A. van der Stel is alle amptenare verbied om enige drank (of dit nou by die half-aam, anker of karbá is) by die Kasteelhek in te bring sonder 'n liksens-briefie van die owerheid.(87) Dit wil dus voorkom asof Johannes Phijffer, wat toe die hele wynpag besit het, deur hierdie bepaling doelbewus beskerm is.

Dit was geen geringe taak vir die pagters om hulle sake te beskerm nie. Vir die geringste aantasting van hulle regte, het hulle hulle op die Politieke Raad beroep om beskerming. In 1708 kla die pagters bv. dat sommige herbergiers wyn teen geringe pryse van die wynboere opkoop om dit dan weer teen geweldige hoë pryse van die hand te sit.(88) Die skuldiges moes uitgewys word en in die vervolg sou herbergiers op suspisie gearresteer word. Verder kon die Fiskaal en sy handlangers ter eniger tyd losieshuise visenteer.(89)

Na aanleiding van 'n saak waarin die pagter N. Loubser sy pag sonder kennis aan Jacob van der Heijden verkoop het, sou sulke oortreders in die vervolg „als smockelaars naar inhoude van het virgeerend generaal placcaat sullen worden gemulcteert en gecorrigeert ..... ," aangesien hulle daardeur „'s landsinkomsten komen te converteere en veranderen in een koopmanschap

ten/...

87. Vgl. Uitg. Br. 31 Mrt. 1706: C508, p. 964.

88. Res. 4 Feb. 1708: C7, p. 350 en vgl. Dagregister dies. datum: C601, pp. 43-45.

89. Ibid.

ten hare particulier profijte, uijt welk onregtmatigh en baatsugtigh gedoente, onvermijdelijk soude volgen moeten een total verval van alle de gemeene landsmiddelen ..... " (89b)

'n Aantal jare hierna word 'n klag teen amptenare sowel as wynboere ingebring. Daar word gekla dat sommige persone (90) die gewoonte aangekweek het om wyn by die halfaam en selfs by die bottel aan skeepsvriende en Kaapse ingesetenes te verkoop. (91) Die saak is in die hande van die koopman Jan de la Fontaine en die onder-sekretaris van die Raad, Adriaan van Kervel geplaas, om rapport oor die aangeleentheid uit te bring. Hierdie rapport is met al sy aanbevelings aangeneem en 'n plakkaat is diengevolge uitgevaardig. (92) Tegelykertyd is daar ook 'n samevatting gegee van vorige plakkate en ordonnansies wat teen smokkelhandel uitgevaardig is. Kortliks het die plakkaat die volgende klousules bevat:-

(i) In koffiehuise mag alleen koffie verkoop word. (Boete - f600).

Slegs/...

---

89b. Pl. 19 Okt./2 Nov. 1717: Orig. Plb. C682, pp. 129-130 en vgl. Res. 19 Okt. 1717: C12, pp. 248-251.

90. Die volgende name is o.a. genoem: Jan Heuske, Steven Niel, Pieter Juber, Daniël Hugo en Amos Lambreghts.

91. Vgl. Res. 30 Sept. 1721: C16, pp. 122-123 en Requesten en Nominatiën: C228, pp. 385-386.

92. Vgl. Pl. 25 Nov. 1721: Origineel Plb., C682, pp. 169-179 en Res. 25 Nov. 1721: C16, pp. 184-193.

(ii) Slegs wynboere sou toegelaat word (pagters natuurlik ingesluit) om wyn te verkoop (d.w.s. aan die pagters), dog hiervoor moes eers 'n lisensiebriefie verkry word. (Boete - f150).

(iii) Ingesetenes sou nie toegelaat word om wyn by kleiner maat as 'n halfaam by die wynboere in te koop nie. (Boete - f300).

(iv) Geen ingesetene wat nie 'n wynboer was nie, sou toegelaat word om wyn „van buijten komende" by sy huis te verkoop nie alvorens 'n lisensie daartoe verkry is nie. (Boete - f300).

(v) Geen wynpagter sou toegelaat word om enige ander drank te verkoop as net Kaapse wyn nie, al het hy dan ook spesiale verlof van 'n ander pagter („ongequalificeerde permissie") gekry. (Boete -f1,000).

(vi) Geen wynpagter sou toegelaat word om buite sy offisiële plek wyn te verkoop nie. (Boete -f1,000).

(vii) Brandewynpagters mag alleen brandewyn en gedisteleerde waters verkoop. Selfs al is 'n brandewynpagter ook 'n wynboer, mag hy nie sy wyn verkoop sonder dat hy eers verlof daartoe verkry het nie. (Boete - f1,000).

(viii) Die Vaderlandse-drankpagter sou ook verplig wees om slegs ingevoerde biere en dranksoorte te verkoop. (Boete - f1,000).

(ix) Behalwe die pagters en hulle „bijtappers" sou alle persone verbied word om drank by die klein maat te verkoop. (Boete -f1,000). Herbergiers kon egter wyn aan hulle gaste bedien mits geen ekstra koste buite die losies daarvoor gevra word nie. (Boete -f150).

(x) Alle gesmokkelde dranksoorte sou gekonfiskeer word.

(xi) Indien oortreders nie boetes kon betaal nie, „soo sal den schuldige bij nonbetalingh ofte insolventie, aan sijn persoon arbitralijk gestraft, en bovendien uijt het gouvernement gedemoveert worden - ."

(xii) Alle ander bepalings met betrekking tot drank sou nog gehandhaaf word. (93)

In 1723 kla twee van die wynpagters weer dat die ander twee se bytappers drank by die groot maat aan verbygaande skepelinge verkoop het. (94) Die Politieke Raad het hierop besluit dat geen bytapper drank by groter maat as by die anker mag verkoop nie. (95)

Veertien jaar later word 'n groot klag teen die fiskaal ingebring. Die wynpagters het gekla dat die „ambagtgesellen" wyn by die halfaam gekoop het, en

dit/...

---

93. Vgl. Orig. Plb. C682, pp. 478-529 (Pl. 12 Feb./10 April 1732) waarin al hierdie bog. bepalings weer herhaal is en al die oues, t.w. die bepaling i.s. drankbediening op Sondae, drankbediening net tot besette-wag (half-tien), gevegte in herberge, dobbelary, drank aan slawe ens. weer opnuut aangekondig is.

94. Vgl. Requesten: C233, pp. 93-95 en Res. 17 Sept. 1726: C20, pp. 191-193. Die klaers was J. Heuske en J. Stokvliet.

95. Res. 17 Sept. 1726: C20, p. 193.

dit dan weer in die klein maat na die Kasteel gebring het. Hulle sou die fiskaal hiervan in kennis gestel het en selfs met bewyse voorsien het - dog dié toestand het voortgeduur. (96) Die fiskaal het onaangetas gebly en slegs die volgende verbod is uitgevaardig: privaat persone en amptenare sou verbied word om enige drank by die klein maat te verkoop. (97)

Maar selfs op 'n ander gebied sou veral die herbergiers oortree. Hiervan lewer Valentijn getuienis: „Veele van deze slegte Borgers en Borgeressen melken de arme matroozen en soldaten niet alleen volkomen van alles, dat hen eigen is, uit, maar als 'er penningen te kort komen, moeten daar ook wel veeltijds deze en gene bestelgoederen voor springen, dat men egter van de fatsoenelijke Borgers niet denken moet, alzoo men hier gelijk elders, goede en quaade lieden heeft." (98)

Selfs dronkenskap was aan die orde van die dag, hoewel hier opgemerk moet word dat die matrose die grootste sondebokke was. 'n Ander skrywer merk i.v.m. drankmisbruik die volgende op: „Zoo is't ook niets nieuws dat deselven een wakkeren roes drinken. Edog niet zoo zeer als zij alleen zijn, of in een kroeg by elkander komen, zijnde hier 't affschuwelijkste later, dat iemand beschonken langs straat gaat, en verlieft zoodanig een daar door wel ras zijn goeden naam, maar

alle/...

---

96. Vgl. Res. 19 Jan. 1740: C32, pp. 51-53.
97. Ibid., pp. 54-55.
98. Valentijn, Oud en Nieuw Oost-Indiën, Hoofst. 10, p. 49.

alle de genodigden dronken gezien worden." (99)

By 'n oorsig van die Kaapse Koelwyn-pag is daar duidelik afgebakende fases te onderskei. Eerstens vind ons dat die eerste voorreg om drank by die klein maat te verkoop in die hande van die bevoorregte herbergiers berus het. Hulle het nie vir hierdie voorreg betaal nie. Die dranksoorte wat hulle verkoop het, moes hoofsaaklik uit die Kompanjie se magasyne afgehaal word teen vasgestelde pryse. Die verkoopspryse van hulle drank is ook van owerheidsweë vasgestel. Hierdie stelsel het egter skaars tien jaar in stand gebly.

Die volgende fase word bereik wanneer die owerhede sekere persone bevoordeel en aan hulle dranklisensies toeken. Hierdie bevoorregte gelisenseerde tappers het ook feitlik niks vir hulle voorregte betaal nie; hulle moes slegs 'n sekere belasting betaal op elke lêer drank wat hulle ingekoop het. Hulle moes al hulle dranksoorte van die Kompanjie koop en hulle weer teen sekere vasgestelde pryse verkoop.

Mettertyd het die Vryburgers wat van hierdie uiters winsgewende handel verstoke was, begin agiteer dat dié wynlisensies in die publiek opgeveil moes word, sodat almal 'n gelyke kans kon hê om drank te verkoop. Die dringende versoeke van die burgers het nie op dowe ore geval nie en vanaf 1679 sou al die drankpagte in die vervolg in publiek opgeveil word. Aanvanklik is wynpag tot 1683 in 'n „binne-" en 'n „buitepag" verdeel

waardeur/...

99. Kolbe, I, <u>op. cit.</u>, p. 404.

waardeur twee burgers die voorreg sou geniet om die monopolie in Kaapse wyne te besit. Dog hierna sou die wynpag tot 1699 slegs aan één persoon toegeken word. Met die rewolusionêre veranderinge wat Kommissaris Daniël Heijns aangebring het, is die wynpag aan vier afsonderlike persone verpag. Weereens het die Kompanjie getrag om sy inkomste deur so 'n verandering te verhoog. Dit was deurgaans eerder die belange van die Kompanjie as dié van die burgers wat beskerm en bevorder is. Hierdie verandering het positiewe resultate gebaar, want die Kompanjie se jaarlikse inkomste is aansienlik verhoog deur die styging van die pagpryse.

In 1705 word veranderinge aan die voorwaardes van die wynpag aangebring wat op die Van der Stel-stryd uitgeloop het. Daar is bepaal dat één persoon die voorreg sou hê om al vier persele te koop. Hiermee vind ons vir die eerste keer die instelling van die bekende „generaal-pagter"-stelsel. Na die stryd het Here XVII egter dié stelsel nietig verklaar en weereens is Daniël Heijns se voorwaardes gehandhaaf. Vir die eerste keer vind ons dat dit veral die belange van die burgers was wat hier beskerm is. Hierdie voorwaardes het bykans dertig jaar lank in werking gebly.

Die finale stadium in die wynpag word in 1734 bereik toe die „generaal-pagter"-stelsel uit Van der Stel se tydperk weer ingevoer is. Die verandering het geskied hoofsaaklik in 'n poging om 'n styging in die

pagpenninge/...

pagpenninge aan te bring. Die resultate was weereens hoogs bevredigend vir die Kompanjie.

Die Kompanjie, en by name die Kaapse owerhede, het groot belang by die Kaapse Koelwynpag gehad, want dit het vanaf die laaste dekade van die sewentiende eeu die grootste bron van inkomste aan hulle besorg.

------------oOo------------

# H O O F S T U K   V I.

## DIE BRANDEWYNPAG.

N.O.I.K. voer handel in drank met Ooste. Kaap goeie afsetgebied. Eerste publieke veiling brandewynpag. Pagvoorwaardes. Pryse vasgestel. Ontwikkeling brandewynstokery aan Kaap.

# HOOFSTUK VI.

## DIE BRANDEWYNPAG.

Die aandag is reeds daarop gevestig dat die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie 'n winsgewende handel in drank met Oos-Indië gedryf het. Ook die Kaap het 'n belangrike afsetgebied hiervoor geword. Aanvanklik is die voorreg om o.a. ingevoerde brandewyne en gedistilleerde waters by die klein maat te mag verkoop, aan sekere gepriviligeerde herbergiers en daarna aan gelisenseerde tappers gegee. [1] Die Brandewynpag het dan ook belangrike aanknopingspunte met die Kaapse wynpag getoon. Dit was veral te wyte aan die feit dat die ingevoerde brandewyne voor 1699 jaarliks groter pagpenninge opgelewer het as die wynpag, dat die plaaslike brandewynstokery so lank min aandag geniet het.

Om die Kompanjie 'n groter inkomste te besorg, is besluit om ingevoerde brandewyne, gedistilleerde waters en arak saam te groepeer in 'n pag wat as die brandewynpag sou bekend staan en wat in die publiek opgeveil sou word. Die eerste publieke veiling het in April 1679 plaasgevind, onder die volgende voorwaardes: [2]

Die/...

1. Vgl. Hoofst. II en III.
2. Hierdie voorwaardes het ooreengekom met dié van die Vaderlandse Drankpag. Vgl. Pl. 22 April 1679: Kaapse Plb., i, pp. 154-156.

(i) Die gebied waarin die dranke verkoop mag word, sou binne die limiete van Tafelvallei wees.

(ii) Die pagter sou toegelaat word om slegs brandewyne, arak en gedistilleerde waters te verkoop.

(iii) Die pagter moes al sy dranke van die Kompanjie koop.

(iv) Die pagter sou toegelaat word om een bytapper aan te stel.

(v) Die pagter moes twee borge stel wat hulle in „solidum" sou verbind.

(vi) Die pagpenninge moes in twee paaiemente betaal word: die eerste op 30 Junie en die laaste op 31 Desember en geen uitstel sou verleen word nie.

Ten opsigte van die inkoop van drank is daar in 1699 'n verandering in die pagvoorwaardes aangebring, nl. indien die pagter nie genoegsame voorrade van die Kompanjie kon inkoop nie, sou hy, nadat hy verlof gekry het, toegelaat word om drank by besoekende skeepsoffisiere en selfs ingesetenes in te koop. (3)

Die sukses wat die Kaapse owerhede met die verkoop van die wynpag in vier persele in 1699 behaal

het/...

3. Vgl. Res. 25 Aug. 1699: C6, pp. 675-676 en Pacht Conditiën: C670, p. 401. Hierdie bepaling is weer in 1703 herhaal. Vgl. Dagregister 30 en 31 Aug. 1703: Kaapse Plb., i, p. 330.

het, het hulle ook dadelik die groot moontlikhede wat daar in 'n vier-perseel brandewynpag geskuil het, laat besef. Hulle stel dus aan Here XVII voor dat ook die brandewynpag in vier persele opgeveil word, aangesien hulle daardeur die inkomste van die Kompanjie moontlik kon vergroot. [4] Die Direkteure het onverwyld hulle toestemming verleen [5] en reeds met die volgende opveiling van die pag in 1703 is die pag in vier dele opgeveil. [6]

Hierdie verandering het nie die gewensde uitwerking gehad nie, want geen styging in die pagprys is aangetoon nie. [7] Voor 1699 het die Brandewynpag jaarliks groter pagpryse opgelewer. Hoewel die brandewynpag jaarliks tot 1699 die grootste som pagpenninge opgelewer het, het dit hierna, selfs nadat die vierperseelstelsel in die brandewynpag in 1703 ingevoer is, nooit weer meer as die wynpag opgelewer nie.

Die laaste verandering in die pagvoorwaardes is in 1727 aangebring, toe bepaal is dat die pagters

geen/...

---

4. Vgl. Uitg. Br. 4 Mrt. 1701: C507.
5. Vgl. Ink. Br. 21 Junie 1702: C425.
6. Vgl. Pacht Conditiën: C670, pp. 569-573 en Uittreksel uit Dagregister 30 en 31 Aug. 1703: Kaapse Plb., i, p. 330. Elke pagter kon natuurlik één bytapper aanstel.
7. Vgl. Byvoegsel.

geen bytappers sou mag aanstel nie, aangesien vier van hulle genoeg was om sterk dranke te verkoop. Om te voorkom dat die Kompanjie enige verliese ly, is terselfdertyd bepaal dat geen pagter toegelaat sou word om sy perseel sonder toestemming van die Kompanjie, aan iemand anders te verkoop nie. (8)

Die Kompanjie was verplig om gereeld drank aan die pagters te voorsien. In 1699 beklemtoon die Kaapse owerhede dan ook hulle afhanklikheid van gereelde besendings uit Nederland, (9) want dit het dikwels gebeur dat hulle voorrade kort geraak het en dan moes afslag van die pagpenninge aan die pagters gegee (10) word of hulle moes toegelaat word om hulle drank elders te koop. (11) Ten spyte van die feit dat die owerhede bepaal het dat lg. voorreg gestaak sou word sodra die Kompanjie drank in voorraad gehad het, (12) het die Kaapse owerhede begin vrees dat hulle in die vervolg

nie/...

---

8. Vgl. Pacht Conditiën: C671, pp. 11-12.
9. Vgl. Uitg. Br. 18 Mrt. 1699: C506, p. 104.
10. Vgl. Res. 20 Feb. 1700: C7, p. 23.
11. Vgl. Res. 7 Aug. 1685: C5, p. 283 en Pl. 25 Aug./17 Sept. 1699: Kaapse Plb., I, p. 313.
12. Vgl. Res. 25 Aug. 1699: C6, p. 678.

nie meer hulle drank verkoop sou kry nie. Om die Kompanjie se regte te beskerm, is 'n verbod op die bring van enige Kaapse brandewyn uit die distrikte na die Kaap, geplaas.(13)

Die drankpryse is ook van owerheidsweë soos volg vasgestel: in 1680 kon witbrandewyn teen 25 Rds. per vat en rooibrandewyn teen 30 Rds. ingekoop word,(14) dog vanaf 1685 sou die volgende pryse geld: witbrandewyn teen 22 Rds. per kelder en rooibrandewyn teen f70 per anker.(15) Die verkoopspryse wat tot 1725 sou geld, sou soos volg wees: rooibrandewyn per mutsie teen 10 stuiwers, witbrandewyn teen 15 stuiwers per mutsie, terwyl arak teen 7½ stuiwers per mutsie verkoop sou word(16a) (dit is nie duidelik teen watter pryse arak ingekoop kon word nie). Vanaf 1725 is alle brandewynsoorte teen 4 schellinge per fles (van 16 mutsies) verkoop.(16b)

Die winste van die brandewynpagter is deur

Kommissaris/...

---

13. Vgl. <u>Pl</u>. 25 Aug. 1699: <u>Orig. Plb</u>. C681, p. 314.
14. Vgl. <u>Res</u>. 12 Aug. 1680: C4, p. 182.
15. Vgl. <u>Instructie voor Commandeur S. van der Stel door H.A. van Rheede</u>: C708, pp. 70-71.

16a. <u>Ibid</u>.

16b. Vgl. <u>Res</u>. 4 Sept. 1725: C20, pp. 177-178.

Kommissaris H.A. van Rheede in 1685 (d.w.s. voor die vier-perseelstelsel), as volg bereken:-[17]

| LASTE. | | OMSET. | |
|---|---|---|---|
| (a) 86 ankers rooi-brandewyn @ f70 per anker | = f 6,020 | (a) 1 mutsie @ 10 stuiwers (± 21,930 mutsies @ 10 stuiwers) | = f10,965 |
| (b) 16 kelders @ 22 Rds. per kelder (25½ vate van 10 mutsies) | = f 1,056 | (b) 1 mutsie @ 15 stuiwers (255 mutsies @ 15 stuiwers) | = f 3,060 |
| Pagpenninge: | f 6,200 | | |
| | f13,276 | | f14,025 |

Uit sy berekeninge blyk dit egter dat die pagter weinig winste kon aantoon uit die drank wat hy van die Kompanjie gekoop het. Wanneer die pagter nou 'n verdere f744 onkoste gehad het, het sy laste op f14,000 te staan gekom, d.w.s. hy het slegs f25 wins gemaak op die drank wat hy van die Kompanjie gekoop het. Dog hier moet aangeneem word dat die pagter wederregtelik drank in die hande gekry het en op die wyse sy inkomste aangevul het, want indien dié pag werklik so min moontlikhede ingehou het, sou dit nie sulke buitensporige pagpryse behaal het nie.

In/...

17. Instructie voor Commandeur S. van der Stel door H.A. van Rheede: C708, pp. 70-71.

In 1729 het 'n uiters interessante toestand voorgekom: die vier brandewynpagters was terselfdertyd wynpagters. Gevolglik het hulle versoek dat hulle in hulle tapperye brandewyn sowel as wyn kon verkoop.(18) Die Politieke Raad het hulle versoek van die hand gewys, aangesien dit „direktelijk tegens den inhoud der pagt conditiën, en de ordres bij het vigerent generaal en andre placcaten geemaneert, is aanlopende ..... "(19) Twee weke later het die vier pagters egter weereens hulle versoek herhaal en hierdie keer is dit toegestaan.(20)

Brandewynstokery aan die Kaap, beide van koring sowel as van Kaapse wyn, is voorafgegaan deur 'n lang periode van spekulasie oor watter wyse van produksie die beste resultate sou lewer. Jan van Riebeeck is reeds in 1657 gelas om brandewyn te stook wanneer die graan volop was, sodat Here XVII nie nodig sou hê om meer brandewyn na die Kaap te verskeep nie.(21)

Die/...

---

18. Vgl. Requesten en Nomminatiën: C235, pp. 109-110 en Res. 8 Sept. 1729: C24, pp. 220-221.
19. Vgl. Res. 8 Sept. 1729: C24, p. 222.
20. Vgl. Res. 22 Sept. 1729: C24, pp. 223-224 en Requesten en Nomminatiën: C235, pp. 113 en 114.
21. Vgl. Ink. Br. 9 Okt. 1657: C409.

Die Kommandeur het gunstig hierop geantwoord toe hy verklaar het dat die Kaap reeds in sy eie behoeftes aan graan kon voorsien. Voordat sy verslag egter met die retoervloot versend kon word, het dit geblyk dat die volgende graanoes 'n mislukking was; gevolglik moes die brandewynstokery van graan vir 'n onbepaalde tyd van die baan geskuif word. (22)

Die eerste keer wanneer ons weer van brandewynstokery aan die Kaap verneem, is op 19 Mei 1672, toe die kok se maat van die skip „Pijl" 1 lêer van die slegste soort Kaapse wyn plus nog 'n kwart lêer ander wyn, twee keer gedistilleer het. Die resultaat was drie ankers brandewyn, „soo exellent ..... als men moghte wenschen." (23) Die resultate het die owerhede optimisties gestem en hulle verklaar dat met die vooruitgang van die wynindustrie, die brandewynstokery groot profyte vir die Kompanjie sou oplewer. (24) Die proefnemings wat hierop gevolg het, moes gestaak word weens allerhande moeilikhede soos bv. die gebrek aan genoegsame koring, wyn, goeie gereedskap en ondervinding. Verder het die Kompanjie gemeen dat die stokery gestaak moes word, „als cunnende de coele wijn alhier tot

meerder/...

---

22. Vgl. Spilhaus, op. cit., p. 104.
23. Dagregister 19 Mei 1672: V.C.6, p. 337.
24. Ibid.

meerder profijt gedebiteert ende vertiert werden." [25]

Here XVII het reeds in 1657 geskrywe dat hulle ene Joost Blanck, afkomstig uit Imleeck, na die Kaap stuur om die brandewynindustrie te verbeter veral, omdat hy kennis van stokery gedra het. Daar sou twee distilleerders saam met hom gestuur word. [26] Dit is nie duidelik of hy enige sukses behaal het nie.

'n Ander persoon, Joan Marieu, „een man sijnde die door groote ondervindingh, en lange jaarige Experientie hier omtrent groote ervarentheit en grondige kennisse heeft," d.w.s. van brandewynstokery, het saam met Goewerneur Simon van der Stel na die Kaap gekom, [27] maar daar word nooit weer iets van hom verneem nie en dit kan dus aangeneem word dat hy geen noemenswaardige invloed op die brandewynindustrie uitgeoefen het nie. Om die waarheid te sê, dit is sterk te betwyfel of hy ooit enige kennis van brandewynstokery gehad het, want kort na sy aankoms word Here XVII twee keer versoek om 'n ervare persoon asook geskikte gereedskap na die Kaap te stuur. [28]

In 1705 het W.A. van der Stel die Here XVII

versoek/...

---

25. Uitg. Br. 12 April 1686: C501, p. 280.
26. Vgl. Ink. Br. 27 Sept. 1657: C409.
27. Vgl. Uitg. Br. 18 April 1679: C499, p. 118.
28. Vgl. Uitg. Br. 12 April 1686: C501, p. 280 en Uitg. Br. 18 April 1687: C501.

versoek dat die stokery van Brandewyn aan almal oopgestel word tot „zeekere gestelde prijs in Comp^ie^ kelders ingeslagen, om aan Comp^s^ heen en weer passerende scheepen, in plaatse van Vaderlandse brandewijnen en azijnen, te verstrecken." (29)

Uiteenlopende redes vir hierdie aanbeveling van W.A. van der Stel kan gevind word. Ondernemend soos hy was, kon hy daarmee eerlik gepoog het om dié industrie aan te moedig. Aan die ander kant in hierdie jaar het die wynproduksie byna al 'n surplus gelewer en hy was bevrees dat die burgers soveel wyn op onwettige wyse sal verkoop dat dit die wynpag kon affekteer. Verder kon hy homself probeer bevoordeel het. Hy het nl. 500,000 wingerdstokke geplant waarvan hy jaarliks 55 lêers suiwer wyn (d.i. behalwe die moer) gepars het. (30) Indien die Here XVII dus tot so 'n reëling toegestem het, sou Van der Stel dus beslis bevoordeel word. So 'n reëling sou op die een of ander manier 'n mark vir sy produkte geskep het.

Here XVII het Van der Stel se voorstel goedgekeur, want die boere is toegelaat om brandewyn te stook en selfs toegelaat om dit te verkoop aan wie hulle wou. Hierna het die Kaapse brandewynstokery gaandeweg

ontwikkel/...

---

29. Uitg. Br. 28 Mrt. 1705: C508, p. 483.
30. Vgl. Uitg. Br.: C510, p. 73.

ontwikkel, dog gedurende die eerste honderd jaar het dit nog geen noemenswaardige ontwikkeling ondergaan nie en moes groot hoeveelhede brandewyn is nog ingevoer.

-----------oOo-----------

# H O O F S T U K  V I I.

## DIE KAAPSE MOUTBIERPAG.

Ontwikkeling bierbrouery aan Kaap. Beheer van bierbrouery aan persone uitgegee asook verkoop daarvan. Eerste publieke opveiling. Pagvoorwaardes. Klagtes van pagters.

# HOOFSTUK VII.

## DIE KAAPSE MOUTBIERPAG.

Bier was in die dae van lang seereise en die skeurbuik wat daarmee gepaard gegaan het, as 'n noodsaaklike deel van die skeepslading beskou. Dit was essensieel vir die dieet en die behandeling van sekere siektes; veral die suurdeeg in die bier het 'n helende uitwerking gehad. Gevolglik het Jan van Riebeeck reeds vroeg al pogings aangewend om bier aan die Kaap te brou.

Here XVII was oortuig dat goeie bier aan die Kaap gebrou kon word, „'t welk een wenschelijcke saecke soude wesen," en hulle verseker die Kaapse owerhede van hulle ondersteuning in die opsig.(1) Die Bewindhebbers het woord gehou en in Mei van dieselfde jaar, word hop-plantjies („een tonne met planten van hop") verskeep,(2) en 'n jaar daarna skrywe Van Riebeeck dat die plantjies mooi gegroei het, dog dat dit sonder saad doodgegaan het.(3) Here XVII was só entoesiasties, dat hulle aangeraai het dat bier van Kaapse koring gebrou moes

word/...

---

1. Vgl. Ink. Br. 12 April 1656: C409, Dl. ii.
2. Vgl. Ink. Br. 9 Mei 1656: C409, Dl. ii.
3. Vgl. Uitg. Br. 5 Mrt. 1657: C493, p. 610.

word en dat hulle van die resultate in kennis gestel moes word. (4) Hierna verneem hulle dan telkens weer hoe dit met die brouery vorder. (5)

Op 5 Oktober 1658 het die eerste bier in die

> „gijlcuijp fraij opgesesen, ende 's morgens in een halff aem gevaet wel aen't gesten geraeckt, ende dienvolgens ordre gestelt eenige meer vaten vol te brouwen om na Batavia ende 't Vaderlandt te senden, tot preuve, hoe langh 't selve over zee sal mogen duijren." (6)

Indien hierdie bier in 'n goeie toestand in Nederland aangekom het, sou 'n brouery opgerig word en aan 'n vryburger gegee word om te onderhou. (7) Die uitslag was egter geensins bemoedigend nie, aangesien die Kamer van Amsterdam bevind het dat die monster wat hulle ontvang het, „niet veel bijsonders geweest" was, dog hulle sou op 'n antwoord van Batavia wag. (8) Intussen moedig hulle egter die bierbrouery nog steeds aan, omdat

dit/...

---

4. Vgl. Ink. Br. 12 Okt. 1656: C409, Dl. ii.
5. Vgl. Ink. Br. 16 April 1658: C409, p. 1038 en Ink. Br. 6 April 1660: C409, Dl. iii.
6. Dagvh. van J. v. Riebeeck, Dl. ii, p. 521.
7. Uitg. Br. 7 Nov. 1658: C493, p. 835.
8. Ink. Br. 5 Sept. 1659: C409, Dl. III. Een van dié vate het ook op die see suur geword, dog die ander was drinkbaar.

dit „een goed en dienstigh werck" sou wees, „en bij aencompste der schepen een bijsondere ververssing voor 't volcq en prinsipalijcker de zieken geven ..... " (9a) Jan van Riebeeck het ook nieteenstaande die uitslag van die oorsese versendings, sy geloof in die bierbrouery behou en antwoord Here XVII dat die bier wat na Holland gestuur is, moontlik nie geskik was om oor see vervoer te word nie, maar aan die Kaap „valt het delicaet," soos Admiraal Sterthemius en ander offisiere getuig het. (96) Die Direkteure het egter besluit dat geen gedroogte hop in die toekoms verskeep sou word nie, aangesien dit te veel skeepsruim opgeneem het, maar in die plek daarvan sou hopplantjies weer uitgestuur word, „dat mede redelijck goet bier geeft," en waarmee daar dan ook 'n proef gemaak moes word. (10)

Kort hierna het Jan van Riebeeck instruksies ontvang hoe om hopplantjies te versorg en te plant: (11)

(i) Die grond moes vet en goed bemes wees - hoe vetter hoe beter.

(ii) Vier plantjies moet in 'n vierkant, 'n handbreedte van mekaar geplant word, „halff leggende halff staende, doch meest staende, en moeten soo diep gepoot worden, dat de toppen off hooffden even onder d' aerde bedeckt sijn."

Sulke/...

10. Ibid.

11. Ink. Br. 6 Nov. 1659: C409, Dl. iii.

(iii) Sulke vierkante („cuijlen") moes 6 of 7 voet van mekaar wees.

(iv) Die plantjies moes gereeld „gewiedt ende gehavent" word en alle lopers wat verder as 6 duim van die „cuijlen" gegroei het, moes afgesny word.

(v) Gedurende die eerste jaar sou slegs dun en kort stokke nodig wees om die plante op te lei, dog vanaf die tweede jaar sou lang latte nodig wees.

(vi) Die hop is gewoonlik 'n maand voor „St. Victoris off Bamis" (d.i. 1 Oktober) ryp en wanneer die binneste blare geel is, moet dit gepluk en gedroog word:

(a) Al die struike moet tot op die grond afgesny word en met die „hopbellen" daaraan, so gehang word dat dit deur die wind gedroog word. Dit moet op 'n droë dag afgepluk word en op 'n hoop op 'n solder gegooi word.

(b) Daarna moet die blomme afgepluk word voordat dit droog is. Hierna moet dit 'n voet dik op 'n solder gegooi word om te droog. Twee of drie keer per week moet so 'n hoop omgekeer word. Wanneer dit droog is, moes alles op 'n hoop gelaat word en dan weer twee of drie keer per maand omgekeer word.

Die plant van die hop het egter veel moeilikhede opgelewer, aangesien dit óf gladnie gegroei het nie óf sonder saad doodgegaan het.[12] In 1660 meld

Van/...

---

12. Vgl. Uitg. Br. 5 Mrt. 1659: C493, p. 886.

Van Riebeeck entoesiasties dat hy moontlik 'n oplossing tot die probleem gevind het. Hy vertel dat brouers op baie ander plekke i.p.v. hop alsem gebruik het. Die oplossing wat hy nou aan die hand doen, is nl. dat 'n bietjie hop by die alsem gevoeg moet word, wanneer dit gekook word. (13)

Die Kommandeur se entoesiasme vir die bierbrouery het nie afgeneem nie, want hy het gehoop dat i.p.v. 'n brouery op klein skaal, 'n groot bierbrouery opgerig sou word, want hy het bierbrouery bo brandewyn distilleerdery verkies. Ook uit 'n finansiële oogpunt beskou, het Jan van Riebeeck gemeen dat 'n bierbrouery die Kompanjie beter sou betaal as brandewyn stokery, omdat hulle selfs moutbier na Indië kon uitvoer of „cleijne bier" aan die matrose voorsien. (14) Daarom het hy nou sy aandag begin gee aan die moontlikheid om bier van graan te brou, want volgens hom, kon die Kaap reeds in daardie opsig in sy eie behoeftes voorsien. Hy het dan ook die saak by Here XVII aanhangig gemaak en solank hy op 'n antwoord gewag het, sou 'n brouery in goeie werkende orde gebring word. (15)

In 1664 is hierdie bierbrouery onder toesig van Jan Martensz de Wacht geplaas. Hy kon soveel bier brou as wat daar hop van die Kompanjie verkry kon word. Terselfdertyd het die Politieke-Raad ook besluit om

een/...

---

13. Vgl. Uitg. Br. 19 Mrt. 1660: C493, pp. 1084-1085.
14. Ibid.
15. Ibid.

„een provisioneel bierherberge" op te rig, waarin bier by die klein maat verkoop kon word. (16) De Wacht het ook hierdie kensessie ontvang, omdat hy 'n goeie huis in die nabyheid van die Fort gehad het. Die pryse waarteen hy sy bier kon verkoop is vasgestel teen 9 dubbeltjies of 10 stuiwers per kan van 8 mutsies vir dik bier en 2 dubbeltjies of 5 stuiwers vir 'n kan dun bier. (17)

In 1670 kry die Vryburger en gewese soldaat, Hendrick Evertsz Smit die toesig oor die brouery. Die benodigde gereedskap en 'n paar assistente sou tot sy beskikking gestel word. Terselfdertyd kry hy ook die reg om al die bier wat hy self in die brouery gebrou het, dog wat nog steeds Kompanjies-eiendom was, teen f40 per ton te koop, en dit daarna self te verkoop. Hy het dus indirek vir sy voorreg om bier by die klein maat te verkoop, betaal. Hierdie voorreg het hy ontvang, omdat hy „tot dien eijnde een bequame woninge hier onder d' fortesse gelegen, gehuert, ende oversulx goede handelinge om de bieren naer behoren gade te slaen, gelicjk dan tot nog toe 't brouwen van dien dranck had onderhanden gehadt en d' welck taemelick wel geslaagt zij." (18)

Die/...

---

16. Res. 8 Feb. 1664: C2, p. 4 en Dagregister 28 Feb. 1664: C586, p. 403.
17. Ibid.
18. Pl. 15 Sept. 1670: Kaapse Plb., i, p. 114.

Die pryse waarteen hy sy bier kon verkoop, is vasgestel op 5 dubbeltjies of 10 swaar stuiwers per mengel van 8 mutsies.[19]

Smit het die voorreg om bier by die klein maat te verkoop tot aan die einde van 1673 behou. Toe is die alleenreg om alle dranksoorte by die klein maat te verkoop, aan vier persone toegestaan, nl. Wouter Mostaert, Steven Janssen, Jan Valckenrijk en Willem van Dieden. Smit wat egter die bierbrouery behou het, moes aan hierdie bevoorregte tappers sy bier lewer, nogtans kon hy sy bier self in die groot maat ('n minimum hoeveelheid van 'n $\frac{1}{4}$ ton) aan enige persoon lewer, nog steeds vry van enige aksynsbelasting.[20] Hy het dus slegs die kleinhandel verloor.

Die so begunsdigde Jacob Rosendael, wat soos reeds aangetoon,[21] ook die voorreg gekry het om 'n wynwinkel aan te hou, het intussen ook die reg gekry om bier by die klein maat te verkoop. Hy het egter nie van hierdie voorreg gebruik gemaak nie.[22] Gevolglik is die konsessie aan die weduwee Jannetjie Ferdinandus, vrou van Barent Brinkman, toegestaan teen 'n bedrag van f100 vir die tydperk van een jaar.[23] Sy het hierdie

konsessie/...

---

19. Ibid., p. 115.
20. Pl. 1 Des. 1673: Kaapse Plb., i, p. 124.
21. Vgl. Hoofst. iii.
22. Vgl. Dagregister: 28 Nov. 1674: V.C.7, p. 290.
23. Vgl. Res. 31 Des. 1675: C3, p. 50.

konsessie nie lank gehad nie, of sy kla dat sy onmoontlik haar pagpenninge kon betaal. As redes hiervoor voer sy aan dat die ongekende droogte en kwaai winde die koringoes nadelig beïnvloed het, gevolglik was die koringoes min en van swak gehalte. Verder was die brouer Smit, besig om die brouery te repareer toe die retoervloot by die Kaap aangedoen het. Sy kon dus nie genoeg bier gekry het om aan die skeepsliede te verkoop nie. Sy kla verder dat die priviligie wat kort tevore aan sekere persone toegestaan is om suikerbier te mag brou, haar „aftreck ..... merkel(ijck) verminder het." (24) Die Politieke Raad het haar saak gunstig oorweeg en haar 'n afslag van 100 Rds. toegestaan. (25)

Kort hierna het die Politieke Raad besef dat die suikerbier-brouery hulle veel sonde en ergenis op die hals sou haal, veral omdat die moutbierpagter telkens sou kla dat hy benadeel word. Hulle besluit dus dat die reg om suikerbier te verkoop, in die toekoms slegs aan „soodanige Weduwen ende wesen, die behoeftigh sijn", gegee sou word

> „en gemerckt vrij dagelijckx tot ons bijsonder ongenoegen mede ervaren, dat veele deser vrije ingesetenen, ..... den

noodigen/...

---

24. Res. 4 Mrt. 1676: C3, pp. 62-63.
25. Ibid.

noodigen lantbouw eenemaal laten varen,
ende op 't uijtventen van voorzeide
suijker bieren luij en ledigh gaan ..... "[26]

Hierdie reg is dan ook slegs aan die volgende persone toegeken: [27] Geertruijt Mensingh; die weduwee van Thielman Hendriksz; Cornelis Adriaanz; Lourens Corneliz; Gerrit Jansen en die weduwee van Gijsbert Verweij. Die verkope van hierdie suikerbier sou egter slegs gedurende die besoek van die retoervloot jaarliks, oopgestel word. [28]


Teen die einde van 1676 het Smit weer die alleenreg verkry om die bier wat hy gebrou het, by die klein maat te verkoop. [29] Hierdie dubbele voorreg, nl. om bier te brou en dit te verkoop, het hy tot in 1681 behou.

Dit is nie duidelik wanneer Smit vir die eerste keer pagpenninge vir hierdie voorregte aan die

Kompanjie/...

---

26. Pl. 18/28 Aug. 1676: Orig. Plb. C680, p. 358 en vgl. Kaapse Plb., i, p. 132.
27. Vgl. Res. 28 Des. 1676: C3, pp. 143-145 en Pl. 27 Des. 1676: Kaapse Plb., i, p. 134. Aan die van die volgende jaar het al hierdie persone weer die voorreg behou; slegs een persoon is bygevoeg nl. A. van Braeckel. Vgl. Pl.23 Nov./35 Des. 1677: Kaapse Plb., i, p. 147.
28. Vgl. Pl. 18/28 Aug. 1676: Orig. Plb. C680, p. 359.
29. Vgl. Res. 28 Des. 1676: C3, pp. 143-145 en Pl. 27 Des. 1676: Kaapse Plb., i, p. 134.



Kompanjie betaal het nie. Die eerste maal wat soiets gemeld word, is in 1675 toe hy f600 vir sy voorreg moes betaal. In dieselfde jaar kla hy egter dat weens die tekort aan koring, hy nie in staat was om die volle bedrag te betaal nie. Die Politieke Raad het sy saak oorweeg en besluit om hom nie meer as 100 Rds. vir sy voorreg te laat betaal nie. (30) In die jare hierna, toe hy beide pagter en brouer was, het hy by een geleentheid f200 en by 'n ander f425 betaal. (31)

In 1682 het Smit die reg om bier te brou, sowel as die verkoop daarvan verloor. Theunis Visser het hierdie voorregte vir 'n jaar gekry en daarna het dit vir 'n geruime tyd in die hande van Theunis Dirxz van Schalkwijck oorgegaan. Onder laasgenoemde het die pagpenninge aanmerklik gestyg en in 1686 moes hy reeds f2,000 daarvoor betaal (32)

In 1687 is die moutbierpag soos dit toe reeds bekend gestaan het, vir die eerste keer in die openbaar opgeveil. Die pag het beide die brou van die bier sowel as die verkoop daarvan ingesluit en is aan één persoon toegeken. Die voorwaardes waaronder die pag by hierdie geleentheid en wel tot 1696 verkoop is, was soos volg: (33)

Die/...

---

30. Vgl. Res. 31 Des. 1675: C3, pp. 50-51.
31. Vgl. Bylaag vir pagpryse.
32. Vgl. Bylaag.
33. Pacht Conditiën: C670, pp. 13-16 (13 Des. 1686).

(i) Die bier van die brouer kon slegs binne „dese commanderie," d.w.s. binne die Tafelvallei, by die klein maat verkoop word.

(ii) Die brouer sou verplig wees om „goed deugtsaam moutbier te brouwen," en wanneer dit met „andere quade ingridienten" vermeng was, sou hy by die eerste oortreding met f100, by die tweede met f200 beboet word en by die derde oortreding sou sy voorreg van hom weggeneem word. Verder sou hy krimineel aangekla word.

(iii) Die pagter kon slegs sy eie bier verkoop en géén ander dranksoorte nie.

(iv) Die maksimum pryse waarteen hy sy bier kon verkoop sou 4 swaar dubbeltjies of 5 ligte stuiwers per fles wees.

(v) Die pagter se pagpenninge moes in twee paaiemente betaal word: die eerste op 30 Junie en die laaste op 31 Desember. Hy sou geen uitstel kry nie. Die helfte van die paaiemente moes in harde munt betaal word.

(vi) Die pagter moes een persoon as borg stel.

Gedurende die jare 1687 tot 1693 het hierdie gesamentlike pag feitlik elke jaar in die hande van Theunis van Schalkwijck gebly. Dikwels het dit gebeur dat daar nie genoeg koring was om bier van te brou nie. Volgens sy verklarings aan die Politieke Raad, het hy groter verliese gely as wat hy profyte gemaak het. (34)

Dog/...

34. Vgl. Res. 31 Des. 1692: V.C.12, p. 1096. Gedurende hierdie jaar word hy weer as pagter aangewys, veral „om sijn geledene schade te vergoeden." Ibid.

Dog dit is sterk te betwyfel dat hy die brouery sowel as die pag vir die verkoop van die bier in die klein maat sou behou het, indien sy saak telkens verliese afgewerp het.

In 1694 kom die bierbrouery in die hande van ene Rutgert Mensingh. Hy was afkomstig uit Deventer, Holland, en is spesiaal om sy besondere kennis van bierbrouery, deur Here XVII na die Kaap gestuur om die brouery oor te neem. Die Politieke Raad het opdrag gekry om hom in alle opsigte te steun. (35) Die plasie „Papenboom" is aan hom gegee, waar hy die beste water tot sy beskikking gehad het. Hy het hopplantjies met hom saamgebring, dog die meeste het gevrot, hoofsaaklik omdat hy geen kennis van die kweek daarvan gehad het nie. (36)

Hoewel die pag om bier by die klein maat te verkoop, sowel as die brouery vir 'n lang tyd nie opgeveil is nie, maar eenvoudig aan Mensingh gegee is, is daar tog twee jaar na sy aankoms nuwe pagvoorwaardes opgestel. Volgens hierdie voorwaardes vind daar nou 'n definitiewe skeiding tussen die bierbrouer en die pagter vir die verkoop daarvan plaas. Hierdie pagvoorwaardes het soos volg gelui: (37)

Die/...

---

35. Vgl. Ink. Br. 27 Aug. 1694 en Res. 29 Aug. 1701: C7, pp. 64-65.

36. Vgl. Spilhaus, op. cit., p. 106.

37. Vgl. Pacht Conditiën: C670, pp. 285-288 (31 Des. 1696).

(i) Die pagter sou verplig wees om sy bier by die brouer af te haal, terwyl die brouer verplig sou wees om goeie bier te lewer.

(ii) Wanneer dit gebeur het dat bier „bij de brouwers geheelijck quamen te manqueeren" en die pagter daardeur gevolglik nie sy „tapnering" kon voortsit nie, sou hy verplig wees om die sekretaris van die Politieke Raad daarvan in kennis te stel. Eers nadat hierdie prosedure gevolg is, kon hy aanspraak maak op afslag van pagpenninge; pro rata gereken vir die tyd wat hy nie verkoop het nie.

(iii) Geen onderlinge kontrak mag tussen die pagter en die brouer aangegaan word nie. Boete op 'n oortreding van so 'n aard sou f200 beloop.

(iv) Die brouer sou egter ook self toegelaat word om „ongepraejudiceerd dese pagt, en buijten opspraak en pretentie van de pagter aan de familijen desen colonie haar bieren vrijelijk" by die agste, kwart-, half- en aam onderskeidelik teen 4, 5, 6 en 8 gulde te verkoop. Vryburgers wat direk van die brouer bier teen hierdie mate wou koop, moes eers 'n lisensie-briefie by die sekretaris van die Politieke Raad kry. Vanaf 1698 moes selfs die pagter, indien hy bier van die brouer wou hê, ook 'n verlofbriefie kry, veral aangesien die Kompanjie daardeur wou bereken „of den selven zijn uijtgeloofde pagt penn. daar bij is te booven gekoomen, dan niet." (38)

'n/...

---

38. <u>Pacht Conditiën</u>: C670, p. 344 (31 Des. 1697).

'n Ander verandering wat kort hierna aangebring is, het in 1697 plaasgevind. I.p.v. een borg, moes daar nou twee deur die pagter gestel word.[39]

Hierdie voorwaardes het byna onveranderd vir 30 jaar bly bestaan. Vir die brouer was hulle besonder voordelig, maar die pagter is benadeel, want dit blyk duidelik dat hy nie die volle monopolie gehad het om bier te verkoop nie, omdat die brouer self die voorreg gehad het om bier teen 'n minimum hoeveelheid van 'n agste van 'n aam te verkoop. Maar gedurende die volgende jare het dit nie veel saak gemaak nie, want Rutgert Mensingh het beide as brouer en as pagter opgetree.

Rutgert Mensingh is aan die einde van 1699 of vroeg in 1700 oorlede, dog sy werk is deur sy vrou en seun Willem voortgesit en vanaf 1699 tot 1705 het die familie Mensingh behalwe die bierbrouery ook die bierpag in die hande gehad, sonder dat enige ander persoon 'n opsie in die verband gehad het.[40] Die pag is jaarliks aan hulle toegeken, sonder dat dit opgeveil is, dán omdat daar 'n koringskaarste was en dán omdat van hulle slawe deur siekte dood is,[41] ens. Gedurende hierdie tydperk het die Mensinghs al die tyd gebruik gemaak van die Kompanjie se broukete ls, waarvoor hulle huur moes betaal. In 1706 het hulle reeds f2,000 aan die Kompanjie

geskuld/...

---

39. Ibid.

40. Vgl. Bylaag.

41. Vgl. Res. 29 Aug. 1701: C7, pp. 64-65 en Res. 25 Aug. 1699: C6, p. 679 asook Res. 30 Aug. 1700: C7, p. 41, Dagregister 30 Aug. 1700: V.C.15, pp. 783-784.

geskuld. [42]

In 1706 het die Politieke Raad besluit om die Moutbierpag weereens in die openbaar te laat opveil. Terselfdertyd is bepaal dat die pagter in die toekoms geen afslag op sy pagpenninge sou kry nie, tensy hy kon aantoon „dat zulx bij puure quaadwilligħijd van de brouers toequam ..... " [43]

Die nuwe pagter, J.M. Kruijwagen, het skaars die pag besit of hy kla oor die „slegte en ondeugende" moutbier wat aan hom deur die brouers, die Mensingh-familie verskaf word. [44] Hy lê 'n beëdigde verklaring (wat deur 14 persone onderteken is) aan die Politieke Raad voor. Hierdie persone het van die bier gedrink wat deur die Mensinghs gebrou is, en dit „soo slegt en schraal" bevind dat „se deselve niet hebben willen nog kunnen drinken ..... " [45] Hulle beskryf dit verder as „niet anders als spoeling of vaderlands scharre bier gelijk te zijn," en voeg by dat indien die pagter geen beter bier in die vervolg kon verskaf nie, „dat ze geen

pennink/...

42. Res. 27 Julie 1706: C7, p. 200.
43. Res. 27 Julie 1706: C7, pp. 199-200.
44. Res. 14 Sept. 1706: C7, p. 208 en vgl. Dagregister 14 Sept. 1706: V.C.17, pp. 623-624.
45. Ibid.

pennink meer bij hem zullen komen vertieren, als willende veel liever het gemeene zuijkerbier drinken." (46)

'n Ander verklaring wat deur nog vyf persone onderteken is, word voorgelê waarin die vorige klagtes onderskryf word. Hulle verklaar die bier „ongelijk slegter, flaauer en ondrinkbaarder ..... als ooijt tevooren ..... " (47)

Die pagter Kruijwagen, het dus gemeen dat hy daarop geregtig was om te eis dat „goede, bequame, smakelijke drink en leverbaare bieren" aan hom verskaf word. Die saak is deur die Politieke Raad ondersoek en hulle het besluit dat die pagter van sy pag onthef moes word totdat die brouer beter bier gebrou het. Terselfdertyd is 'n kommissie aangestel om die Mensinghs te ondervra en verslag te doen. (48)

Die seun, Willem, het verklaar „dat hem de brouwneering niet aanging, maar alleenlijk sijn moeder ..... " (49) Dit blyk dus duidelik dat hy geen belang by die brouery gehad het nie en dit is moontlik die rede waarom die bier van so 'n slegte gehalte was. Die weduwee het weer met „een heevige passie en beevend ontstelt gelaat, uijt puure quaadaardige obstinaatheijd voortkomende," geantwoord dat die bier wat sy gelewer het, so goed soos nooit tevore was nie. Sy het verder

verklaar/...

---

46. Ibid.
47. Ibid., p. 209.
48. Ibid.
49. Res. 17 Sept. 1706: C7, p. 211 en vgl. Dagregister 17 Sept. 1706: V.C.17, pp. 630-635.

verklaar dat sy geen beter bier teen 15 Rds. per aam kon lewer nie.[50] Wanneer die saak noukeurig ondersoek word, wil dit voorkom asof die Mensinghs hierdeur 'n doel wou bereik, nl. om die pag wat in die hande van Kruijwagen berus het, weereens terug te kry. Hierdie suspisie word versterk wanneer ons verneem dat Willem Mensingh f2,700 aan Kruijwagen vir die pag aangebied het.[51]

Die kommissie het gerapporteer dat daar rede vir ontevredenheid was, en op hulle aanbeveling het die Politieke Raad gelas dat die Mensinghs in die toekoms vir skade aanspreeklik gehou sou word en dat in die toekoms goeie bier voorsien moes word.[52]

Theunis van Schalkwijck het nou gebruik gemaak van hierdie moeilikhede om sy eie saak te bevorder. Hy het blykbaar gehoop dat iets van so 'n aard sou gebeur en dadelik versoek hy om weereens met 'n brouery voort te gaan. Hy vra dat

> „in deese Tafel valleij, op een bequaame plaatse, en daar digte bij een goede waterloop is, een stukje lands in eijgendom mogte werden gegeven, en wijders gepermitteerd om aldaar een brouwerij op te setten ..... " (53)

Die/...

---

50. *Ibid.*
51. *Ibid.*
52. Vgl. *Dagregister* 18 Sept. 1706: V.C.17, p. 635.
53. *Res.* 17 Nov. 1706: C7, p. 218.

Die Politieke Raad het hierop besluit dat kompetisie moontlik die gewensde uitwerking sou hê en 'n „erfgrond" is langs die rivier aan hom toegeken. (54) Of van Schalkwijck wel sy eie bierbrouery begin het, is nie duidelik nie.

Dit is beslis waar dat die bier wat gedurende hierdie tyd aan die Kaap gebrou is, sleg was. Skrywers en reisigers het telkens hiervan getuig; een reisiger skryf:

> „They make Malt, brew, ..... and sell Beer in one or two Public Houses, of which I could never meet with any, that was not very poor and flat, tho' as high colour'd as October." (55)

'n Ander persoon vertel weer dat, wanneer daar te veel van hierdie bier gedrink is,

> „ ..... het zelve opblaast, en niet zakt, wordende de genen, die daar van drinken, ongemeen met winden geplaagt, behalven dat zij daarboven ook doorgaans de koude of droppelpis daarvan krijgen." (56)

Sommige persone het gemeen dat die fout by die hop gelê het; hierdie hop is van Nederland ingevoer en het baie keer as gevolg van te min ventilasie in die skepe bederf. (57) Bier is egter gedurende die eerste

honderd/...

---

54. Ibid., p. 219.
55. Lockyer, C. - An Account of the Trade in India, p. 291.
56. Kolbe, II, op. cit., p. 405.
57. Vgl. Kolbe, II, ibid.

honderd jaar hoofsaaklik van graan gebrou en die mislukking daarvan kan toegeskryf word aan die swak kennis wat die brouers van hulle nering gedra het. Mentzel meen dat gedurende 1732-1742 toe hy aan die Kaap vertoef het, daar geen brouer was wat enige ondervinding gehad het nie. Daar was net 'n paar slawe wat by die brouery gewerk het, dog geen besondere kennis daarvan gehad het nie. Mentzel meen dat die hop wat gebruik is, op onbevredigende wyse voorberei is. Hy sê verder dat die suurdeeg toegelaat is om té veel te gis, aangesien die brouery in periodes van twee tot drie weke plaasgevind het, en die suurdeeg van die laaste brou vir die volgende een gebruik is.

> „The stale yeast imparts an unpleasant flavour to the beer which remains dark and heavy, causing flatulence, accidity and heart-burn. Taken slightly in excess this beer goes to the head and causes headache rather than drunkenness." (58)

Ten spyte van die klagtes wat in 1706 deur Kruijwagen en andere teen die Mensinghs ingebring is, het hulle brouers gebly en in 1707 het die Politieke Raad selfs so ver gegaan om die pag aan hulle toe te ken sonder dat dit opgeveil is. Die Politieke Raad het nog steeds op bevele van Here XVII gehandel, nl. dat alle moontlike hulp aan die Mensingh-familie gegee moes word. (59) Tot tyd en wyl Here XVII anders besluit, sou

die/...

---

58. Mentzel, V.R.S.6, op. cit., p. 53.
59. Vgl. Res. 13 Aug. 1707: C7, p. 281.

die Mensinghs dus die brouery sowel as die pag behou. (60) In 1711 is weer vir die eerste keer iets van Here XVII oor die saak verneem en in dieselfde jaar is die Moutbierpag weer in die publiek opgeveil. (61) Willem Mensingh het egter weer die pag teen f1,600 gekoop en sodoende die brouery sowel as die pag behou.

Voor die jaar 1712 was die Moutbierpag een van die laaste pagte wat in volgorde opgeveil is. Die Politieke Raad het bekommerd geraak oor die feit dat geen hoë pryse vir dié pag aangebied is nie. Hulle het dus aan moontlike maniere begin dink om die pagpryse te verhoog. Eerstens word dus besluit dat die Moutbierpag in die vervolg eerste in orde opgeveil sal word, „omme desselve weerder in slagh gelegt zijnde, en de geen f2,000 - komende haalden." (62) Tweedens sou die brouer, indien hy nie ook pagter was nie, verplig wees om al sy bier aan die pagter te lewer. (63) D.w.s. hy het nou die voorreg verloor om self bier by die groot maat (d.w.s. groter as 'n agste van 'n aam) aan die ingesetenes te verkoop. Derdens is daar vyftien jaar later besluit dat dit enige persoon sou vry staan om bier by die brouery by die groot maat te koop en daarna weer by die klein maat te verkoop. Dog op elke aam bier wat hy by die brouery gekoop het, moes f6 aan die pagter betaal

word/...

---

60. Ibid.
61. Vgl. Res. 13 April 1711: C8, pp.112-113.
62. Res. 30 Aug. 1712: C8, p.264.
63. Vgl. Pacht Conditiën: C671, pp. 1-4.

word. Vir hierdie doel sou 'n huisie langs die brouery gebruik word, waar hierdie bedrae ingevorder sou word. (64) Hierdeur sou die pagter dus tot 'n sekere mate bevoordeel word. Die toepassing van hierdie twee maatreëls, veral die eerste het positiewe resultate gelewer en vir 'n aantal jare sou die f2,000 merk gehandhaaf word. Vanaf 1624 tot 1652 sou die pagpenninge vir die Moutbierpag egter om een of ander onverklaarbare rede betreklik laag wees.

-------------oOo-------------

---

64. Ibid.

# H O O F S T U K   V I I I.

## ANDER DRANKPAGTE.

A. Vaderlandse Drankpag.
B. Stellenbosch- en Drakensteinpag.
C. Pag van die plaas Rustenburg.
D. Rondebosch- en Valsbaaipag.

# H O O F S T U K   V I I I.

## ANDER DRANKPAGTE.

### A. DIE „VADERLANDSE-" OF INGEVOERDE-DRANKPAG.

Die Kompanjie het 'n uiters winsgewende handel in drank met sy Oosindiese besittings gedrywe. Die dranksoorte waarmee handel gedrywe is, was hoofsaaklik Mom, Franse-, Rynse- en Spaanse wyne („secq" - d.i. dik wyn wat van rosyntjies gemaak is) asook brandewyne. So is daar dan jaarliks respektiewelik 50 tot 60 aam Rynse- en Franse-wyn en 6 lêers brandewyn na Indië gestuur. (1)

Die N.O.I.K. was 'n internasionale handelsliggaam in dié opsig dat hy belange dwarsoor die wêreld gehad het. (2) Geen wonder dus dat dié liggaam Franse-, Rynse- en Spaanse-wyne as patriese of vaderlandse dranke beskou het nie.

As verversingsoord het die Kaap 'n groot afsetgebied vir hierdie vaderlandse dranksoorte gebied. Reeds vanaf die stigtingsjare van die Kaap is 'n begin gemaak met die invoer van patriese dranksoorte, hoofsaaklik om as rantsoene en tot verversing van die ingesetenes sowel as besoekende skeepslui te dien. Ons

het/...

---

1. Stapel, Dr. F.W. - Beschrijvinge van de Oostindische Compagnie, Boek i, Dl. i, p. 644.
2. Ibid., p. 644.

het ook gesien dat die ingevoerde dranksoorte in verskillende lisensies uitgegee is, m.a.w. sekere dranksoorte is saam gegroepeer, tw. Mom, Franse- en Rynse wyn in één lisensie; Spaanse-wyn („secq") en arak in 'n ander en daarnaas brandewyn en gedistileerde waters. Hierdie verdeling is selfs na 1679 feitlik net so gehandhaaf. Die groepering van Mom, Rynse- en Franse wyne sou egter voortaan as Vaderlandse dranke bekend wees.

Vanaf 1679 het hierdie vaderlandse dranksoorte dan ook 'n pag uitgemaak en is in die publiek opgeveil. Die eerste opveiling het in April van daardie jaar plaasgevind, en wel onder die volgende voorwaardes: (3)

(i) Die aannemer van die pag sou toegelaat word om Vaderlandse biere (d.w.s. hoofsaaklik Brunswijkse mom (4) ) en wyne (Franse en Rynse wyne) binne Tafelvallei te verkoop. Hierdie

pag/...

---

3. Vgl. Res. 22 April 1679: Kaapse Plb., i, pp. 154-156. Die pagtermyn sou hierdie jaar slegs 8 maande duur.

4. Hierdie mom word beskryf as „best kunnende duijren en Indiën wel van 't meeste gebruijck sijnde, voornamentlijck tot het setten van bier of drank." Vgl. Stapel, op. cit., Boek i, Dl. i, p. 643. Mom word nog verder omskryf as „een dik, krachtig, hopvrij bier uit Brunswijk, genoemd naar den eersten brouwer, Christiaan Mumme." Vgl. ibid., Boek i, Dl. i, p. 742.

pag het volgens Mentzel vier kroeë in Kaapstad ingesluit. (5)

(ii) Die pagter sou toegelaat word om slegs een persoon as bytapper aan te stel.

(iii) Alle drank moes direk van die Kompanjie gekoop word.

(iv) Die betaling van die pagpenninge moes in gulde geskied. Die pagpenninge moes in twee paaiemente betaal word - die eerste op 1 September en die laaste op 31 Desember.

(v) Twee borge moes gestel word.

(vi) Slegs die volgende persone sou by hierdie eerste opveiling toegelaat word om 'n bod vir dié pag te maak: die weduwee Valckenrijck, Gerrit Victor, Willem van Dieden, Tobias Marquart, Theunis Dirxs, Guilliam Hems en Hans Grimp. Die Kompanjie het blykbaar gevrees dat hulle verliese kon ly, indien van die minder gegoede burgers die pag sou aanneem, daarom is van die rykste burgers benoem.

Die eerste belangrike verandering wat hierna aangebring is, was dat Spaanse wyn en „secq" (d.i. dik wyn wat van droë druiwe gemaak is) by die dranksoorte wat onder die pag inbegrepe was, gevoeg is. (6) Spaanse

wyn/...

---

5. Vgl. Mentzel, V.R.S.6, op. cit., p. 53. Die waarheid hiervan kan in twyfel getrek word, soos dit dan ook van die res van die pagvoorwaardes afgelei kan word.

6. Vgl. Pacht Conditiën: C670, p. 225.

wyn en „secq" het voorheen onder die pag vir die verkoop van vaderlandse spek, vleis, olyfolie, botter en asyn aan die garnisoen en ingesetenes, geresorteer. (7)

Dit het dikwels gebeur dat die Kompanjie nie genoeg drank in voorraad gehad het om aan die pagter te voorsien nie. In sulke gevalle is die volgende skikkings getref: Eerstens, is bepaal dat sodra daar geen drank meer by die Kompanjie beskikbaar was nie, die pagter die sekretaris van die Politieke Raad hiervan in kennis moes stel. Terselfdertyd moes sy tappery gesluit word, anders kon hy nie verwag om pro rata afslag vir die tydperk wat hy nie drank verkoop het nie, te kry nie. (8) Hierdie beleid is in 1700 gewysig, toe bepaal is dat wanneer die Kompanjie nie meer drank aan die pagter kon voorsien nie, hy toegelaat sou word „om bieren bij particulieren te mogen copen." (9) D.w.s. artikel iii van die pagvoorwaardes sou nou slegs geld wanneer die Kompanjie genoeg drankvoorrade gehad het. Hierdie verandering het natuurlik die pagter ten goede gestrek want hy sou nie nodig hê om sy tappery te sluit nie.

Verder sou die pagter nie toegelaat word om sy drank met bv. suikerbier te meng nie. Boete teen

so/...

---

7. Vgl. Res. 22 April 1679: Kaapse Plb., i, p. 156 en verder Pacht Conditiën: C670, p. 225.
8. Vgl. Pacht Conditiën: C670, pp. 292-293 (31 Des. 1696).
9. Pacht Conditiën: C670, p. 458.

so 'n oortreding sou f100 beloop. (10)

Die pryse waarteen die pagter sy drank van die Kompanjie kon inkoop is op 30 Rds. per vat vasgestel. (11) Die minimum pryse waarteen hy weer sy drank kon verkoop, is op 8 stuiwers per pint vasgestel. (12)

Mentzel lewer kommentaar oor die kroeë waar vaderlandse dranke verkoop is. In hierdie kroeë, soos hy dit stel,

> „you will innocently presume that Rhine wine, Moselle, French and European wines are procurable. Make no such rash assumption! When you order a certain brand of European wine you will be served with an excellent Cape substitute and charged at a price high enough for the European product."

Ten voordele van hierdie kroeë voeg hy egter by dat die diens en aandag wat die besoekers geniet het, uitstekend was. (13) Dit blyk dus duidelik dat die vaderlandse drankpagter plaaslike produkte i.p.v. ingevoerde drank-

soorte/...

---

10. Vgl. <u>Pacht Conditiën</u>: C670, pp. 292-293.
11. Vgl. <u>Pacht Conditiën</u>: C670, p. 896 en <u>Pacht Conditiën</u>: 672, p. 586.
12. Vgl. <u>Res. 9 Des. 1738</u>: C30, p. 781 en <u>Pacht Conditiën</u>: C672, p. 586. Een pint het vier mutsies bevat.
13. Mentzel, V.R.S.6, <u>op. cit.</u>, p. 53.

soorte verkoop het, veral omdat dit baie goedkoper ingekoop kon word en teen des te hoër pryse verkoop word. Die gevolg was natuurlik dat die pagter baie min drank van die Kompanjie gekoop het, deurdat hy drank goedkoper van skeepsoffisiere gekoop het of plaaslik geparste wyn gebruik het. Die Politieke Raad het dus begin oorweeg of dit nie beter sou wees dat die Kompanjie self die kleinhandel van die ingevoerde drank sou waarneem nie. (14) Terselfdertyd het hulle gemeen, kon die smokkelhandel beter beheer word. In 1713 is die saak weer onder bespreking geneem toe slegs fl,100 vir die pag aangebied is. (15) Weereens is die wenslikheid uitgespreek dat die Kompanjie self die drank moes verkoop. Die saak is egter weer van die baan geskuif. Eers drie jaar later het die Politieke Raad die gedagte om self die kleinhandel te beheer, laat vaar, aangesien die pag „als een vasten winst" beskou is. (16) Weereens is die beginsel van direkte wins sonder om enige moeite te doen, gehandhaaf.

Die pagters het telkens die regulasies t.o.v. drankverkope oortree. So kla Carel Buitendag (Boetendag), die Kaapse wynpagter, dat die bytapper van die vaderlandse drankpag, Jan Holst, ingevoerde wyn teen minder as die

vasgestelde/...

---

14. Vgl. Res. 13 April 1711: C8, pp. 111-112.
15. Vgl. Res. 31 Aug. 1713: C9, p.50.
16. Res. 7 April 1716: C10, p. 456.

vasgestelde minimum pryse verkoop het.[17] Verder kla hy dat gemelde Holst „een publique Schackerij naast sijne deur soo wel voor mattroosen als swarte jongens word gehouden."[18] Die klaer sou die fiskaal hiervan in kennis gestel het, dog het geen genoegdoening gekry nie. Die saak is na die waarnemende fiskaal verwys en hy het verklaar dat geen direkte bewyse vir die klagtes gevind kon word nie. Twee matrose wat glo aangebied het om as getuies in die saak op te tree, kon nie positiewe getuienis lewer nie.[19] Buitendag was egter nie tevrede nie en het verklaar dat met die „schackerij" van Holst weggemaak moes word. Hierop het die fiskaal verklaar dat Buitendag buite sy reg gehandel het deur sy kneg Jacobi telkemale na Holst se tappery te stuur, om alle persone wat daar drank gedrink het, uit te jaag.[20]

Die Politieke Raad kon blykbaar nie tot 'n ooreenkoms kom nie en het Holst versoek om 'n monster van die wyn wat hy verkoop het, voor die Raad te lê. Die Raad het daaraan geproe en verklaar dat dit Kaapse wyn was.

Die/...

---

17. Vgl. <u>Res</u>. 25 Sept. 1738: C30, pp. 717-720.
18. <u>Ibid</u>., p. 720.
19. <u>Res</u>. 21 Okt. 1738: C30, pp. 738-746.
20. <u>Ibid</u>.

Die misbruike wat daar van die drankhandel gemaak is, blyk weereens uit die volgende voorval. In 1725 word daar 'n ernstige aanklag teen die ingesetenes, matrose en soldate gemaak.[21] Daar word gekla dat hierdie persone na die hospitaal gekom het „onder praetext van haare vrienden en kennissen te besoeken, de sieken hunne goederen, voor een zeer geringen prijs komen af te kopen, en die menschen daardoor van hare armoedje sowel als van de kleederen tot deksel van 't lichaem gehorende ontblooten, bovensdien zig meede niet ontsiende sterke dranken in 't hospitaal te brengen, mitsgrs: alle ongereegeltheeden te bedrijven." Hierna sou besoekers toegelaat word om slegs op Woensdae en Saterdae tussen een tot drieuur smiddae, die pasiënte te besoek.[22]

## B. DIE STELLENBOSCH- EN DRAKENSTEINSE-PAG.

Die wynopbrengste van Stellenbosch en Drakenstein het reeds aan die einde van die sewentiende eeu vinnig toegeneem. Daar is vasgestel dat in dié omgewing beter wyn geproduseer is as op die skiereiland en met verloop van jare sou hierdie gebied die voortou in baie opsigte neem.

Die/...

21. Pl. 10 Julie 1725: Kaapse Plb., ii, p. 213.
22. Ibid.

Die owerhede het in die stygende wynopbrengste in die twee distrikte, 'n geleentheid gesien om die Kompanjie se inkomste te vermeerder. Die Politieke Raad het reeds in 1679 die hoop uitgespreek dat die opbrengste van die pagte „van yäer tot yäer noch all meer en meer sullen accresseren om te strecken tot soulaes van 's Compagnies swaare lasten." (23) In April 1705 het Kommissaris C.J. Simons dan ook aan die hand gedoen dat 'n wynpag op sowel Stellenbosch as op Drakenstein ingevoer word. (24) Dog waarskynlik as gevolg van die Van der Stel-kwessie, het die saak hangende gebly.

Eers nege jaar later word dit weer te berde gebring. Die Goewerneur meld in die raadsitting dat verskeie persone op Stellenbosch hulle inkomstes vergroot het, deur drank daar te verkoop, „sonder dat de E. Comp<u>ie</u> daarbij ijets bevoordeelt word. (25) Hy het dit dus by die Politieke Raad aanbeveel dat die voorreg om Vaderlandse sowel as Kaapse dranksoorte in Stellenbosch te verkoop, aan één persoon verpag moes word. (26) Die Raad het daarop besluit om jaarliks op 1 Oktober hierdie pag by die Drosdy op Stellenbosch te verkoop. Die reëling van sake by daardie geleentheid, is aan

afgevaardigdes/...

---

23. V.C.8, p. 1062.
24. <u>Mem. en Instr</u>. (1686-1722) 19 April 1705: C702, p. 547.
25. <u>Uitg. Br</u>. 30 Mrt. 1715: C511, p. 351.
26. <u>Res</u>. 18 Sept. 1714: C9, p. 262.

afgevaardigdes uit die Politieke Raad opgedra, wat altyd aan die begin van Oktober die wapenskouing aldaar bygewoon het.

Op 1 Oktober 1714 is dié pag vir die eerste keer opgeveil en die koper was Jan Botma, wat f820 daarvoor betaal het. Die voorwaardes waaronder hierdie pag verkoop is, was die volgende:[27]

(i) Die pag het die verkoop van alle Vaderlandse sowel as Kaapse dranksoorte by die klein maat ingesluit.

(ii) Die area waarin die drank verkoop kon word, sou die volgende wees: vanaf die huis van D. Mol tot by Johannes Wessels, daarvandaan tot by „de huijsenint moddergat," Jan Jonkers Hoek se huis tot by dié van Jan Robbertz en die gewese huis van Matthijs Greef.

(iii) Die pagter kon sy drank teen enige prys verkoop.

(iv) Alle dranksoorte moes van die Kompanjie gekoop word.

(v) Die betaling van die pagpenninge moes in twee paaiemente en in goeie gangbare geld geskied.

Die/...

27. Fotostatiese afdrukke van Pacht Conditiën: Stellenbosch 1 Okt. 1714, Algemeen Rijksarchief 's-Gravenhage, K.A. 4050. Hierdie voorwaardes ontbreek in die Kaapse argief.

(vi) Die pagter moes twee borge stel.

(vii) Die pagter kon enige ander persoon wat drank in dié bepaalde gebied verkoop het, by die landdros rapporteer. So 'n oortreder sou met f1,000 beboet word.

Na die eerste opveiling op Stellenbosch het die Politieke Raad besluit om ook 'n pag te Drakenstein in te voer, [28] en met die eerste opveiling is feitlik dieselfde voorwaardes wat vir die Stellenboschpag gegeld het, toegepas. Die pag is vir die eerste keer deur Jacob Vrij vir f350 gekoop.

Die klein bevolking van Stellenbosch het die plaaslike pag van geen groot waarde gemaak nie. 'n Groot hoeveelheid drank is jaarliks verkoop slegs wanneer die militia wat uit sowat 1,000 man bestaan het, gedurende Oktober vir 8 dae daar gekampeer het. [29] Hierdie pag was dan slegs gedurende daardie een week elke jaar, van enige waarde en het slegs twee keer f3,000 bereik wat pagpenninge betref, selfs nadat Drakenstein in 1715 hierby ingesluit is.

As gevolg hiervan is die twee pagte in 1715 geamalgameer. Die voorwaardes waaronder dit verkoop is, het min of meer dieselfde gebly as wat dit vir die Stellenbosch-pag was. Die grense is egter uitgebrei om die ganse Hottentots-Holland, Drakenstein en Stellenbosch

in/...

---

28. Vgl. Res. 27 Aug. 1715: C9 (1713-1715).

29. Vgl. Mentzel, V.R.S.6, op. cit., p. 53.

in te sluit, [30] terwyl die verkoop van Europese brandewyn vanaf 1718 uitgesluit is, [31] veral aangesien die Kaapse wyn en brandewyn reeds die plaaslike mark voorsien het.

Die pagte het egter nooit saam 'n groot pagsom opgelewer nie, want die pagte was voor Augustus 1716 op 1 Oktober verpag terwyl daar geen besondere belangstelling hiervoor was nie. Vanaf 1716 tot 1722 is die pag egter op 25 Augustus by die drosdy opgeveil, „om de inwoonders van buijten tijd te geeven tegens den laasten van dese maand, ook herwaarts te komen." [32] Hierna sou dit saam met al die ander pagte op 31 Augustus by die Kasteel verpag word, want dan sou daar meer belangstelling daarvoor wees. [33]

Kort hierna het daar 'n ernstige aanklag teen die Kaapse wynpagters van die kant van die Stellenbosch en Drakenstein-pagter gekom. [34] Hy het gemeen dat die

wynpagters/...

---

30. Vgl. Pacht Conditiën: C671, pp. 33-36.
31. Vgl. Uitg. Br. 30 Mrt. 1719 en Pacht Conditiën: C671.
32. Res. 11 Aug. 1716: C11, p. 130.
33. Vgl. Res. 31 Aug. 1722: C17, p. 153.
34. Res. 8 Aug. 1724: C19, p. 154.

wynpagters om „den een den anderen neering te onttrecken," die wynpryse van 12 tot 8 stuiwers per fles verminder het. Nadat die Politieke Raad die pagters geraadpleeg het, is besluit om die pryse vas te stel. Hiermee het al die pagters dan ook genoeë geneem, aangesien hulle besef het dat hulle deur onderlinge kompetisie veel skade gely het.[35] Op aanbeveling van die pagters is die pryse soos volg vasgestel: witwyn teen 12 stuiwers per fles en 6 Rds. per halfaam; rooiwyn teen 20 stuiwers per fles en 10 Rds. per halfaam. Die inhoud van 'n fles is ook op 16 mutsies vasgestel.[36]

Ten spyte van die onderlinge tevredenheid oor hierdie reëling, het die pagters tog weer hulle drank teen laer pryse verkoop. Die gevolg was dat die Politieke Raad in 1727 besluit het om die vasstelling van pryse te kanselleer.[37]

Die Stellenbosch-Drakensteinse pag het hierna egter vir die owerhede geen moeilikhede weer opgelewer nie. Net een keer, in 1742, rig die landdros en heemrade van Stellenbosch 'n versoek aan die Politieke Raad, waarin hulle vra dat die tappery naby die meule van Drakenstein verwyder moes word.[38] Persone wat hulle

koring/...

35. Ibid.
36. Ibid.
37. Vgl. Res. 29 Julie 1927: C22, p. 188.
38. Vgl. Res. 4 Aug. 1742: C34, pp. 232-236.

koring na die meule geneem het om gemaal te word, is gewoonlik deur twyfelagtige karakters, wat in die tappery dronk geword het, besteel. Die meulenaar, Jan Vijffer het getuig dat daar dikwels van die sakke meel wat hy moes maal, weggeraak het, en hy verplig was om dit aan die eienaars terug te gee. Daar word aanbeveel dat geen tappery nader as een uur te perd van die meule af opgerig moes word nie. Hierdie aanbeveling is deur die Politieke Raad goedgekeur en bekragtig. (39)

## C. DIE PAG VAN DIE PLAAS RUSTENBURG.

Met die uitbreiding van die Kolonie deur Jan van Riebeeck in die rigting van Wynberg, is by „'t Rondebosjen" 'n kompanjiestuin aangelê wat die naam Rustenburg gekry het. Die Kompanjie het egter as gevolg van die lastige Hottentotte veel moeilikhede op hierdie grensplaas van hulle ondervind en dit het feitlik geen wins vir die Kompanjie afgewerp nie. Dit was alleen die wynbou wat enigsins belowend gelyk het.

Die Kaapse owerhede het dit dus oorweeg om die plaas te verhuur of soos dit later bekend gestaan het, te verpag, omdat hulle gemeen het dat dit vir

hulle/...

---

39. Ibid.

hulle meer winsgewend sou wees as om dit self te bestuur. Gevolglik word die plaas op 31 Mei 1673 aan twee burgers, Thielman Hendriksz en Hendrik Everts teen f4,000 per jaar, verpag.[40] Die kontrak sou elke vier jaar hernu word. Hierdie twee burgers het terselfdertyd die voorreg ontvang om „tot aan seecker gestelde limiten buijten op 't landt," hulle eie wyn by die groot sowel as klein maat te verkoop, asook om brandewyn te stook en te verkoop.[41]

Die Politieke Raad was egter nie tevrede met die kontraktante van Rustenburg nie, omdat hulle „d' culture desselfs niet sodanigh ter harten nemen als de beginselen daertoe wel schenen te leggen ..... " en omdat die Hottentotte „te landwaert gemassacreet zijnde, en de twede sigh daer besijden met het bouwen van bieren bemoeiende, niet sodanigh daerop comt te nemen ..... "[42] Om die verdere agteruitgang van die tuin te voorkom, is die kontrak met die twee pagters teruggetrek en is die pag aan Cornelis Stevens vir 'n tydperk van 2 jaar teen 'n bedrag van f3,000 jaarliks, gegee, „mits daerbij genietende al sulcke priviligien

van/...

40. <u>Uitg. Br</u>. (1672-73): C496, p. 606.
41. <u>Ibid</u>.
42. <u>Res</u>. 22 Jan. 1675: C3, p. 15.

van tapneringh als de voorgaende contractanten hebben gegaudeert." (43)

Stevens het blykbaar nie kans gesien om met die saak voort te gaan nie, want slegs twee weke hierna is die plaas aan die weduwee Leendertsen verhuur. Sy sou die voorreg geniet om „alderhande drancken soo koele als brandewyn, mitsgaders mom en vaderlantse als Caapse stercke bieren bij de cleene maet uijt te venten en daar toe gelagen te mogen setten." (44) Sy het egter haar vrees uitgespreek dat sy nie 'n bestaan sou kon maak nie. Kommissaris Verburgh het hierop beslis dat, al sou die Kompanjie hom selfs met 'n kleiner pagsom tevrede stel, dit nog voordeliger vir die Kompanjie sou wees om die plaas te verpag as om dit self te bestuur. (45)

Met die hernuwing van die kontrak in 1677 waarvolgens f3,000 jaarliks betaal moes word, is die reg aan die kontraktant verleen om die pagpenninge in wyn gereken teen 20 Rds. per halfaam te betaal. Terselfdertyd is die verkoopspryse van drank vasgestel. (46) Hierna is weer veranderinge aan die pagvoorwaardes

aangebring/...

---

43. Ibid.
44. Pl. 2 Feb. 1675: Kaapse Plb., i, p. 126.
45. Mem. en Instr. der Commissarissen: C700, p. 298.
46. Vgl. Res. 26 Mrt. 1677: C3.

aangebring, sodat die Kompanjie „aan haar voldoeninge niet mocht te cort schieten." Daar is bepaal dat die gelisensieerde wyntappers, Jacob Rosendael en Willem van Dieden, in die toekoms toegelaat sou word om wyn by die pagter van Rustenburg teen 20 Rds. per halfaam te koop.[47] Die pagter van Rustenburg is direk deur hierdie reëling beïnvloed, want aangesien die pagpenninge deur die wyn wat op die plaas gepars is, gelewer is, „soo staet vast, ingevalle haar deselve niet werf afgehaelt, niet alleen onvermogens sullen wesen deselve te slijten, maar oock gebreckigh (sulle) blijven de huirpenninge te voldoen."[48] Hierdie bepaling het ook dus die Kaapse wynpag beïnvloed.

'n Stryd het nou tussen die pagter van Rustenburg en die pagters van die Kaapse wynpag oor die vasgestelde wynpryse ontstaan. Die Kaapse wynpagters het gekla dat hulle nie 'n bestaan kon maak wanneer hulle 20 Rds. per halfaam aan die pagter op Rustenburg moes betaal nie. Die pagter van Rustenburg het hierop geantwoord dat hy weer nie sy pagpenninge sou kon betaal as hy nie daardie bedrag vir sy wyn ontvang het nie. Die wynboere het weer op hulle beurt gekla dat hulle nie meer as 10 of 12 Rds. per halfaam vir hulle

wyn/...

---

47. Vgl. Mem. en Instr. der Commissarissen: C700, p. 336.

48. Ibid.

wyn ontvang het nie, en selfs dan „nemen sij wijn tappers noch seer weijnich en niet meer dan sij nodich hebben." (49)

Die Kompanjie het besef dat die saak geskik moes word, anders sou hulle moontlik met Rustenburg moes bly sit en dit is juis wat hulle wou vermy, omdat dit sou beteken dat 10 slawe, 'n baastuinier en 4 Duitse knegte aangehou moes word om die plaas te bestuur. (50) Die Kaapse wynpagters het hulle saak verloor want daar is beslis dat hulle nog steeds dieselfde prys vir wyn van die pagter op Rustenburg moes betaal. (51) Die wynboere se versoek i.s. die bediening van wyn aan besoekers, is goedgekeur op voorwaarde dat hulle 'n belasting van 1 Rd. op elke halfaam wat hulle gepars het, aan die Kompanjie moes betaal. (52)

Sommige lede van die Politieke Raad was van mening dat die Kompanjie groter voordeel daaruit sou trek indien die pag van die plaas Rustenburg saam met al die ander pagte, in die publiek opgeveil word. Dog daar is besluit dat dit weereens aan 'n „suffisante

borger/...

---

49. Uitg. Br. 14 Mrt. 1677: C498, p. 473.
50. Mem. en Instr. der Commissarissen: C700, p. 335.
51. Ibid.
52. Vgl. Uitg. Br. 18 Mei 1678: C498, p. 967.

borger," nl. die ou pagter, Cornelis Stevens (Botma) teen f3,000 gegee word.[53]

By nadere ondersoek blyk dit duidelik dat die pagter te Rustenburg ten koste van die Kompanjie bevoordeel is (asook alle pagters en wynboere). Ten opsigte van die Kompanjie het Rijkloff van Goens jnr. bv. in 1681 bereken dat dié pag die Kompanjie veel skade berokken het. Hy het vasgestel dat die Kompanjie $6\frac{1}{4}$ lêers wyn teen 160 Rds. per lêer en $2\frac{1}{4}$ lêers teen 128 Rds. van die pagter elke jaar volgens kontrak moes koop,[54] d.w.s. 1,256 Rds. (f3,768), en dan nog boonop

> „bestelt den Ed. Comp. den pachter nog een wijngaert, stocken, mest, gereetschappen, en 't consent van allerhande drancke in sijn limiten te slijten, konnende na u Ed. begroting jaerlicks wel 14 leggers wijn ingesamelt ..... " word. (55)

Hy is ook bevoordeel bo die pagters want hy het alle wyne wat hy geproduseer het en wat die Kompanjie nie self volgens kontrak by hom gekoop het nie, op die wynpagters teen 'n onredelike prys afgedwing met die dreigement dat as hulle nie sy wyn gekoop het nie, hy sy wyn en brandewyn teen sulke lae pryse in die distrik sou verkoop, dat hulle daardeur benadeel sou

word/...

---

53. Vgl. Res. 3 Mei 1680: C

54. Vgl. Mem. en Instr. der Commissarissen: C700, p. 368 en Res. 1 Mrt. 1681: C5, pp. 18-22.

55. C700, p. 368, ibid.

word.[56] Die Kompanjie was blykbaar hiervan bewus en het dit so laat voortgaan, heelwaarskynlik omdat hulle gemeen het dat geen ander persoon vermoeënd genoeg was om die pag aan te neem nie.[57] Simon van der Stel het homself probeer verweer deur te sê dat hy op verkeerde inligting van sy voorganger gereageer het en gevolglik die saak nie goed begryp het nie.[58]

Hy is uiteindelik bevoordeel bo die gewone wynboer want wanneer die pryse wat aan die wynboere vir hulle wyn betaal is, vergelyk word met die pryse wat die Kompanjie aan die pagter van Rustenburg betaal het, blyk dit duidelik dat hierdie pagter bo alle ander persone bevoorreg is, want die wynboere sou slegs van 340 tot 350 Rds. vir 8½ lêers wyn ontvang het. Geen wonder dus dat Van Goens die verpagting van Rustenburg as 'n „onhebbelijckheijt" en 'n „wonderlijck overlegh" beskou het nie.[59] Hy het dus in die eerste plek aanbeveel dat die Kompanjie self die plaas moes oorneem, omdat hulle self die groot winste kon insamel[60] en in die tweede plek het hy aanbeveel dat pogings aangewend moes word om Stevens te oorreed om sy huur op te gee.[61]

Die/...

---

56. Vgl. <u>Res.</u> 1 Mrt. 1681: C5, pp. 18-22.
57. Die pag is telkemale aan hom toegeken.
58. Vgl. <u>Res.</u> 1 Mrt. 1681: C5, pp. 18-22.
59. <u>Mem. en Instr. der Commissarissen</u>: C700, p. 368.
60. <u>Ibid</u>., p. 369.
61. Vgl. <u>Res.</u> 1 Mrt. 1681: C5, pp. 21-22.

Die Politieke Raad het hierop verklaar dat die pagter volgens kontrak tot 1683 beheer van die plaas sou hê en dat niks aan die saak gedoen kon word nie. Dog na afloop van die pagtermyn sou die plaas nie weer op dieselfde voorwaardes verpag word nie, maar wel onder sulke voorwaardes wat die Kompanjie tot voordeel sou strek. (62) Simon van der Stel kan nie die volle blaam van die toestande dra nie, want hy het reeds op 28 Februarie 1681 voorgestel dat die Kompanjie self Rustenburg moes beheer en bewerk indien die pagter daartoe oorgehaal kon word om dié pag op te sê. Alhoewel dit misluk het, het hy tenminste 'n poging probeer aanwend om sake in die guns van die Kompanjie te beklink. (63)

Rustenburg het vir die volle pagtermyn in die hande van die pagter gebly, blykbaar omdat die Kompanjie nie 'n deel van die pagpenninge wou verloor nie. Die huurtermyn het op 30 April 1683 verstryk en voortaan sou die Kompanjie self volle beheer oorneem, onder voorwendsel dat hulle wou voorkom dat die Kaapse wynpagters „de marckt coomen te stellen." (64)

Die/...

62. Ibid., p. 21.
63. Vgl. Uitg. Br. 20 Mrt. 1681: C499, p. 762.
64. Vgl. Uitg. Br. 4 Junie 1683: C500, p. 405 en Res. 26 Julie 1683: C5, pp. 182-183.


Die Kompanjie het hierna redelike sukses met die wynbou op die plaas gehad, want in 1699 het die grootste wynoes van die Kaap van Rustenburg gekom, nl. $10\frac{1}{2}$ aam.(65) Hierna sou die plaas vir 'n hele aantal jare as 'n rusoord vir hooggeplaasde amptenare van die Kompanjie dien.

## D. DIE RONDEBOSCH- EN VALSBAAIPAG.

Na die opveiling van die Stellenboschpag in 1715, het die Politieke Raad besluit om ook 'n pag op Rondebosch, soos Rustenburg toe bekend gestaan het, in te stel. Hierdie pag sou egter nie die beheer van die plaas insluit nie, dog sou dieselfde vorm aanneem as die ander pagte, m.a.w. die voorreg om sekere dranksoorte binne 'n vasgestelde gebied te verkoop. Die Rondeboschpag is in 1716 vir die eerste keer by die Drosdy te Stellenbosch opgeveil. Die volgende voorwaardes sou geld:(66)

Dié/...

65. Vgl. Uitg. Br. 22 Mrt. 1699: C495, p. 268.
66. Hierdie voorwaardes is egter dié van 1727. Dié van 1714 tot 1726 ontbreek in die Kaapse Argief. Dit is te betwyfel of die eerste voorwaardes wesentlik van hierdie sou verskil het. Vgl. Pacht Conditiën: C671, pp. 25-28.



(i) Dié pag sou die verkoop van Kaapse wyne, Kaapse en ingevoerde brandewyne en gedistilleerde waters by die klein maat insluit.

(ii) Die pagter kon sy drank binne die volgende vasgestelde gebied verkoop: vanaf die huis agter die sog. „Roode blom" tot by die gewese huis van L. van Hof langs die Sout Rivier tot aan die limiete van Stellenbosch en Drakenstein.

(iii) Die pagter sou nie toegelaat word om ingevoerde brandewyne en gedistilleerde waters van die ingesetenes te koop nie, dog direk van die Kompanjie. Wanneer die Kompanjie egter geen voorrade gehad het nie, sou hy toegelaat word om dit elders in te koop.

(iv) Die pagter moes twee borge stel en sy pagpenninge in twee paaiemente betaal.

(v) Geen pagter sou toegelaat word om dié pag aan anige ander persoon sonder toestemming van die owerheid te verkoop nie. (67)

Die limiete van hierdie pag is in 1743 tot

Valsbaai/...

---

67. Hierdie laaste bepaling is egter reeds in 1717 bygevoeg en sou op alle drankpagte van toepassing wees. Vgl. Pl. 19 Okt./2 Nov. 1717: Kaapse Plb., ii, pp. 67-68.

Valsbaai uitgebrei, [68] want voortaan sou die Kompanjie se skepe as gevolg van die „quade mousson" in Valsbaai anker gooi, omdat dit daar baie veiliger was. [69] Die uitbreiding van dié gebied sou egter geen merkbare vermeerdering in die jaarlikse pagsom veroorsaak nie en sou naas die Stellenbosch- en Drakensteinse pag nie van enige noemenswaardige finansiële waarde vir die Kompanjie wees nie.

-----------oOo-----------

---

68. Vgl. <u>Pacht Conditiën</u>: C672, p. 193.

69. Kommissaris Heijns het reeds in 1699 die wenslikheid uitgespreek dat die skepe in Valsbaai moes anker. Vgl. <u>Dagregister</u>: 21 Feb. 1699: V.C.15, pp. 47-48.

# H O O F S T U K  I X.

## DIE OPVEILINGSPROSES.

Opveilingsproses word aangepas by hoeveelheid persele van elke pag. „Opslag" en „Afslag." Bonus. Vergelyking met openbare vendusies.

# H O O F S T U K   X.

## DIE OPVEILINGSPROSES.

Die wyse waarop die drankpagte opgeveil is, lewer 'n interessante kykie in die maatskaplike lewe aan die Kaap gedurende die bewind van die N.O.I.K. Hierdie publieke opveiling, nes met alle ander opveilings, het jaarliks groot skare getrek, trouens dit was een van die belangrikste gebeurtenisse en hoogtepunte van die jaar.

Aanvanklik is vanaf 1679 alle drankpagte apart in één perseel opgeveil. Vanaf 1699 word die wynpag egter en terselfdertyd ook die brandewynpag drie jaar later, in vier persele opgeveil, d.w.s. aan vier besondere persone. Ten opsigte van die wynpag is daar egter weer vanaf 1705 tot 1707 'n verandering aangebring; nadat die wynpag eers in vier besondere persele afsonderlik opgeveil is, is dit weer hierna gesamentlik as geheel opgeveil en hiermee is die so bekende „generaalpagter" stelsel gedurende die Van der Stel-kwessie-interim ingevoer. In 1707 is die vier-perseelstelsel weereens in gebruik geneem. Uiteindelik is die generaalpagter-stelsel weereens in 1734 in werking gestel en sou tot lank na 1752 toegepas word. Dit is dus duidelik dat dit slegs die wynpag is wat drie stadia t.o.v. die hoeveelheid persele wat opgeveil is, moes deurmaak.

Die opveilingsproses moes ook noodgedwonge by hierdie verandering so gewysig word, dat

dit daarby moes aanpas. Verder was die brandewynpag die enigste ander pag wat in dié opsig gewysig is, nl. dat dit ook van 170 in vier persele opgeveil is, terwyl die ander pagte deurgaans slegs in één perseel opgeveil is.

Die publieke opveiling van die pagte het altyd in die „vesting" van die Kasteel, op die laaste dag van Augustus plaasgevind tensy dié dag op 'n Sondag geval het. (1) Voor ~~1698~~ 1700 is die pagte om geen besondere rede op 31 Desember opgeveil, dog vanaf die begin van die agtiende eeu sou dit op hierdie datum geskied, omdat alle finansiële state van die Kompanjie dan afgesluit moes word en verder

> „ten einde dezelve naderhand in 't net geschreven en met 't vertrek van de Retour-vloot aan de Heren Bewindhebberen van deze Bloeijende Maatschappij in Holland behoorlijk gezonden zouden konnen worden." (2)

Om die mense aan te moedig om die verskillende pagte te koop, is 'n bonus (3) van 10 dukate vir elke pag of perseel, soos die geval mag wees, aan die hoogste bieder aangebied. Hierdie bonus sou egter slegs by die

„opslag"/...

---

1. Instruksies uit Batavia: Vgl. Ink. Br. 19 Jan. 1697: C423, p. 1. 31 Augustus het in die volgende jare op 'n Sondag geval: 1698, 1704, 1711, 1727, 1752.
2. Kolbe, Vol. ii, op. cit., p. 276.
3. Mentzel: „arrha" en Kolbe: „strykgeld" of „plokpenningen."

„opslag" van die pag aangebied word, d.w.s. wanneer die pag op dieselfde wyse opgeveil word as wat ons dit vandag by vendusies doen: die afslaer vra vir 'n bod en daarna styg die bedrag elke keer totdat geen hoër bod gemaak word nie. Die persoon wat die hoogste bod gemaak het, ontvang nou die bonus.

Hiermee is die saak egter nie afgehandel nie. Dieselfde pag is weereens opgeveil, en hierdie slag in „afslag," d.w.s. die eerste bod wat nou gemaak word, was baie hoër as die hoogste bod wat by „opslag" gemaak is. Die verskil is egter dat die bedrag nou elke keer kleiner gemaak is, d.w.s. daar is op die bedrag „afgeslaan." Hierdie metode was hoogs voordelig vir die Kompanjie, want die bona fide koper het elke oomblik gevrees dat iemand anders „mijn!" sou uitroep en daarmee 'n groter bedrag aanbied as wat hy self wou gedoen het. Wanneer geen persoon 'n hoër prys aangebied het by die tweede opveiling nie, d.w.s. by „afslag," moes die koper van die primêre stadium „om schande en spot voor te komen," sy vorige bod met tenminste fl verbeter, of só lank wag totdat by „afslag" weer dieselfde prys bereik is as wat by „opslag" aangebied is.[4] Om die proses van „opslag" en „afslag" asook die bonus wat daarby aangebied is, beter te verduidelik, sal die

volgende/...

---

4. Kolbe, op. cit., ii, p. 277.

volgende tabel as uitstekende illustrasie dien. (5)

| PAGTE. | OPSLAG (BONUS ONTVANG) | AFSLAG (KOPER V. PAG) |
|---|---|---|
| Kaapse Koelwyne | G. Meijnhuijsen f 9,050 | F. Russouw f10,050 |
| Vaderlandse Dranke | G. Meijnhuijzen f3,000 | F. Russouw f 4,160 |
| Brandewyne, ens. | G. Meijnhuijsen f14,750 | S. Vermeij f15,125 |

Uit die tabel kan dus afgelei word dat sommige persone 'n uiters winsgewende besigheid daarvan gemaak het om die bonus van elke pag in te palm. So is dit dan ook duidelik dat G. Meijnhuijsen in 1694 met die opveiling van aldrie bog. pagte die bonus ontvang het, omdat hy by „opslag" elke keer die hoogste bod gemaak het. Dit het egter selde gebeur dat 'n persoon in sy ywer om die bonus te bekom, té hoog gebie het, terwyl dit nie sy doel was om die pag aan te neem nie en daar by „afslag" geen hoër bod as syne gemaak is nie. Dog wanneer dit wel gebeur het, „he would make himself the laughing stock of the place, the butt for everybody's jests." (6)

Met/...

---

5. Pacht Conditiën (1687-1714): C670, p. 219.
6. Mentzel, V.R.S.6, op. cit., p. 51.

Met die eerste oogopslag wil dit dus voorkom asof die persoon wat by „opslag" die hoogste bod gemaak het, geensins gebind was om die pag aan te neem nie. Teoreties was hy wel gebind, want nadat hy die bonus ontvang het, was hy verplig om 'n kontrak saam met twee borge te onderteken, dog prakties het hierdie kontrak wat hy onderteken het hom nie gebind nie, want die wettige koper is eers by „afslag" aangewys (tensy by „afslag" geen hoër prys aangebied is as by „opslag" nie; dit het selde of ooit voorgekom). Die kontrak wat die bonusontvanger onderteken het, word dus _ipso facto_ nietig verklaar nadat 'n ander persoon by „afslag" die pag gekoop het. Om finaliteit te behaal, is die koper nou verplig om 'n nuwe kontrak saam met twee borge te onderteken.

Tot dusver is die prosedure beskryf wat toegepas is by die pagte wat as geheel opgeveil is; aanvanklik dus al die pagte tot 1699 en 1703 onderskeidelik toe die wynpag en die brandewynpag in vi r persele opgeveil is. Dog in werklikheid sou die wyse van opveiling van hierdie twee pagte (in vier persele) in wese dieselfde wees as die opveiling van 'n pєg as geheel. Die enigste verskil is dat elke perseel afsonderlik as 'n geheel opgeveil is net soos dit reeds beskrywe is - elke perseel het sy eie bonus gehad, asook 'n nuwe koper (dit het egter dikwels gebeur dat één persoon meer as een perseel gekoop het). Die volgende tabel sal duidelik illustreer hoe die „opslag-" en „afslag-" metode by die vier-perseelpag toegepas is en wanneer 'n persoon

die/...

die bonus ontvang het. (7) Die persone wie se name genoem word, is die wat die bonus ontvang het teen die pryse wat hulle by „opslag" aangebied het (tabel 1); in tabel 2 word die pryse weergegee wat by „afslag" ingelei is (d.w.s. die eerste prys waarmee nou begin is) terwyl tabel 3 die pryse weergee waarvoor die persele elk gekoop is.

| PAG. | ONTVANGER V. BONUS. | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|
| Kaapse wyne | 1e perseel D. Hiebner | f4,000 | f30,000 | f7,550 |
| | 2e " B. Elberg | f6,000 | f30,000 | f7,500 |
| | 3e " B. Elberg | f6,700 | f30,000 | f8,000 |
| | 4e " B. Elberg | f6,800 | f30,000 | f8,000 |
| Brandewyne, arak ens. | 1e perseel B. Elberg | f3,500 | f25,000 | f9,000 |
| | 2e " B. Elberg | f5,200 | f25,000 | f9,500 |
| | 3e " B. Elberg | f6,100 | f25,000 | f9,000 |
| | 4e " D. Hiebner | f5,000 | f25,000 | f6,200 |

Uit hierdie tabel blyk dit dus weereens dat sekere persone hulle dit ten doel gestel het om soveel bonusse moontlik te bekom. So het B. Elberg dan uit bog. agt persele wat opgeveil is, nie minder nie as ses keer die bonus ontvang.

Vir die periode 1734 tot 1752, wat as die generaal-pagtertydperk bekendgestaan het, was die

seksionele/...

7. Res. 30 Aug. 1794: C106.

seksionele (d.w.s. die vier persele) afhandeling van die Kaapse wynpag eintlik die primêre stadium. Kom ons veronderstel dat die totale som geld van al vier persele wat by „afslag" aangebied is f30,000 beloop het. Die afslaer het nou bekend gemaak dat die Politieke Raad nie gewillig was om dié pag teen so 'n belaglike lae prys van die hand te sit nie. Hierna is weer „opslag" en „afslag" toegepas by die opveiling van die wynpag as geheel. Hierdie keer is weer 'n bonus van 20 dukate aangebied. Die „opslag" van die pag as geheel vorm nou die primêre stadium in die finale bedryf en hierna word die finale stadium bereik wanneer dit in „afslag" opgeveil word. By altwee stadiums van hierdie laaste proses moet die bonusontvanger sowel as die koper 'n kontrak saam met twee borge onderteken, dog soos reeds beskrywe, is die kontrak van die bonusontvanger *ipso facto* nietig wanneer 'n ander persoon die pag teen 'n hoër prys gekoop het. Die rede vir hierdie dubbele kontrak opstellery was om sekuriteit vir die Kompanjie te verseker. Teoreties sou die bonusontvanger ook pagter geword het indien daar by „afslag" geen hoër prys aangebied is nie.

Wanneer die monopolistiese beleid van die Kompanjie en die gepaardgaande strewe na maksimumpryse in aanmerking geneem word, is dit duidelik waarom so 'n omslagtige proses van opveiling toegepas is. Die „opslag" en „afslag" metode was, soos reeds beskrywe, uiters winsgewind vir die Kompanjie en hulle sou op

elke/...

elke moontlike wyse probeer om hulle inkomste te vergroot.

Mentzel gee vir ons 'n realistiese beskrywing van hoe die hele opveilingsproses afgeloop het. Op die aangewese dag tussen 8 en 9 uur die oggend,

> „the court messenger traverses the principal streets of the town, armed with a brass plate and a drum stick and makes frequent audible reference to his presence by beating the brass plate and announcing that the lease will be put up for auction at 9 a.m." (8)

Nadat die klok vir 'n geruime tyd gelui is, verskyn die burgers en inwoners wat moontlik belang by die verpagting kon hê. Aan hulle word op onkoste van die Kompanjie wyn, bier, brandewyn en tabak ryklik bedien,

> „om hen aan te moedigen, om zich in d' een of d' ander pagt in te laten, en met eene halve roes de Zwaarhoofdigheid, wegens den last, dien zich op den hals halen en 't gevaar, dat zij lopen, te benemen." (9)

Mentzel/...

---

8. Mentzel, O.F. - Description of the Cape, V.R.S.6, p. 50.
9. Kolbe, op. cit., ii, p. 276.

Mentzel gee dan ook vir ons 'n volledige beskrywing van hoe sake voor die opveiling in die voorportaal van die Kasteel verloop:-

> „The ante-chamber by this time is packed with a motley throng of would-be lessees, curious sight-seers, and gentry who are fond of a good drink free of charge." (10)

Hy gaan verder deur die bedrywighede en die trakteerdery te beskrywe:-

> „During the whole forenoon lavish hospitality is dispensed; slaves are seen hurrying to and fro with pipes and live coals, with bottles of Constantia wine, imported beers and liqueurs, with platters of cake, bisants, pastry and other confectionery." (11)

Dit is 'n heel aanskoulike toneel wat geskilder word:-

> „The genuine buyers in this crowd seem to be least concerned about what is going on but are calmly smoking, dawdling, and chatting gaily with their friends. Yet withal their ears are well attuned, their thoughts concentrated on the main object; thus their chatter is more mechanical than real, and their retorts often pointless, for their minds are elsewhere." (12)

Op/...

---

10. Ibid.
11. Ibid.
12. Ibid.

Op bevel van Here XVII is die Goewerneur en die hele Politieke Raad verplig om die geleentheid by te woon. (13)

Nadat die voorwaardes van die besondere pag deur die klerk van die Politieke Raad voorgelees is, neem die hofbode sy plek in in die oop ingang tussen die wagkamer en die hoofsaal, en kondig aan dat die Politieke Raad gewillig is om 'n besondere pag op te veil. Hy kondig verder aan dat die som van 10 dukate as bonus, na die hoogste bieder van elke pag of perseel soos die geval mag wees, sal gaan. (14)

Hierna volg 'n realistiese beskrywing van hoe die werklike opveiling plaasvind:-

> „There follows an appreciable pause - a hesitancy and backwardness on the part of the spectators, while the auctioneer extols the value of the lease in question until somebody bids - say f4,000. Bidding now becomes brisk until let us suppose f6,500 is offered as the highest bid and, as is usual with auctions, the auctioneer dwells upon this bid "going once!" "Going twice!" "Going for the third and last time!" until he knocks it down provisionally at that figure." (15)

Die persoon wat die hoogste bod gemaak het ontvang nou die bonus waarvan hy tenminste een dukaat

aan/...

---

13. Kolbe, op. cit., ii, p. 276.

14. Kolbe stel hierdie bonus („Strykgeld") - „Arrha," op 10 Rds. vas.

15. Mentzel, V.R.S.6, op. cit., p. 51.

aan die afslaer na gewoonte oorhandig. Nadat die provisionele koper 'n buiging voor die Politieke Raad gemaak het, neem hy weer sy sitplek in „and partakes in the good cheers offered him ..... "(16) Hierna is die „afslag-" metode toegepas.

Die verskillende drankpagte is altyd in dieselfde volgorde opgeveil: die moutbierpag is eerste opgeveil, daarna die brandewynpag, dan die Vaderlandse drankpag, die Kaapse wynpag, Rondebosch- en Valsbaaipag en heel laaste die Stellenbosch- en Drakensteinse pag.

Die opveiling van die pagte en publieke vendusies het min of meer dieselfde eienskappe gehad. In die platteland het so 'n vendusie gewoonlik gepaard gegaan met vry etes en selfs verblyf vir die nag. Die warm etes het gewoonlik uit 'n dis van geel rys en rosyntjies bestaan, vandaar die „vendutie rys" en later die „begrafnis rys," wanneer daar ook ten tye van 'n begrafnis 'n groot eetmaal gegee is.

> „Less than a century ago the announcement of a sale stated that not only would there be a good glass of wine, with lots of brandy and plenty of tea and coffee for the ladies, but last and not least a dance in the evening, accompanied by a band of music which will

be/...

---

16. Ibid.

> be brought from Cape Town expressly for the occasion." (17)

En nog meer,

> „Bargains were as a rule to be picked up and the inducement of free wine and tobacco, no doubt attracted many, even those who had no intention of buying." (18)

Dieselfde stelsel van „opslag" en „afslag" is gebruik en by die eerste stadium, soos een skrywer dit uitdruk: „The bidder in the first instance did not intend to make the purchase, but rather to increase the final sum," [19] en verder om die „strykgeld" of bonus te ontvang, wat dan ook in die advertensie van die vendusie genoem is, „naturally tended to bring many to the sale and also enhanced the purchase price." [20]

In die geval waar twee persone by „afslag" gelyk „mijn!" uitgeroep het, moes die bystanders by meerderheidsbesluit aanwys wie die koper was. [21]

Die opveiling van die pagte en die publieke vendusies toon dus duidelike ooreenkomste, en in die 17e en 18e eeu was dit gebruiklik dat man en muis by so 'n opveiling teenwoordig was.

---

17. Botha, G. - Social Life in Cape Colony, p. 98.
18. Ibid.
19. Ibid., p. 99.
20. Ibid.
21. Ibid.

## BESLUIT EN SAMEVATTING.

Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dit dus baie duidelik dat die drankpagstelsel 'n direkte weerspieëling is van die monopolistiese beleid van die Kompanjie en die daarmee gepaardgaande strewe na die verkryging van direkte winste. Die Kompanjie wou hom ontlas van die kleinhandelverkope van dranksoorte en aanvanklik is die voorreg om drank by die klein maat te verkoop aan bevoorregte herbergiers gegee, waarna dit weer in die hande van gelisensieerde tappers, wat nog steeds direk bevoordeel is, berus het.

Die Kaapse ingesetenes wat van hierdie winsgewende handel verstoke was, het begin pleit om groter seggenskap. Gevolglik is dit ten voordele van die Kompanjie goedgeag om die pagte vanaf 1679 in die publiek op te veil, waardeur een en almal die voorreg sou hê om 'n pag te koop. Verskillende veranderinge is hierna aan die pagvoorwaardes aangebring, wat hoofsaaklik daarop gemik was om die Kompanjie se jaarlikse inkomste te vergroot. Die Kompanjie het gewoonlik in hierdie doel geslaag, want vanaf die begin van die 18e eeu het die pagpenninge van die drankpagte die grootste bron van die jaarlikse inkomste uitgemaak.

-----------oOo-----------

BYLAAG (PRYSE WAARTEEN PERSONE PAGTE GEKOOP HET).

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1680 | H. Evertsz f200 | W. van Diedin f3,200 | Wed. Valckenrijck f1,900 | - | f 5,300 | - |
| 1681 | - | - | - | - | - | - |
| 1682 | H. Evertsz f425 | W. van Dieden f4,000 | J. Pretorius f900 | G. Eems en J. Marquart - | f 5,325 | - |
| 1683 | T. de Visser f400 | G. Victor f5,000 | G. Victor f1,300 | G. Eems f3,150 | f 9,850 | Vir 8 maande, dit is tot 31 Desember 1683. |
| 1684 | T.D. van Schalkwijck f400 | G. Victor f6,200 | G. Eems f1,150 | G. Eems en G. Victor f6,300 | f14,050 | - |
| 1685 | - | G. Eems f7,400 | J. Holsmith f1,000 | G. Eems en G. Victor f9,900 | f18,300 | - |
| 1686 | T.D. van Schalkwijck f1,900 | J. Dirxe f10,600 | G. Victor f1,900 | J. Dirxe f1,500 | f15,900 | - |
| 1687 | T.D. van Schalkwijck f2,000 | T.D. van Schalkwijck f2,500 | G. Eems f1,425 | G. Eems f2,200 | f 8,125 | - |
| 1688 | T.D. van Schalkwijck f1,650 | F.R. de Wit f11,500 | C.S. Botma f2,000 | J.D. de Beer f2,400 | f17,550 | - |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1689 | T.D. van Schalkwijck f1,250 | F.R. de Wit f14,100 | G. Victor f2,200 | G. Victor f2,125 | f19,675 | |
| 1690 | T.D. van Schalkwijck f2,000 | G. Victor f8,500 | J. van Straten f2,500 | G. Victor f2,900 | f15,900 | |
| 1691 | T.D. van Schalkwijck f2,100 | G. Meijhuijsen f3,500 | J. van Straten f4,100 | C.S. Botma f2,150 | f21,850 | |
| 1692 | J. de Beer f2,000 | G. Meijhuijsen f15,010 | F.R. de Wit f3,975 | G. Meijhuijsen f3,100 | f24,085 | |
| 1693 | T.D. van Schalkwijck + f2,000 | S. Vermeij f17,575 | F.R. de Wit f3,975 | G. Meijhuijsen f4,100 | f27,650 | + T.D. van Schalkwijck is toegelaat om die pag vir Moutbier te behou vir die volgende 4 jaar, teen dieselfde bedrag per jaar. |
| 1694 | - | S. Vermeij f15,125 | F.R. de Wit f4,160 | F.R. de Wit f10,050 | f29,335 (sonder Moutbier-pag. | |
| 1695 | - | F.R. de Wit f14,400 | G. Meijhuijsen f5,400 | S. Vermeij f12,800 | f32,600 | |
| 1696 | - | S. Vermeij f16,150 | J. Coetzee + f4,870 | J. Coetzee | f35,980 | + Vanaf dié jaar sou Spaanse wyne en „secq" tot die pag van Vaderlandse Dranke bygevoeg word. |
| 1697 | T.D. van Schalkwijck f3,400 | S. Vermeij en J. Phijffer - f14,400 | H. Mulder f4,800 | J. Vogel f13,325 | f35,925 | |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1698 | S. Vermeij f2,025 | J. Vogel f10,100 | H. Mulder f3,200 | S. Vermeij f11,150 | f26,475 | Die pagte sou slegs tot die einde van Aug. duur. Daarom die vermindering in pagpenninge. |
| 1698 + | H. Mulder f2,950 | S. Vermeij f15,375 | H. Mulder f3,940 | S. Vermeij f13,875 | f36,140 | + Die pagte is van nou af op 31 Aug. opgeveil en sou duur van 1 September tot die einde van Aug. die volgende jaar. |
| 1699 | R. Mensingh (1) f2,950 | S. Vermeij (2) f10,450<br>C. Loubser f 2,550 | J. Vogel f3,625 | 1. L. Adriaansz f5,800<br>2. J. Vogel f5,800<br>3. H. Bouman f5,825<br>4. J. Victor f5,875<br>f22,300 | f40,325 | (1) Die pag is nie opgeveil nie, maar sou vir die volgende 7 jr. aan dieselfde persoon toegeken word.<br>(2) S. Vermeij het die pag vir 6 maande gehad en toe het C C. Loubser die res by hom gekoop. |
| 1700 | R. Mensingh f2,950 | H. Mulder f6,000 | H. Mulder f1,570 | 1. J. Kruijwagen f10,700<br>2. J. Phijffer f10,400<br>3. J. Vogel f8,500<br>4. L. Adriaansz f8,700<br>f38,300 | f48,820 | |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1701 | R. Mensingh f2,950 | L. Adriaansz f2,500 | J. Phijffer f1,700 | 1. J. Phijffer: f5,600<br>2. J. Vogel: f5,700<br>3. J. Vooght: f5,650<br>4. J. Kotze: f5,500<br>f22,450 | f29,600 | |
| 1702 | Wed. Mensingh f3,000 | J. Phijffer f2,700 | S. Vermeij f1,930 | 1. J. Phijffer: f8,00<br>2. J. Kruijwagen: f9,100<br>3. P. van der Poel: f8,400<br>4. J. Phijffer: f8,500<br>f34,000 | f41,630 | |
| 1703 | Wed. Mensingh f3,000 | 1. J. Phijffer: f1,200<br>2. J. Gardieu: f1,420<br>3. G. Meijer: f1,400<br>4. J. Vogel: f1,420<br>f5,400 | S. Vermeij f1,500 | 1. J. Vogel: f9,800<br>2. J. Kruijwagen: f10,600<br>3. J. Phijffer: f10,200<br>4. H. Mulder: f 8,800<br>f39,400 | f49,340 | |
| 1704 | Wed. Mensingh f300 | 1. P. Meijer: f1,560<br>2. G. Meijer: f1,760<br>3. J. Phijffer: f1,750<br>4. J. Gardieu: f1,800<br>f6,810 | G. Doman f1,100 | 1. J. Phijffer: f9,500<br>2. J. Pijthius: f8,350<br>3. S. Vermeij: f7,100<br>4. J. Phijffer: f7,700<br>f32,650 | f47,560 | |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1705 | Wed. Mensingh<br>f2,000 | 1. J. Phijffer: f1,500<br>2. P. Meijer: f1,525<br>3. D. Heuske: f1,225<br>4. C. Meijboom: f1,100<br>f5,350 | H. Mulder<br>f1,200 | J. Phijffer +<br>f39,100 | f57,650 | + Met die eerste opveiling het J. Phijffer f9,000 vir elk van die eerste 3 persele aangebied, terwyl M. Leij f9,450 vir die 4de perseel aangebied het. |
| 1706 | J. Kruijwagen<br>f3,350 | 1. J. Phijffer: f1,800<br>2. P. Meijer: f1,860<br>3. C. Meijboom: f1,800<br>4. F. van der Lint: f1,870<br>f7,330 | H. Mulder<br>f1,300 | 1. D. Heuske: f9,300<br>2. J. Phijffer: f9,700<br>3. P. van der Westhuizen: f9,400<br>4. J. Pijthuis: f8,800<br>f37,200 | f49,180 | |
| 1707 | Wed. Mensingh<br>f2,750 | 1. P. Meijer: f2,400<br>2. J. Phijffer: f2,700<br>3. D. Heuske: f2,675<br>4. H. Eksteen: f2,725<br>f10,500 | F. van der Lint<br>f2,125 | 1. J. Phijffer: f9,025<br>2. P. Heins: f8,325<br>3. J. Pijthius: f8,400<br>4. D. Heuske: f7,950<br>f33,650 | f49,025 | |
| 1708 | Wed. Mensingh<br>f2,750 | 1. A. Hoesemans: f2,650<br>2. P. Meijer: f2,850<br>3. H. Eksteen: f3,000<br>4. H. Wendel: f3,000<br>f11,500 | H. Mulder<br>f2,000 | 1. A. Hoesemans: f8,800<br>2. J. Phijffer: f9,200<br>3. P. Heins: f8,900<br>4. J. Vogel: f8,000<br>f34,900 | f51,450 | |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1709 | Wed. Mensingh<br>f2,750 | 1. A. Hoesemans: f2,650<br>2. P. Meijer: f2,850<br>3. H. Eksteen: f8,000<br>4. H. Wendel: f3,000<br>f11,500 | J. Phijffer<br>f3,200 | 1. A. Hoesemans: f8,800<br>2. P. Heins: f8,500<br>3. J. Kruijwagen: 7,250<br>4. J. Pijthius: f6,525<br>f31,075 | f48,525 | |
| 1710 | Wed. Mensingh<br>f2,750 | 1. P. Meijer: f2,220<br>2. A. Hoesemans: f2,100<br>3. H. Eksteen: f1,875<br>4. J. Phijffer: f1,700<br>f7,895 | J. Pijthius<br>f3,100 | 1. S. Vermeij: f7,850<br>2. H. Eksteen: f8,350<br>3. P. Heins: f9,000<br>4. M. Leij: f10,000<br>f35,200 | f48,945 | |
| 1711 | Wed. Mensingh<br>f1,600 | 1. P. Meijer: f2,230<br>2. H. Eksteen: f2,290<br>3. A. Hoesemans: f2,200<br>4. G. Meijer: f2,250<br>f8,970 | J. Phijthius<br>f2,000 | 1. A. Hoesemans: f7,710<br>2. G. Frisnet: f6,400<br>3. G. Meijer: f5,610<br>4. H. Mulder: f5,520<br>f25,240 | f37,810 | |
| 1712 | Wed. Mensingh<br>f2,000 | 1. P. Meijer: f3,000<br>2. G. Meijer: f3,325<br>3. H. Eksteen: f3,900<br>4. A. Hoesemans: f4,000<br>f14,225 | J. Pijthius<br>f3,125 | 1. A. Hoesemans: f7,800<br>2. H. Eksteen: f7,760<br>3. G. Frisnet: f7,900<br>4. P. Heins: f7,700<br>f28,160 | f47,510 | |
| 1713 | R. Steenbok<br>f2,500 | 1. H. Eksteen: f3,375<br>2. A. Hoesemans: f3,725<br>3. J. Steyn: f3,725<br>4. J. Rogier: f3,525<br>f14,350 | - | 1. P. Morckel: f10,400<br>2. P. Heijns: f10,700<br>3. H. Eksteen: f10,450<br>4. A. Hoesemans: f11,350<br>f42,900 | f59,750 | |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | TOTAAL. | OPMERKINGS. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1714 | R. Steenbok<br>f2,000 | 1. J. Steijn: f3,700<br>2. H. Eksteen: f4,350<br>3. A. Hoesemans: f4,300<br>4. P. v.d. Poel f4,150<br>f16,500 | N. Gockelius<br>f1,600 | 1. A. Hoesemans: f10,150<br>2. P. Morkel: f10,400<br>3. J. Pijthius: f10,700<br>4. H. Eksteen: f 9,575<br>f40,825 | f60,925. | |
| 1715 | R. Steenbok<br>f2,000 | 1. H. Eksteen: f3,325<br>2. J. Steijn: f3,100<br>3. A. Hoesemans: f3,200<br>4. C. Rasp: f2,600<br>f12,225 | P. Oortmans<br>f1,050 | 1. H. Eksteen: f7,910<br>2. A. Hoesemans: f7,800<br>3. R. Steenbok: f6,400<br>4. P. v.d. Poel: f6,510<br>f28,620<br>STELLENBOSCH.<br>J. Bothma: f820 | f44,715 | |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYN. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH. | DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH. (RUSTENBURG). | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1716 | J. Schenk<br>f2,010 | 1. H. Eksteen f2,900<br>2. A. Hoesemans f2,910<br>3. C. Meijboom f2,900<br>4. J. Kruijwagen f2,850<br>f11,560 | A. Hoesemans<br>f1,600 | 1. A. Hoesemans f7,500<br>2. H. Eksteen f7,250<br>3. B. Wiese f7,300<br>4. C. Jansz f6,400<br>f28,450 | C. Jansen<br>f3,300 | C. Maasdorp<br>f1,550 | J. Vrij<br>f350 | f48,820 |
| 1717 | R. Steenbok<br>f2,000 | 1. A. Hoesemans f2,600<br>2. H. Eksteen f2,150<br>3. J. Spoor f1,500<br>4. J. Kruijwagen f1,700<br>f8,000 | C. Valk<br>f2,500 | 1. A. Hoesemans f7,250<br>2. H. Eksteen f6,900<br>3. J. Mijburgh f6,300<br>4. C. Loubser f5,150<br>f25,100 | J. Botma<br>f2,800 | H. Conterman<br>f180 | C. Maasdorp<br>f1,500 | f39,630 |
| 1718 | R. Steenbok<br>f2,500 | 1. H. Eksteen f1,700<br>2. A. Hoesemans f1,700<br>3. J. Kruijwagen f1,500<br>4. M. v. Lijpsigh f1,300<br>f6,200 | F. de Swart<br>f2,450 | 1. A. Hoesemans f5,500<br>2. H. Eksteen f5,400<br>3. J. Mijburgh f5,000<br>4. I. Esser f4,600<br>f20,500 | J. Botma<br>f3,600 | S. Datis<br>f300 | A. Hoesemans<br>f1,250 | f36,800 |
| 1719 | - | 1. H. Eksteen f1,600<br>2. A. Hoesemans f1,600<br>3. M. v. Lijpsigh f1,600<br>4. H. de Vries f2,000<br>f6,800 | C. Valk<br>f2,500 | 1. H. Eksteen f5,400<br>2. A. Hoesemans f6,000<br>3. I. Esser f5,950<br>4. J. Mijburgh f6,000<br>f23,350 | Wed. C. Botma<br>f2,030 | S. Datis<br>f460 | C. Maasdorp<br>f1,300 | f36,440 |
| 1720 | R. Steenbok<br>f2,000 | 1. A. Hoesemans f2,100<br>2. H. Eksteen f1,650<br>3. M. v. Lijpsigh f1,650<br>4. I. Esser f1,600<br>f7,000 | J. van Bochem<br>f2,200 | 1. H. Eksteen f5,100<br>2. A. Hoesemans f5,100<br>3. J. Esser<br>4. H. Eksteen f4,100<br>f18,600 | Wed. C. Botma<br>f1,050 | H. Palmer<br>f120 | C. Maasdorp<br>f1,000 | f31,970 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH (RUSTENBURG). | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1721 | F. Steenbok<br>f2,000 | 1. A. Hoesemans f1,800<br>2. M. v. Lijpsigh f1,425<br>3. I. Esser f1,400<br>4. Jan Spoor f1,225<br>f5,850 | J. van Bochem<br>f2,100 | 1. A. Hoesemans f6,000<br>2. M. v. Lijpsigh f3,450<br>3. Melt v.d. Spuij f3,600<br>4. I. Esser f3,750<br>f16,800 | Stellenbosch: Wed. Botma: f950<br>Drakenstein: ... Scheffer: f30<br>f980 | C. Feijt<br>f600 | f28,330 |
| 1722 | R.F. Steenbok<br>f2,000 | 1. A. Hoesemans f2,300<br>2. I. Esser f2,200<br>3. M. v.d. Spuij f2,600<br>4. M. v. Lijpsigh 3,000<br>f10,100 | J. van Bochem<br>f2,400 | 1. A. Hoesemans f7,100<br>2. M. v.d. Spuij f7,050<br>3. I. Esser f7,100<br>4. Jan Z. Beck f7,400<br>f28,650 | M. v.d. Spuij<br>f650 | N. Gockuins<br>f1,550 | f45,350 |
| 1723 | R.F. Steenbok<br>f2,000 | 1. C. v. Donslaar f4,000<br>2. J.Z. Beck f3,000<br>3. M. v.d. Spuij f2,700<br>4. M. v. Lijpsigh 2,525<br>f12,225 | J. van Bochem<br>f2,200 | 1. C. v. Donslaar f4,000<br>2. J.Z. Beck f6,500<br>3. M. v.d. Spuij f5,600<br>4. I. Esser f5,000<br>f24,100 | H. Conterman<br>f1,600 | J.Z. Beck<br>f1,250 | f43,375 |
| 1724 | R.F. Steenbok<br>f1,500 | 1. J.Z. Beck f2,600<br>2. M. v.d. Spuij f2,400<br>3. M. v. Lijpsigh 2,250<br>4. H. v. Dijk f3,150<br>f10,400 | J.J. Stokvliet<br>f3,350 | 1. J.Z. Beck f6,400<br>2. H. v. Dijk f6,500<br>3. M. v.d. Spuij f6,100<br>4. M. v. Lijpsigh 6,300<br>f25,300 | I. Esser<br>f1,450 | C. Maasdorp<br>f1,200 | f43,200 |
| 1725 | C. Feijt<br>f1,550 | 1. J.Z. Beck f2,200<br>2. J. v. Rheenen 1,950<br>3. M. v.d. Spuij f2,025<br>4. H. v. Dijk f2,075<br>f8,250 | J. Rogier<br>f6,000 | 1. J.Z. Beck f6,500<br>2. J. Stokvliet f6,700<br>3. H. v. Dijk f6,700<br>4. M. v.d. Spuij f6,400<br>f26,300 | C. Maasdorp<br>f1,600 | F. Buurman<br>f2,250 | f45,950 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH EN VALSBAAI. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1726 | C. Feijt<br>f1,600 | 1. Z. Beck f3,200<br>2. J. Stokvlier f3,600<br>3. J. Heuske f3,700<br>4. H. v. Dijk f3,600<br>f14,100 | J. Stokvliet<br>f4,500 | 1. Stokvliet f9,000<br>2. J. Heuske f9,300<br>3. Z. Beck f9,525<br>4. H. v. Dijk f9,800<br>f37,625 | C. Wolf<br>f2,000 | A. Lever<br>f725 | f60,550<br>f60,550 |
| 1727 | Wed. M. Feijt<br>f1,400 | 1. Z. Beck f2,100<br>2. J. Stokvliet f2,500<br>3. J. Heuske f3,850<br>4. M. v. Lijpsigh f2,025<br>f10,475 | J. Stokvliet<br>f5,000 | 1. Z. Beck f7,200<br>2. J. Stokvliet f8,100<br>3. P. Joubert f6,900<br>4. J. Heuske f6,650<br>f28,850 | H. Conterman<br>f900 | J. v. Helsdingen<br>f800 | f47,425 |
| 1728 | Wed. M. Feijt<br>f1,400 | 1. J. Stokvliet f2,400<br>2. J. Heuske f2,800<br>3. W. van As f2,625<br>4. M. v.d. Spuij f2,500<br>f10,325 | J. Stokvliet<br>f4,500 | 1. J. Stokvliet f6,500<br>2. M. v.d. Spuij f6,400<br>3. J. Roux f6,100<br>4. J. Heuske f5,925<br>f24,925 | H. Conterman<br>f650 | J. v. Helsdingen<br>f850 | f42,650 |
| 1729 | G. Opperman<br>f1,325 | 1. J. Beck f3,200<br>2. Wed. Stokvliet f3,000<br>3. J. Heuske f3,500<br>4. M. v.d. Spuij f3,100<br>f12,800 | Wed. Stokvliet<br>f4,700 | 1. J. Beck f8,000<br>2. J. Heuske f7,900<br>3. Wed. Stokvliet f8,000<br>4. M. v.d. Spuij f7,000<br>f30,900 | H. Conterman<br>f625 | H. Eversdijk<br>f1,600 | f51,950 |
| 1730 | G. Opperman<br>f1,300 | 1. J. Heuske f1,125<br>2. Wed. Stokvliet f1,125<br>3. M. v.d. Spuij f1,100<br>4. A. Lever f700<br>f4,050 | C. Boetendag<br>f4,050 | 1. Wed. Stokvliet f3,700<br>2. M. v.d. Spuij f3,250<br>3. J. Heuske f3,050<br>4. H. v. Wijk f2,600<br>f12,600 | H. Conterman<br>f850 | H. v. Holzum<br>f750 | f23,600 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH EN VALSBAAI. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1731 | G. Opperman<br>f1,200 | 1. A. Lever f1,400<br>2. M. v.d. Spuij f1,300<br>3. J. v.d. Swijn f1,350<br>4. H. v. Dijk f1,275<br>f5,325 | J. v.d. Swijn<br>f5,100 | 1. A. Lever f5,000<br>2. C. Boetendag f5,200<br>3. M. v.d. Spuij f5,300<br>4. H. v. Dijk f5,750<br>f21,250 | H. Conterman<br>f1,060 | J. Sprangel<br>f825 | f34,760 |
| 1732 | G. Opperman<br>f1,300 | 1. J. v.d. Swijn f1,600<br>2. A. Lever f1,700<br>3. M. v.d. Spuij f1,750<br>4. J. v.d. Swijn f1,950<br>f7,000 | J. v.d. Swijn<br>f5,400 | 1. J. v.d. Swijn f5,700<br>2. A. Lever f5,660<br>3. M. v.d. Spuij f5,300<br>4. J. v.d. Swijn f5,700<br>f21,760 | H. Conterman<br>f680 | J. v. Helsdingen<br>f520 | f36,660 |
| 1733 | G. Opperman<br>f1,200 | 1. C. Boetendag f2,600<br>2. H. v. Dijk f1,150<br>3. W. Raams f1,375<br>4. A. Lever f2,600<br>f7,725 | C. Boetendag<br>f6,700 | 1. C. Boetendag f6,750<br>2. J. v.d. Swijn f6,100<br>3. A. Lever f5,700<br>4. H. v. Dijk f2,800<br>f21,350 | H. Conterman<br>f500 | H. v. Dijk<br>f360 | f37,835 |
| 1734 | C. Boetendag<br>f1,350 | 1. N. Backer f1,300<br>2. J. v. Swijn f1,375<br>3. J. Marshoorn f1,550<br>4. J. Marshoorn f2,600<br>f6,825 | C. Boetendag<br>f7,000 | A. Lever<br>f32,000 | I. Martensz<br>f800 | J. Sprangel<br>f650 | f48,625 |
| 1735 | C. Boetendag<br>f1,700 | 1. I. Maartensz f1,825<br>2. A. Leever f1,525<br>3. C. Hartmansdorph f1,850<br>4. C. Boetendag f2,050<br>f7,250 | M. Lentz<br>f5,550 | A. Lever<br>f36,600 | J. le Roux<br>f1,375 | H. Eversdijk<br>f750 | f53,225 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH EN VALSBAAI. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1736 | D. Laurik<br>f2,900 | 1. J. v.d. Swijn f1,600<br>2. I. Maartensz f1,710<br>3. J. v.d. Swijn f1,725<br>4. J. v.d. Swijn f2,200<br>f7,235 | J. Beck<br>f7,550 | J. v.d. Swijn en I. Maartensz<br>f32,500 | J. le Roux<br>f700 | C. Boetendag<br>f900 | f51,285 |
| 1737 | H. Honk<br>f1,120 | 1. J. Schreuder f1,500<br>2. J. v.d. Swijn f1,400<br>3. I. Maartensz f1,200<br>4. A. Lever f1,225<br>f5,325 | A. Lever<br>f4,100 | J. v.d. Swijn en C. Boetendag<br>f25,000 | J. le Roux<br>f350 | C. Boetendag<br>f400 | f36,295 |
| 1738 | H. Honk<br>f1,125 | 1. J. v.d. Swijn, f1,800<br>2. J. Schreuder f2,000<br>3. J. Schreuder f1,500<br>4. C. Rabe f1,500<br>f6,800 | I. Maartensz<br>f3,500 | C. Boetendag<br>f30,500 | J. le Roux<br>f400 | C. Boetendag<br>f400 | f42,725 |
| 1739 | H. Honk<br>f1,000 | 1. J. v.d. Swijn f1,800<br>2. J. Hiebner f1,800<br>3. J. Holst f1,600<br>4. J. Schreuder f1,750<br>f6,950 | J. v.d. Swijn<br>f6,050 | I. Maartensz en J. Holst<br>f29,500 | M. le Roux<br>f300 | H. Honk<br>f550 | f96,800 |
| 1740 | H. Honk<br>f750 | 1. J. Holst f1,950<br>2. J. v.d. Swijn f2,100<br>3. A. Lever f2,650<br>4. A. Lever f3,550<br>f10,250 | I. Maartensz<br>f5,000 | A. Lever<br>f24,725 | M. le Roux<br>f150 | J. Munnik<br>f600 | f41,475 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH EN VALSBAAI | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1741 | H. Honk<br>f800 | 1. J. Holst f1,700<br>2. A. Lever f1,700<br>3. J. Holst f1,800<br>4. J. Schreuder f2,000<br>f7,200 | J. Holst<br>f3,800 | J. v.d. Swijn<br>f28,400 | M. le Roux<br>f225 | H. Honk<br>f950 | f40,875 |
| 1742 | H. Honk<br>f800 | 1. J. Holst f2,350<br>2. J. Hiebner f2,800<br>3. M. Pentz f1,370<br>4. J. Holst f1,125<br>f7,645 | J. Holst<br>f3,225 | J. Holst<br>f29,125 | M. le Roux<br>f150 | H. Honk<br>f250 | f41,195 |
| 1743 | H. Honk<br>f900 | 1. J. Schreuder f2,250<br>2. M. Pentz f2,725<br>3. A. Lever f2,800<br>4. J. Holst f2,100<br>f10.175 | J. Holst<br>f2,350 | A. Lever<br>f20,100 | M. le Roux<br>f175 | J. de Waal<br>f900 | f34,600 |
| 1744 | H. Honk<br>f1,200 | 1. J. Hiebner f1,400<br>2. A. Lever f1,400<br>3. M. Pentz f1,450<br>4. J. Holst f1,100<br>f5,350 | M. Pentz<br>f2,350 | A. Lever<br>f23,000 | Wed. Bernard<br>f200 | J. Munnik<br>f650 | f32,750 |
| 1745 | H. Honk<br>f1,000 | 1. M. Pentz f1,700<br>2. J. Hiebner f1,850<br>3. J. Schreuder f1,925<br>4. M. Pentz f1,600<br>f7,075 | M. Pentz<br>f2,525 | A. Lever, J. v.d. Swijn en M. Pentz<br>f23,350 | J. Smal<br>f200 | J. Munnik<br>f1,250 | f35,400 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH EN VALSBAAI. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1746 | A. Lever<br>f1,425 | 1. J. Hiebner f1,425<br>2. M. Pentz f1,450<br>3. J. Schreuder f1,500<br>4. J. Holst f1,050<br>f5,425 | M. Pentz<br>f3,050 | A. Lever, J. v.d. Swijn en M. Pentz<br>f19,150 | J. le Roux<br>f225 | E. Webener<br>f1,050 | f30,325 |
| 1747 | H. Honk<br>f825 | 1. J. Hiebener f1,300<br>2. M. Pentz f1,200<br>3. J. Schreuder f700<br>4. M. Pentz f625<br>f3,825 | A. Lever<br>f1,450 | A. Lever<br>f19,150 | J. le Roux<br>f175 | M. Pentz<br>f1,100 | f26,525 |
| 1748 | H. Honk<br>f850 | 1. M. Pentz f1,625<br>2. J. Schreuder f2,600<br>3. B. Deeld f1,450<br>4. J. Hiebner f1,050<br>f6,725 | M. Pentz<br>f1,800 | J. Holst<br>f19,900 | B. Zaijman<br>f150 | E. Webener<br>f975 | f30,400 |
| 1749 | Wed. H. Honk<br>f900 | 1. J. Hiebner f1,750<br>2. J. Holst f2,050<br>3. J. Holst f2,450<br>4. J. Schreuder f2,700<br>f8,950 | J. Holst<br>f2,525 | J. Holst<br>f19,000 | G. Kemp<br>f250 | A. Lever<br>f1,525 | f33,150 |
| 1750 | A. de Nijs<br>f900 | 1. J. Schreuder f2,500<br>2. J. Deele f2,400<br>3. J. Deele f2,070<br>4. J. Holst f2,550<br>f9,525 | A. Lever<br>f2,400 | J. Holst<br>f22,000 | J. Holst<br>f100 | M. Pentz<br>f825 | f35,750 |

| JAAR. | MOUTBIER. | BRANDEWYNE. | VADERLANDSE DRANKE. | KAAPSE WYNE. | STELLENBOSCH EN DRAKENSTEIN. | RONDEBOSCH EN VALSBAAI. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1751 | A. de Nijs<br>f900 | 1. J. Hiebner f1,825<br>2. B. Deele f2,200<br>3. J. Holst f2,000<br>4. J. Schreuder f2,100<br>f8,125 | D. Frank<br>f2,500 | J. Hiebner<br>f20,000 | F. Luijt<br>f125 | A. Lever<br>f1,300 | f32,950 |
| 1752 | A. de Nijs<br>f1,025 | 1. J. Hiebner f3,150<br>2. J. Hiebner f3,625<br>3. J. Hiebner f3,950<br>4. J. Hiebner f6,000<br>f16,725 | D. Frank<br>f3,500 | J. Holst<br>f24,300 | J. Greijling<br>f325 | J. Bruijns<br>f1,000 | f46,875 |

---------------oOo--------------

# BRONNE- EN LITERATUURLYS.

## I. ARGIVALE BRONNE.

## A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE.

## B. GEPUBLISEERDE BRONNE.

## KAAPSE ARGIEF, KAAPSTAD.

## IA. ONGEPUBLISEERDE BRONNE.

Dagregister van de Kaap de Goede Hoop, 1652-1752. C583-622 (en afskrifte van oorspronklikes wat makeer).

Generale Monsterrollen, 1701-1739. V.C. 40-42.

Gedrukte en andere stukken. C.806.

Inkomende Brieven, 1652-1752. C.409-453.

Instructie voor Commandeur Simon van der Stel door H.A. van Rheede (1685). C708.

Instructiën hier gelaten door Goewr.-generaal van Imhoff met Bijlagen, 1743. C.710-711.

Kladbriewe en Afskrifte. C.802.

Kladnotulen. C.113-114.

Memorie boekje der verpagtingen van 's lands inkomsten 1717-1743: C760 en (1744-1778): C761.

Memoriën en Instructiën. C700-703.

Memoriën en Rapporten. C291-310.

Origineel Placaat Boek, 1652-1795. C680-687.

Pachtconditiën. C670-677.

Rapporten der Commissarissen, 12 stukken, 1657-1764. V.C.36.

Rapporten en Instructiën der Commissarissen. C700-703.

Resolutiën, Raad van Politie, 1652-1752. C1-44.

Requesten/...

Requesten en Nominatiën, 1715-1752. C223-251.

Uitgaande Brieven, 1652-1752. C493-537.

## IB. GEPUBLISEERDE BRONNE.

Kaapse Argiefstukke: Kaapse Plakkaatboek, Dl. i (1652-1707), Persklaar gemaak deur Jeffreys, M.K. Kaapstad, 1944.

Kaapse Plakkaatboek, Dl. ii (1707-1753), Persklaar gemaak deur Naudé, S.D. Kaapstad, 1948.

Resolutiën van den Commandeur en Raden van Het Fort de Goede Hoop (1652-1662). Geregistreer deur Leibbrandt, H.C. Vos. Kaapstad, 1898.

## II. PERIODIEKE PUBLIKASIES EN MANUSKRIPVERHANDELINGE.

Böeseken, A.J., Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap (1657-1700). M.A.-verhandeling: Stellenbosch. 's-Gravenhage, 1938.

Böeseken, A.J., Die Nederlandse Kommissarisse en die 18e eeuse samelewing aan die Kaap. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1944. Kaapstad, 1945).

Dagverhaal van Jan van Riebeeck (1652-1662), Vol. i, ii en iii. (Historisch Genootschap, Utrecht), Serie No. 39.

Hulshof, Dr. A., H.A. van Rheede tot Drakenstein, Journaal van zijn verblijf aan de Kaap. (Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap, Dl. 62, 1941).

Mentzel, O.F., African Cape of Good Hope. (Van Riebeeck Society, Vol. vi). Kaapstad, 1925.

Mentzel, O.F., A Geographical and Topographical description of the Cape of Good Hope. (Van Riebeeck Society, Vol. iv). Kaapstad, 1921.

Mentzel, O.F., *Life at the Cape in Mid-Eighteenth Century.* (Van Riebeeck Society, Vol. ii). Kaapstad, 1919.

Van Rijneveld, W.S. *Schets van de Staat der Kolonie 1805.* (Z.A. Tijdschrift, No. i, 1831).

## III. ALGEMENE LITERATUUR.

Barnard, Lady Anne. *South Africa a century ago.* (1797-1801). London, 1913.

Barrow, John., *Travels into the Interior of South Africa,* Vol. II. London, 1806.

Böeseken, A.J., Kruger, D.W., en Keiser, A., *Drie Eeue,* Vol. I. Kaapstad, 1952.

Bogaert, A., *Historische Reizen door d' oostersche Deelen van Asia.* Amsterdam, 1711.

Bolingii, F., *Oost-Indisch Reisboek.* (Uit Deens vertaal deur J. Visscher). Kopenhagen, 1678.

Botha, C.G., *Social Life in the Cape Colony.* Kaapstad, 1927.

Botha, G.C., *Place names in the District.* Kaapstad, 1917.

Bougenroeder, B.F., von. *Beknopt Berigt nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop.* Amsterdam, 1806.

Brink, C.F., *Nieuwste en Beknopte Beschrijving van de Kaap der Goede-Hope.* Amsterdam, 1778.

*Cambridge History of the British Empire,* Vol. VIII. Cambridge, 1936.

Christopher, Y.S., *Natal, Cape of Good Hope.* London, 1850.

Dampier, W., A new Voyage round the World, Vol. I. London, 1697.

De Boer, Dr. M.G., Van Oude Voyagiën. Amsterdam, 1923.

De Kock, M.H., The Economic Development of South Africa. London, 1936.

Diferee, H.C., De Geschiedenis van der Nederlandschen Handel. Amsterdam, 1908.

Dominicus, F.C., Het Huiselike en Maatschappelik Leven van de Zuid-Afrikaner. 's-Gravenhage, 1919.

Dominicus, F.C., Het Ontslag van W.A. van der Stel. Rotterdam, 1928.

Fairbridge, D., Historic Houses of South Africa. Kaapstad, 1922.

Fairbridge, D., Historic Farms of South Africa.

Fouché, L., Het Dagboek van Adam Tas. London, 1914.

Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika. Dl. I. Stellenbosch, 1942.

Green, L.G., Grow Lovely, Growing Old. Kaapstad, 1951.

Green, L.G., In the Land of Afternoon. Kaapstad, 1951.

Haantjes, Dr. J., Verkenner in Koopmansland. Amsterdam, MCMXLVI.

Hattersley, A.F., South Africa (1652-1933). London, 1933.

Hedendaagsche Historie of Tegenwoordige staat van Afrika. Amsterdam, 1763.

Hyma, A., The Dutch in the Far East. Michigan, 1942.

Karsten, M., The Old Company's Garden. Kaapstad, 1951.

Kock/...

Kock, J.H.M., *De Kaap als een nieuw Land.* Amsterdam, 1904.

Kolbe, P., *Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop*, Vol. I en II. Amsterdam, 1727.

*Korte Deductie van Willem Adriaan van der Stel.* (Druk en Datum onbekend).

Laidler, P.W., *A Tavern of the Ocean.* Kaapstad, 1926.

Laidler, P.W., *The Growth and Government of Cape Town.* Kaapstad, 1939.

Leipoldt, C.L., *Jan van Riebeeck.* Longmans, Green and Co., 1935.

Leipoldt, C.L., *300 Years of Cape Wine.* Kaapstad, 1952.

Leupe, P.A., *Rijkloff van Goens aan de Kaap de Goede Hoop, in 1657.* 's-Gravenhage, 1855.

Lock, N.K., *No wine for the Governor.* Kaapstad, 1948.

Lockyer, C., *An Account of the Trade in India.* London, 1711.

Molsbergen, E.C., *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck (1618-1677).* Amsterdam, 1912.

Molsbergen, E.C., *Reizen in Zuid-Afrika.* Vol. I, II, III. 's-Gravenhage, 1916.

Molsbergen, E.C. Godée., *Tydens de O.-I. Compagnie.* Amsterdam, 1932.

Mossop, E.E., *Old Cape Highways.* Kaapstad, 1927.

*Neutrale Gedagten over Korte Deductie.* (Druk en datum onbekend).

*Nieuwe Algemene Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop.* Amsterdam, 1777.

Olearius, M.A., *Beschrijving van de gedenkwaardige Zee- en Landt-Reijse deur Persien naar Oost-Indien.* Amsterdam, 1658.

Pelzer, A.N., Jan van Riebeeck (1618-1677). Pretoria, 1944.

Saint-Pierre, J.H.B., A Voyage to the Island of Mauritius. (Vertaal uit Frans deur J. Parish). London, 1775.

Sparman, A., Reize naar de Kaap de Goede Hoop. Amsterdam, 1787.

Spilhaus, W., The First South Africans. Juta and Kie., Bpk., 1949.

Stavorinus, J.S., Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, Dl. ii. Leyden, 1793.

Strangman, E., Early French Callers at the Cape. Juta en Kie., Bpk., 1936.

Theal, G. McCall., History and Ethnography of South Africa before 1795. Vol. i, ii en iii. London, 3e druk.

Theal, G. McCall., William Adrian van der Stel and other Historical sketches. Maskew Miller, 1913.

Thunberg, C.P., Travels in Europe, Africa and Asia. (1770-1779). Vol. I en II. London, 1795.

Trotter, A.F., Old Cape Colony (1652-1806). Maskew Miller Bpk., Kaapstad (geen datum).

Valentijn, F., Oud en Nieuw Oost-Indien. Vol. V. Amsterdam, 1726.

Van der Merwe, J.P. Die Kaap onder die Betaafse Republiek. (1803-1806). Amsterdam, 1926.

Van der Walt, A.J., Wiid, J.A., en Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, Dl. I en II. Kaapstad, 1951.

Van Tonder, I.W., Van Riebeeck se Stad. Wynberg, 1950.

Vizetelly/...

Vizetelly, Henry., *The Wines of the World*. London, 1875.

Wilmot, A., *History of the Colony of the Cape of Good Hope*. Juta, Kaapstad, 1869.

------------oOo------------

U.O.V.S—U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
Biblioteek- ary